`n Geskiedenis van die Rooms-Katolieke Kerk van Stellenbosch, 1948-1994

deur
Nienke Joy Osborne

Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad van
Magister in Geskiedenis
in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die
Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Prof Wessel P. Visser

Desember 2023

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verklaring

Deur hierdie proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie ingedien het nie.

Datum: Desember 2023

Kopiereg © 2023 Stellenbosch Universiteit
Alle regte voorbehou

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Opsomming

Die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika is alombekend in akademiese literatuur. Alhoewel daar heelwat werke oor die Katolieke Kerk gedurende die apartheidsera gepubliseer is, bestaan daar egter min publikasies spesifiek oor hierdie kerk in Stellenbosch. Dié studie is dus 'n poging om die gaping te vul en by te dra tot die dorps- en kerkgeskiedenis, asook tot die Afrikaanse literatuur oor die Rooms-Katolieke Kerk.

Hierdie studie is 'n historiese analise van die sosio-ekonomiese en politieke impak wat die Rooms-Katolieke Kerk op Suid-Afrikaanse gemeenskappe gehad het, en spesifiek op haar bruin gemeenskap op Stellenbosch in die periode van apartheid tussen 1948 en 1994. Die invloed van die drie apartheidswette naamlik, die Groespgebiedewet (1950), die Wet op Bantoe-onderwys (1953) en die Wysigingswet van Inheemse Wette (1957), sal ondersoek word om te bepaal hoe dit die ontwikkeling van die Rooms-Katolieke Kerk in die bruin gemeenskap en die drie Stellenbosse gemeentes Sint Nikolaas, Sint Markus en All Saints beïnvloed het.

Daar word ook gekyk hoe die beeld van die kerk met die verloop van tyd verander het en om die mate van transformasie wat die kerk ondergaan het, te ontleed. Alhoewel die Katolieke Kerk eers taamlik laat in die tydperk van apartheid die regering en sy raswette begin opponeer het, het die kerk wel tot 'n voorstander van die vryheidstryd getransformeer. Die argument word dus gemaak dat die betrokkenheid en ontwikkeling van die Katolieke Kerk op Stellenbosch ten gunste van die bruin gemeenskap was.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Abstract

The Roman Catholic Church in South Africa during the years of apartheid has been discussed extensively in academic literature. Although many sources are available on the Catholic Church, limited information is available on the Roman Catholic Church of Stellenbosch. This study is therefore an attempt to address this gap and contribute to South Africa's church and town history as well as Afrikaans literature.

This dissertation is a historical analysis of the socio-economic and political impact of the Roman Catholic Church on a South African community, more specifically on the "Coloured" community of Stellenbosch in the period 1948-1994. The influence of three apartheid laws namely, the Group Areas Act of 1950, the Bantu Education Act of 1953 and the Black Laws Amendment Act of 1957 will be examined to determine to what extent the laws influenced the development of the Catholic Church in Stellenbosch. The laws will also be discussed with relation to the three Stellenbosch churches, namely Saint Nicholas, Saint Marks and All Saints to ascertain the establishment and development of these chruches in the "Coloured" community.

This study essentially examines how and to what extent the image of the church has transformed throughout the years. Although the Catholic Church's initial reaction to apartheid was delayed and non-responsive, the church has transformed through the course of the apartheid years, to advocate for freedom. This dissertation therefore argues that the involvement and development of the Catholic Church in Stellenbosch was beneficial to the "Coloured" community.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bedankings

“Jy is moody as jy stress” het Brigetta, my werkgewer, vir my een Donderdagoggend gesê. Ek is dus oneindig dankbaar vir almal wat my deur hierdie skryfproses gehelp het en my gemoedstoestand moes hanteer. Ek wil my dank aan my Hemelse Vader uitspreek wat my deur hierdie studie gedra het. Ek wil ook my besonderse dank aan my ouers uitspreek, wat altyd reggestaan het met ’n koppie koffie en ’n boksie Astros. Ek is dankbaar vir my kollegas Brigetta en Jonathan, se morele ondersteuning en ook my vriende se oneindige aanmoediging op hierdie akademiese reis.

Dankie vir elke argief, biblioteek en instelling wat hulle deure vir my oopgemaak het. Ek het ’n groot waardering vir die Rooms-Katolieke Kerk van Stellenbosch en haar gemeente, wat my altyd verwelkom het met ’n glimlag en ’n inspirerende storie. Dankie vir julle bydrae tot hierdie studie.

Ek is opreg dankbaar vir die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se finansiële ondersteuning in hierdie verband en die aanmoediging om hierdie studie in Afrikaans te kon doen. Daarby wil ek die Universiteit van Stellenbosch en die Departement Geskiedenis bedank vir die geleentheid om hierdie studie voort te sit. Ek wil ook my waardering teenoor my studieleier, Professor Wessel Visser uitspreek, wie se geduld, moeite en ondersteuning fundamenteel was tot die sukses van hierdie studie. Ek is regtig bevoorreg om met iemand van hierdie kaliber te werk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Lys van figure

Figuur 1: Die *padrão* struktuur

Figuur 2: Hiërargie van die Rooms-Katolieke Kerk

Figuur 3: Sketsplan van die Kromme Rivier-erf

Figuur 4: Foto van Sint Nikolaas

Figuur 5: Foto van Albert Nolan op Sint Markus-altaar.

Figuur 6: Foto van Sint Markus

Figuur 7: Foto van All Saints

Figuur 8: ’n Funksie by Sint Markus, Rooms-Katolieke Kerk

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Inhoudsopgawe

Verklaring i

Opsomming ii

Abstract iii

Bedankings iv

Lys van figure v

Inhoudsopgawe vi

Hoofstuk 1:
Voorafstudie en Rasionaal 1

1.1 Inleiding: konseptuele vertrekpunte en teoretiese uitgangspunte 1

1.2 Literatuuroorsig 4

1.3 Fokus, probleemstelling en navorsingsvraag 11

1.4 Doelwitte en teoretiese vertrekpunte 14

1.5. Navorsingsontwerp en -metodes 14

1.6 Struktuur en inhoudsbeskrywing van verhandeling 15

Hoofstuk 2:
Die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika 17

2. 1 ’n Kort historiese oorsig van die ontstaan en groei van die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika tot die 1950’s. 17

2.2 Politieke verwikkelinge wat ’n invloed op die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika gehad het: 1950’s tot 1970’s. 23

2.3 Struktuur van die Rooms-Katolieke Kerk se hiërargie 28

2.4 Samevatting 31

Hoofstuk 3: ’n Kort historiese oorsig oor die ontstaan van ’n Katolieke Kerk op Stellenbosch tot die 1980’s. 32

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.1 Kort oorsig oor Stellenbosch se Rooms-Katolieke Kerk 32

3.2 Die oorsprong en ontwikkeling van bruin lidmate in die Stellenbosse Rooms-Katolieke Kerk: Die gemeentes van Sint Nikolaas, Sint Markus, en die All Saints-gemeente.....39

3.2.1 Sint Nikolaas.....40

3.2.2. St. Marks.....46

3.2.3. All Saints 50

3.3. Samevatting.....55

Hoofstuk 4 :

Die Rooms-Katolieke Kerk in aksie in die bruin gemeenskap 57

4.1 Inleiding 57

4.2 Die rol en bydrae van die kerk tot die gemeenskap 57

4.2.1. Die Rooms-Katolieke Kerk en Afrikaans.....57

4.2.2. Die Rooms-Katolieke Kerk en skoolonderrig op Stellenbosch.....60

4.2.3 Die Rooms-Katolieke Kerk en tersiêre onderwys op Stellenbosch.....71

4.2.4 Voorbeelde van Katolieke gemeenskapsbetrokkenheid op Stellenbosch.....73

4.2.5 Die Rooms-Katolieke Kerk in ’n veranderende samelewing 81

4.3 Samevatting.....84

Hoofstuk 5:

Die Stellenbosse Rooms-Katolieke Kerk en die pad na transformasie en versoening.....86

5.1 Inleiding 86

5.2 Rooms-Katolieke betrokkenheid op nasionale vlak.....87

5.2.1 Rooms-Katolieke leierskapsbetrokkenheid en die swart vryheidstryd.....89

5.2.2 Die Rooms-Katolieke Kerk en die Swart Bewussynsbeweging.....92

5.2.3 Die Rooms-Katolieke Kerk en inter-kerklike samewerking in die anti-apartheidstryd 93

5.3 Die Rooms-Katolieke Kerk se betrokkenheid op Stellenbosch 98

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.4 Samevatting 102

Gevolgtrekking 104

Bronnelys 111

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 1: Voorafstudie en Rasionaal

1.1 Inleiding: Konseptuele vertrekpunte en teoretiese uitgangspunte

Kerkgeskiedenis is 'n belangrike fokusvertakking van geskiedenis in Suid-Afrika, omdat kerke as sosiale en geloofsinstansies oor groot invloed beskik om die samelewing as geheel, en spesifieke gemeenskappe, op 'n sosio-ekonomiese en politieke wyse te beïnvloed. Die voorgenoemde is veral prominent in die onstaan en bevordering van, en teenstand teen, apartheid. 'n Analise deur Masuku het bevind dat die kerke, tydens die periode 1948-1994, hoofsaaklik in drie groepe gedeel kon word met betrekking tot hulle openbare standpunt teenoor die operasionele en sistematiese beleid van apartheid. Die groepe geïdentifiseer deur Masuku is soos volg: (1) dié wat apartheid ondersteun het, (2) dié wat apartheid teengestaan het, en (3) dié wat 'n neutrale ("stille diplomasie") standpunt ingeneem het.[1]

In ooreenstemming met die analise van Masuku, het Ngcokovane, in sy ondersoek van die Nederduits-Gereformeerde Kerk (NGK) se konferensies van 1950 tot 1989, bevind dat verskeie prominente leiers en teoloë binne die NGK die operasionele en sistematiese beleid van apartheid ondersteun en verdedig het. In teenstelling met die aanvanklike openbare ondersteunende posisie van die NGK met betrekking tot apartheid gedurende die periode 1948-1994, was die hoofsaaklik Engelssprekende kerke sterk gekant teen apartheid. Die voorgenoemde kerke sluit in die Metodistekerk van Suidelike Afrika, die Presbiteriaanse Kerk van Suid-Afrika en die Anglikaanse Kerk van Suid-Afrika. Van hierdie kerke het die Anglikaanse Kerk van Suid-Afrika die sterkste posisie teen apartheid ingeneem. Die biskoppe van die Anglikaanse Kerk van Suid-Afrika het ook verder beklemtoon dat menseregte diep gewortel is in die Christelike dogma en daarom moes apartheid sterk veroordeel word.[2]

[1] J. L. de Gruchy, *The church struggle in South Africa,* David Philip, Cape Town, 1979, pp. 217-218; T. Masuku, "Prophetic mission of faith communities during apartheid South Africa, 1948-1994: an agenda for a prophetic mission praxis in the democratic SA", *Missionalia* 42, No. 3, 2014, p. 151.

[2] C. Ngcokovane, *The Demons of Apartheid. A moral and ethical Analysis of the N.G.K, N.P. and Broederbond's justification of Apartheid*, Skotaville Publishers, Braamfontein, 1989, p.180; T. Masuku, "Prophetic mission of faith communities during apartheid South Africa, 1948-1994", *Missionalia* 42, pp. 155-156.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kerke wat onder die Pinkster- of Evangeliese bewegings geval het, soos die Rooms-Katolieke Kerk, het aanvanklik 'n neutrale standpunt of "stille diplomasie", soos Masuku daarna verwys, ingeneem met betrekking tot apartheid in die genoemde periode. Verder wys Randall daarop dat die Rooms-Katolieke Kerk nie deel was van die Wêreld Raad van Kerke ("World Council of Churches") tydens die Cottesloe-beraad in 1960 nie. Dit dui daarop dat hulle aanvanklik 'n "stille diplomasie" benadering tot apartheid gehad het.[3] Hierdie "stille diplomasie" blyk duidelik uit 'n aanhaling deur De Gruchy: "Neither the Roman Catholic Church nor…have been in the forefront of the struggle against racism in South Africa until fairly recently. At least it may be more accurate to say that they have not been as visible in this regard as the English-speaking churches". Daar kan dus aangeneem word dat die Rooms-Katolieke Kerk nie aanvanklik kant gekies het ten opsigte van die apartheidsbeleid nie en die posisie van draadsitter ingeneem het. [4]

Die Rooms-Katolieke Kerk het drie verklarings uitgereik, onderskeidelik in 1952, 1957 en 1966, met betrekking tot rasse-verhoudings in Suid-Afrika. In al drie hierdie verklarings is die "stille diplomasie" benadering duidelik en selfs 'n weerspreking in die veroordeling van apartheid. In hierdie verklarings lyk dit asof die Rooms-Katolieke Kerk apartheid in hoofsaak veroordeel, maar in dieselfde asem stel hierdie kerk voor dat apartheid nie onmiddellik beëindig moes word nie, maar eerder oor tyd afgetakel moes word deur 'n stelselmatige proses van verandering, soos aangedui in die volgende aanhaling van die 1957-verklaring: "The condemnation of the principle of apartheid as something intrinsically evil does not imply that perfect equality can be established in South Africa by a stroke of the pen. There is nothing more obvious than the existence of profound differences between sections of our population which make immediate total integration impossible. People cannot share fully in the same political and economic institutions until culturally they have a great deal in common. All social change must be gradual if it is not to be gradual…It would be unreasonable, therefore, to condemn indiscriminately all South Africa's differential legislations…".[5]

[3] P. Randall, *Not without Honour: Tribute to Beyers Naude*, p. 1, quoted in Masuku, "Prophetic mission of faith communities during apartheid South Africa, 1948-1994", *Missionalia* 42, p. 158.

[4] De Gruchy, *The church struggle in South Africa,* p. 97.

[5] J. W Hofmeyr, *History of the church in South Africa: A document and source book,* University of South Africa, Pretoria, 1991, p. 211.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die aanvanklike "stille diplomasie" van die Rooms-Katolieke Kerk, met betrekking tot apartheid tussen 1948 en 1994, moet binne die volgende konteks gesien word. Eerstens moet die noue band tussen die Nasionale Party (NP) en die NGK nie misgekyk word nie, veral omdat daar sterk anti-Rooms-Katolieke elemente in die NGK was. Die Rooms-Katolieke Kerk was dus onder streng beheer van 'n hoofsaaklik Protestantse Suid-Afrikaanse regering. Tweedens, soos enige ander openbare instansie, is kerke onderhewig aan en beperk tot landswette. Gedurende die periode 1948-1994 was daar drie prominente wette met verreikende gevolge vir baie Suid-Afrikaners, naamlik die Groepsgebiedewet (1950), die Bantoe-onderwys Wet (1953) en die Wysigingswet van Inheemse Wette (1952).[6]

Hierdie wetgewing het groot implikasies vir die sosio-ekonomiese en politieke invloed en rol van kerke in Suid-Afrika ingehou, spesifiek ten opsigte van die aansien wat kerke in gemeenskappe gedurende apartheid gehad het. Die wette het bepaal wie waar kon woon, die uitbreiding van die kerk deur evangelisasie en dus ook tot watter kerke sekere groepe mense toegang kon hê, of nie. Verder het dit die stemreg en mag van bruinmense beïnvloed. [7]

Met bogenoemde inaggenome, is dit belangrik om die sosio-ekonomiese en politieke rol en impak van die Rooms-Katolieke Kerk op Suid-Afrika se dorpsgemeenskappe in die periode 1948-1994 te ondersoek. Soos gesê, was hierdie kerk onder streng beheer van 'n hoofsaaklik Protestantse Suid-Afrikaanse regering, met sterk anti-Rooms-Katolieke sentimente. Daarom was die kerk onderhewig aan bogenoemde wette wat grotendeels haar lidmaatskap bepaal het, asook die moontlike sosio-ekonomiese en politieke rol wat sy op die gemeenskap kon uitoefen. Die voorgenoemde is belangrik in die konteks van Stellenbosch, veral om die volgende twee redes. Eerstens, prominente intelligentsia van Stellenbosch het 'n belangrike en invloedryke rol gespeel in die ontstaansperiode van apartheid (1928-1948) wat sedert 1948 in 'n operasionele en sistematiese beleid omskep is. Tweedens is daar relatief min geskryf oor die Rooms-

[6] De Gruchy, *The church struggle in South Africa,* p. 97. Bruin- of Kleurlingmense, word deur die *Encyclopedia Brittanica* gedefinieer as individue van gemengde Europese (wit) en Afrika (swart) of Asiatiese herkoms, soos amptelik gedefinieer deur die Suid-Afrikaanse regering van 1950 tot 1991. In die vroeë 20ste eeu, is die term "Kleurling" aanvaar as 'n sosiale kategorie, eerder as 'n wettige benaming en het gedui op 'n status tussen die groep wat identifiseer as wit en die groep wat identifiseer as swart, https://omalley.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv01538/04lv01828/05lv01829/06lv01843.htm [Besoek op 14 Maart 2021].

[7] https://www.britannica.com/topic/Coloured [Besoek op 19 Junie 2021].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Katolieke Kerk en haar gemeenskap op Stellenbosch, soos aangedui in die historiografiese oorsig wat op hierdie afdeling volg.[8]

Die kerk se rol as 'n agent van transformasie en verandering is nie 'n nuwe perspektief nie, maar 'n fokus op die sosio-ekonomiese en politieke rol van die Roomse-Katolieke Kerk van Stellenbosch op haar gemeenskap tydens die era van apartheid, plaas 'n nuwe klem op die terrein van kerkgeskiedenis as 'n vertakking van geskiedenis in Suid-Afrika. Dit is derhalwe noodsaaklik om die oorsprong, ontwikkeling en groei van die Rooms-Katolieke Kerk op Stellenbosch te ondersoek, asook die rol en invloed wat hierdie kerk op haar gemeenskap in Stellenbosch uitgeoefen het gedurende die periode 1948-1994. Daarom poog hierdie studie om 'n historiese beeld te vorm van die aard van die sosio-ekonomiese en politieke impak wat die Rooms-Katolieke Kerk op Suid-Afrikaanse gemeenskappe gehad het, en spesifiek op haar gemeenskap in Stellenbosch, sodat die voordele of nadele van die kerk se teenwoordigheid in die gemeenskap aan die orde gestel kan word.

1.2 Literatuuroorsig

Gedurende die sewentigerjare van die apartheidsera het belangrike ontwikkelinge ten opsigte van die rol van die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika plaasgevind. In die boek *The Catholic Church in South Africa from its origins to the present day* skryf William Eric Brown en Michael Derrick oor die vroeë 1800's en die koms van katolisisme na die Kaap, uitgesluit die dorp Stellenbosch. Die boek bied 'n insiggewende en gedetailleerde verslag van die geskiedenis van die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika en is volgens die skrywers die eerste geskiedenis oor die kerk in Suid-Afrika en Namibië. Die teks behels meer inligting oor die kerk onder Portugese en Hollandse invloed voor 1837, asook 'n epiloog wat verdere ontwikkelinge vanaf 1922 tot en met die vroeë 1960's bespreek. Brown en Derrick skryf ook oor die groei van katolisisme onder swartmense, die opening van gemengde Katolieke skole en die breë kerklike ontwikkeling tydens die apartheidsera. Die boek bied 'n oorsig oor hoe politieke kwessies die kerk gedurende die eerste dekade van Nasionale Party-regering beïnvloed het. Die skrywe noem egter niks van die Katolieke Kerk op Stellenbosch nie, dus sal daar van die

[8] H. Giliomee, "The making of the apartheid plan, 1929-1948", *Journal of Southern African Studies,* 29, 2, 2003, p. 391.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

inligting gebruik gemaak word om 'n beter idee en begrip te kry oor die tydperk, die Kaapse omgewing en die groei en ontwikkeling van Katolieke in Suid-Afrika. [9]

In Philippe Denis se artikel, "The archives of the Catholic Church in South Africa", word onder andere die geskiedkundige ontwikkeling van die Katolieke Kerk in Suid-Afrika weergegee. Die artikel verduidelik dat die Rooms-Katolieke Kerk van Suid-Afrika, soos die Anglikaanse en Protestantse kerke, vir 'n lang tyd 'n kerk in die koloniale tydperk in Suid-Afrika was. Hierdie bron is wel beperk in informasie, maar die ontwikkeling van die kerk is belangrik vir die konteks en tydperk van die studie. Daar word agtergrond gee en die geskiedenis van die kerk word beklemtoon. [10]

Denis het ook 'n boek geskryf, genaamd *The Dominican Friars in Southern Africa (1577-1990). A Social History.* Hoofstuk drie van hierdie boek is waarskynlik die mees volledige studie oor die Stellenbosse Rooms-Katolieke Kerk tot dusver. Hierdie hoofstuk is egter breed en fokus meer op een aspek van Stellenbosch se ryk geskiedenis van die St Nicholas Priory, asook die Dominikaanse Huis van Studies wat hul deure in 1930 geopen het en weer in 1970 gesluit het. Denis se fokus is hoofsaaklik die Dominikaanse Orde en hul teenwoordigheid oor vier eeue in Suider-Afrika. Alhoewel die studie 'n breë veld dek, skryf hy ook oor die rasverdeelde Suid-Afrika en die reaksies op apartheid. Waar Denis 'n narratief oor die Dominikaanse broers in Suider-Afrika bied, poog hierdie studie om die gebeurtenis as beginpunt te gebruik en uit te brei deur te kyk na die kerkgeskiedenis van die Rooms-Katolieke Kerk op Stellenbosch, en nie slegs na een orde wat by die kerk aangesluit het nie. Die studie word dus nie beperk tot die Dominikaanse periode of hulle aktiwiteite nie, maar poog ook om die sosio-politieke aspekte te bespreek deur te kyk na apartheid, die apartheidswette en uiteindelik op die gemeenskap te fokus. [11]

'n Artikel deur Colin B. Collins en Roslyn R. Gillespie, "Catholic education in South Africa: A history of compromise and coincidence", fokus op die Rooms-Katolieke Kerk in die periode

[9] W. E. Brown & M. Derrick, *The Catholic Church in South Africa from its origins to the present day*, P. J. Kennedy & Sons, New York, 1960, p. 404.

[10] P. Denis, "The archives of the Catholic Church in South Africa", *ESARBICA Journal: Journal of the Eastern and Southern Africa Regional Branch of the International Council on Archives,* 37, 2018, pp. 138.

[11] P. Denis, *The Dominican friars in Southern Africa: a social history, 1577-1990,* Leiden, Brill, 1998, p. 100.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1954-1984. Die artikel bespreek hoe die kerk se skolebeleid en benadering tot politiek van posisie verander het. Die kerk het oorspronklik 'n baie meer sosiaal-georiënteerde standpunt ingeneem, maar ná 1954 is die besluit geneem om wit Katolieke skole vir alle rasse oop te stel. Sodoende het die kerk 'n rol van teenstand teenoor die regering en segregasie, en later teen apartheid, begin speel, waar beide segregasie en apartheid vorme van rasseskeiding is. Die artikel ondersoek dus die historiese en sosiale omgewing waar hierdie verandering plaasgevind het. Dit verduidelik die redes vir die verandering van standpunt en poog om die moontlike gevolge van hierdie verandering veral op die kerk in Suid-Afrika te voorspel. Die tydperk wat die artikel dek, val binne hierdie studie, dus word ondersoek ingestel waar en wanneer die golf van verandering ontstaan het, asook hoe en wanneer die golf Stellenbosch se gemeenskap getref het. [12]

In die boek, *The Catholic Church and apartheid, 1948-1957,* bespreek Garth Abrahams faktore wat 'n belangrike invloed op die Rooms-Katolieke Kerk gedurende die tydperk gehad het. Hy ondersoek in besonder die reaksie en benadering van die Katolieke Kerk op die wetgewing van die NP-regering tussen 1948 en 1957. Die NGK het byvoorbeeld die invloed van die Rooms-Katolieke Kerk as die sogenaamde "Roomse gevaar" beskou en die benadering van laasgenoemde was om hierdie sekulêre perspektief te versag. Die implementering van apartheidsbeleid, soos die Wet op Bantoe-onderrig van 1953, het die Katolieke Kerk finaal oortuig om 'n alternatiewe en meer pro-aktiewe benadering te volg. Die boek hersien dus die dekade na 1948 waar die kerk se benadering teenoor apartheid verander het en sy haarself ten gunste van die bevrydingstryd geposisioneer het. Hierdie navorsingstudie sal ook poog om ondersoek in te stel na die reaksie en benadering van die kerk op die apartheidwetgewing in die bruin gemeenskap van Stellenbosch binne die afgebakende tydperk van 1948 tot 1994. Dit sal dus duidelik word hoe die Katolieke Kerk op Stellenbosch besluit het om 'n alternatiewe benadering te oorweeg.[13]

Op 'n uitnodiging van die Southern African Catholic Bishops Conference (SACBC), het 'n groep kenners, onder andere Joy Brain en Philippe Denis as redakteurs, *The Catholic Church in contemporary Southern Africa* geskryf. Die boek poog om die Rooms-Katolieke Kerk in 'n

[12] C. B Collins and R. R. Gillespie, *Catholic education in South Africa: A history of compromise and coincidence*, Association for the Study of Religion in Southern Africa, Pietermaritzburg, 1994, pp. 40-41.

[13] G. Abrahams, *The Catholic Church and apartheid, 1948-1957*, Ravan Press, Johannesburg, 1990, pp. 49-52.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kontemporêre Suid-Afrikaanse konteks te analiseer. Die boek neem 1951 as vertrekpunt, weens die Rooms-Katolieke sendingkerk wat gedurende die tweede helfte van die 20ste eeu op die been gebring is. Die besluit is ondersteun deur 'n pouslike verklaring, die *Suprema Nobis* van 11 Januarie 1951, wat 'n kerklike hiërargie in Suider-Afrika tot stand gebring het. Vier ekklesiastiese provinsies is op die been gebring, naamlik Kaapstad, Pretoria, Durban en Bloemfontein, met die Metropolitaanse Aartsbisdomme in elke sentrum as beheerliggame. Die provinsies is opgedeel in sestien bisdomme met 'n biskop aan die hoof van elkeen. Hierdie boek illustreer die konteks van gebeure en beklemtoon belangrike besluite in die geskiedenis wat gevolglik die verloop van sake in die Rooms-Katolieke Kerk beïnvloed het. Die konteks is daarom belangrik vir die toutologie, asook die voorafgaande gebeurtenisse wat uiteindelik gelei het tot hul posisie en siening. Verder dek die boek 'n breë spektrum van onderwerpe, onder andere aspekte van kerklike lewe, politiek en spiritualiteit, maar weens die breë oorsig van elke afdeling, gaan baie besonderhede ongelukkig verlore. [14]

Kerkhistorikus Andrew Prior poog in sy boek *Catholics in Apartheid Society* om die Rooms-Katolieke Kerk binne die breër konteks van die apartheidsamelewing te verstaan. Die boek fokus op probleme in die Rooms-Katolieke Kerk in die 1980's en wys daarop hoe hierdie probleme hul oorsprong in die 1950's gehad het. Die sentrale tema is dat die besonderse aard van die Suid-Afrikaanse gemeenskap 'n unieke situasie verteenwoordig het en dus probleme vir die Rooms-Katolieke Kerk geskep het. Daar word voorgestel dat die ontwikkeling van die Katolieke opposisie teenoor apartheid nie verband hou met die politieke en sosiale ontwikkeling wat in die breër gemeenskap plaasgevind het nie. Die argument word aangevoer dat 'n verdeling ten opsigte van ras in die Rooms-Katolieke Kerk in kontemporêre Suid-Afrika waarneembaar is.[15]

Verskeie kerkhistorici se werk ondersteun egter nie die argument van Andrew Prior nie soos John De Gruchy wat poog om die rol van die Christelike kerke in Suid-Afrika te analiseer in sy sosiale kerkgeskiedenis, *The church struggle in South Africa*. Hy verduidelik dat die verhaal van die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika demonstreer hoe geloof direk verband hou met die sosio-politieke geskiedenis van die land. Die boek bevraagteken die kerk se posisie en invloed in die politiek, maar noem ook dat politiek en die kerk in noue verband tot mekaar

[14] Brown & Derrick, *The Catholic Church in South Africa from its origins to the present day*, pp. 330-331.

[15] A. Prior, *Catholics in apartheid society*, David Philip, Cape Town, 1982.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

staan. Daar word aandag gegee aan die spanning tussen die sogenaamde setlaarkerk en die sendingkerk en die ontwikkeling van twee aparte, outonome kerke – een vir wittes en een vir swartes. De Gruchy beklemtoon die feit dat die Rooms-Katolieke Kerk nie op die voorgrond van die stryd teen apartheid was nie, of altans nie so prominent soos ander Engels-georiënteerde kerke nie. Alhoewel die Katolieke kerkhiërargie sterk gekant was teen apartheid, blyk daar ’n onwilligheid onder wit Katolieke te gewees het om hierdie siening te volg. Die resultaat was spanning binne die kerk self.[16]

Cedric Mayson lewer in sy boek, *A certain sound: the struggle for liberation in Southern Africa*, kommentaar oor hoe die Rooms-Katolieke Kerk ’n groter impak gehad het as enige ander Christen-kerk deur middel van betogings, leerstellings en optrede teenoor apartheid. Mayson stel dit dat die kerk ’n behoefte aan bevryding gehad het en dat daar ’n fundamentele skakel tussen die struktuur van die gemeenskap en die struktuur van die kerk bestaan. Die vraag ontstaan egter tot watter mate die kerk die struktuur van die gemeenskap reflekteer. Die inhoud fokus op die verhouding tussen die kerk en die gemeenskap. Die standpunt word gestel dat die kerk nie “buite” of “bo” die gemeenskap gesien kan word waarin dit geplaas en bestuur word nie. Hierdie studie beaam die stelling en ondersoek dus die gemeenskap se verhouding in verband met die kerk.[17]

In `n PhD-proefskrif verklaar Lois Law "An analysis of the socio-political role of the Roman Catholic Church in contemporary South Africa" dat bestaande literatuur oor die rol van die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika yl en eerder beskrywend as analities is. Die studie analiseer die vorm en inhoud van die Rooms-Katolieke Kerk se posisie teenoor die apartheidsbeleid en praktyk gedurende die jare 1948 tot 1989. Die punt word gemaak dat die skeiding, spanning en weersprekings binne die kerk die sosiaal verskeurde aard van die breër samelewing reflekteer. Daar word beweer dat die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika in die konteks van haar koloniale, missionêre en rassistiese geskiedenis verstaan moet word, maar die uitdaging van die Swart Bewussynsbeweging word wel ook in die studie erken. Die blyk dat die kerk as ’n instelling idees weerspieël wat gelyktydig die dominante politieke sienings van die samelewing uitdaag en ondersteun. Law argumenteer uiteindelik dat die Rooms-Katolieke

[16] De Gruchy, *The church struggle in South Africa,* pp. 217-218.

[17] C. Mayson, *A certain sound: the struggle for liberation in Southern Africa*, Epworth Press, London, 1984, p. 112.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kerk die wit oorheersing van die Suid-Afrikaanse apartheidsamelewing uitgedaag het. Hierdie studie gebruik dus Law se argument as 'n navorsingaspek om 'n begrip van die kerk se rol te fasiliteer. [18]

Trapped in Apartheid: A Socio-Theological History of the English Speaking Churches, deur Charles Villa-Vicencio, beoordeel die geskiedenis van die Engelssprekende kerk in Suid-Afrika ten opsigte van haar houding teenoor apartheid en die apartheidbeleidsprosesse. Vila-Vicencio redeneer dat ware eenheid in die kerk slegs in 'n getransformeerde samelewing kan bestaan. Net soos Prior verklaar hy ook dat die kerk soos alle sosiale instellings onderworpe is aan geskiedenis, daarom poog sy studie om die karakter van die kerk in Suid-Afrika te verstaan en om die sosiale funksie daarvan in die sosio-ekonomiese en politieke ontwikkeling van die land te identifiseer. [19]

James Cochrane brei ook uit oor die kerk se stryd teen apartheid en apartheidsprosesse in sy hoofstuk, "Christian Resistance to Apartheid: Periodisation and Prognosis", in die boek *Christianity Amidst Apartheid*. Hy verklaar dat die kerk se stryd nie konstant was nie, maar dat dit verband gehou het met die werklikheid van die breër samelewing. Die rol van die kerk in enige plaaslike situasie moet nie apart beskou word van die gebeurtenisse wat plaaslik geskied nie, omrede die twee mekaar beïnvloed. Die kerk reflekteer nie net die samelewing waarvan sy deel is nie, maar ook die realiteit van die dominante sosiaal-politieke sisteem, daarom word die kerk deur sosiale konflik beïnvloed.[20]

Bogenoemde literatuur dui op gepubliseerde bronne oor die Rooms-Katolieke Kerk en haar reaksie op verandering in Suid-Afrika gedurende die apartheidsjare. Hierdie literatuur toon ook aan dat daar 'n teenstrydigheid onder sekere historici bestaan met betrekking tot die skakel tussen die kerk, spesifiek die Rooms-Katolieke Kerk, en die gemeenskap as geheel. Verder beskou hierdie literatuur die onderwerp oor katolisisme en apartheid vanuit verskillende

[18] L. Law, "An analysis of the socio-political role of the Roman Catholic Church in contemporary South Africa", Unpublished PhD dissertation, University of Cape Town, August 1991, pp. 15, 18 ; C. Mayson, *A certain sound: the struggle for liberation in Southern Africa*, p. 112.

[19] C. Villa-Vicencio, *Trapped in apartheid: A socio-theological history of the English-speaking churches*, Orbis Books, New York, 1988, p. 1.

[20] J. Cochrane, "Christian Resistance to Apartheid: Periodisation and Prognosis", in M.Prozesky, *Christianity Amidst Apartheid*, Palgrave Macmillan, London, 1990, pp. 24, 26.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

religieuse perspektiewe, maar nie vanuit die perspektief van Katolieke leke nie, alhoewel daar geargumenteer word dat daar 'n skakel en 'n wederkerige verhouding is tussen die Rooms-Katolieke Kerk en haar kerklike gemeenskap. Vervolgens word literatuur bespreek wat die perspektief van Katolieke leke ten opsigte van die kerk se reaksie tydens die apartheidsperiode belig.

Die doktorale studie van Alan C. Henriques, "The Catholic Church in the culture of Apartheid: the case of Catholic laity in Natal (1948-1965)", ondersoek die impak van die sosio-politieke stelsel van apartheid op gewone mense, of leke, in die kerk in Natal tussen 1948 en 1965. Die studie toon die wisselwerking tussen gebeure en hoe dit die gemeente in die Rooms-Katolieke Kerk in Natal beïnvloed het. Hierdie studie toon verder dat gewone Katolieke lidmate op 'n indirekte wyse op apartheid gereageer het en hoe die mentaliteit van die groep mense gevorm is deur hul mikro-omgewing binne die kerk en die samelewing. Binne hierdie omgewing is organisasies geskep wat gehelp het om 'n sosiale netwerk te vestig. Hieruit is die mentaliteit van apartheid bevestig of verwerp. Gedurende hierdie tydperk het die identiteit en rol van die gewone Katolieke kerkganger ook verander en daar was dus 'n nuwe manier om aanklank te vind by die geestelikes en die Katolieke hiërargie van die kerk in Suid-Afrika. Die sosiale orde van apartheid wat in die gemeenskap voorgekom het, is ook so in die Rooms-Katolieke Kerk van Natal gereflekteer.[21]

Daar bestaan dus heelwat publikasies oor die geskiedenis van die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika, veral oor die kerk se bydrae tot die bevrydingstryd, maar weinig is egter oor die Rooms-Katolieke Kerk op die dorp Stellenbosch geskryf. Die bestaande literatuur is nuttig in die sin dat dit die konteks, agtergrond en milieu skets van die oorsprong, ontwikkeling en uiteindelike transformasie van hierdie kerk in Suid-Afrika. Desnieteenstaande, is daar nog geen omvattende studie oor die rol wat die Rooms-Katolieke Kerk in die bruin gemeenskap van Stellenbosch gedurende die apartheidsjare gedoen nie. 'n Kort paragraaf in die boek *Stellenbosch Drie Eeue: amptelike gedenkbundel*, is onder andere van die min inligting wat beskikbaar is as daar gesoek word na die wordingsgeskiedenis van Stellenbosch. Die paragraaf noem slegs van die aankope van kerkgrond, asook die groei van lidmate in die Katolieke denominasie gedurende die 1940's. Die boek *In Ons Bloed*, saamgestel deur Stellenbosser

[21] A. C. Henriques, "The Catholic Church in the culture of Apartheid: the case of Catholic laity in Natal (1948-1965)", Unpublished PhD dissertation, University of KwaZulu -Natal, 1996.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hilton Biscombe, en die boek deur Hermann Giliomee, *Nog altyd hier gewees*, vorm ook deel van die beperkte literatuur wat beskikbaar is oor bruinmense van Stellenbosch. Dit laat dus 'n gaping in die kerkhistoriografie nie net plaaslik nie, maar in Suid-Afrika as geheel. Hierdie studie poog dus om die gaping te vul deur die bruin gemeenskap te beklemtoon en hulle verhaal na vore te bring. [22]

Alhoewel die jaar 1932 die vroegste datum is waar na die teenwoordigheid van die Rooms-Katolieke Kerk in die dorp verwys word, is die ontstaan van spesifiek die Stellenbosse Roomse gemeente tot op datum nog vaag, beperk en onbekend. Dit bring mee dat hierdie navorsing belangrik is, nie net vir die gemeente en dorp nie, maar ook om die leemte in die algemene kerkgeskiedenis te vul. Die historiografie oor die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika bevat dus leemtes en hierdie studie beoog om 'n unieke aspek van Suid-Afrika se sosiale en kerkgeskiedenis te ondersoek en aan te vul. Die studie sal die reaksie van die Katolieke kerk op Stellenbosch ten opsigte van sosio-politieke veranderinge ontleed, asook die rol van die kerk spesifiek in die bruin gemeenskap van Stellenbosch, om sodoende by te dra tot die dorp en hierdie kerk se geskiedenis aldaar.

1.3 Fokus, Probleemstelling en Navorsingsvraag

Met hierdie studie word gepoog om die gaping in die literatuur ten opsigte van die ontwikkeling en transformasie van die Rooms-Katolieke Kerk van Stellenbosch gedurende die apartheidsjare te vul en om ook die sosio-ekonomiese en politieke rol en invloed te bepaal wat die kerk in die Stellenbosse bruin gemeenskap gespeel het.

Die doel van hierdie studie is om die betrokkenheid van 'n spesifieke kerk, in 'n veranderende gemeenskap, naamlik die Suid-Afrikaanse gemeenskap, te beskryf. 'n Gemeente van 'n kerk word geplaas binne 'n spesifieke gemeenskap en vorm daarom deel van die gemeenskap. Die doel van die studie is om die hele Stellenbosse bruin gemeenskap onder oog te bring, selfs die wat nie noodwendig lid van die Katolieke Kerk was nie.

[22] F. Smuts, *Stellenbosch, Drie Eeue: amptelike gedenkbundel,* Stellenbosch Stadsraad, Stellenbosch, 1979, p. 271.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die aard van hierdie studie reflekteer die navorser se eie bewustheid oor ras, geloof en gemeenskap. Die navorser, N. Osborne, is self deel van die bruin gemeenskap, die Katolieke denominasie en woon binne die Stellenbosse munisipale gebied. Die navorser besit vooraf kennis van al drie aspekte wat die studie behels. Daarby het die navorser onder andere ook onderhoude vir die navorsing met twee familielede gevoer. Waar die navorser dus oor intieme kennis van die Stellenbosse bruin gemeenskap beskik om hierdie studie aan te pak, word dit juis met groot omsigtigheid benader weens die noue verbintenis met sommige ondervraagdes en moontlike konflik van belange wat daaruit sou kon voortspruit.

In hierdie studie word die term en rassegroep "swart", as 'n alomvattende generiese verwysing gebruik, wat nie-wit rassegroepe beskryf. Tensy anders verklaar en aangedui, sluit die term "swart" die rassegroepe bruin, swart en Indiër in. In enkele gevalle in hierdie studie word na die wit rassegroepe ook as "blank", "blankes" of "blanke bevolking" verwys. Waar die konteks en navorsing dit verlang, sal die rassegroep spesifiek geïdentifiseer word, soos in die geval van die bruin gemeenskap, of waar kerksyfers per rassegroep aangedui word. Ter wille van onderskeiding en om verwarring te voorkom, is dit dus soms noodsaaklik om rasseklassifikasie in hierdie studie te gebruik.

Gegewe die Groepsgebiedewet van die apartheidsera, sal die bruin gemeenskap geïdentifiseer word ten opsigte van die drie Rooms-Katolieke gemeentes: St. Nikolaas-, wat in die middedorp gesitueer is, St. Markus-, aan die voorkant van die Idasvallei-woonbuurt en die All Saints-gemeente, wat in die buurt Cloetesville geleë is. Die invloed van die Groepsgebiedewet (1950), die Wet op Bantoe-onderwys (1953) en die Wysigingswet van Inheemse Wette (1952) op die bruin en gemengde gemeente van Stellenbosch word bespreek.[23]

Die wette het gedwonge verskuiwings van nie-wit mense vanaf Stellenbosch-sentraal tot gevolg gehad. Die Rooms-Katolieke Kerk het dus nog 'n kerkgebou benodig in Idasvallei en later, toe 'n groep Cloetesville toe geskuif is, ook 'n derde kerkgebou. Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die St Nikolaas-gemeente in Stellenbosch sentraal gemeng was en dat daar na die instelling van die apartheidswette 'n bruin gemeente by St. Markus en All Saints tot stand gekom het. Met die bogenoemde in ag geneem, sal die verskil tussen die

[23] https://omalley.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv01538/04lv01828/05lv01829/06lv01843.htm [Besoek op 14 Maart 2021].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

drie kerke bespreek word, asook ander eienskappe wat hulle onderskei. Ondersoek sal ingestel word na hoe die bruin gemeenskap van die res van die Stellenbosse gemeenskap verskil en waar die teenwoordigheid van swartmense in die gemeenskap inspeel. [24]

Die terme Rooms-Katolieke Kerke, Katoliek Kerk en "die kerk" word ook uitruilbaar in die studie gebruik. Al drie verwys na een instelling. Gegewe ook die Katolieke milieu van hierdie studie, word Katolieke terme sover moontlik gebruik. Die unieke terme word verklaar in die voetnotas, waar toepaslik en die hiërargie van die kerk, wat ook klaring benodig, sal in hoofstuk twee uiteengesit word. Die gebruik van die terminologie as 'n konseptuele instrument, dra by tot die kwalitatiewe aard van die studie.

Die studie word beperk tot 'n periode sedert 1948, wat die begin van die apartheidsbewind kenmerk, tot en met die einde van apartheid in 1994, asook tot drie Stellenbosse Katolieke gemeentes, te wete die St. Nikolaas-, die St. Markus- en die All Saints-gemeentes, wat met die ontwikkeling van die kerk tot stand gebring is. Die geskiedenis en rol van die Rooms-Katolieke Kerk sal ook binne die konteks van apartheid en Stellenbosch se bruin gemeenskap ondersoek word.

Die interaksie tussen die gemeenskap en die kerk kan nie nagelaat word in die soeke om die betrokkenheid van die kerk in 'n veranderende gemeenskap te beskryf nie. In hierdie opsig sal gekyk word waar die bruinmense gesitueer was gedurende die genoemde periode, gegewe die uitwerking van die Groepsgebiedewet en die Wet op Afsonderlike Ontwikkeling en wat die kriteria is wat hulle as 'n gemeenskap gedefinieer het. Daar sal verder vasgestel word wat die rol van die kerk in die gemeenskap is, asook wat die invloed van die gemeenskap op die kerk was ten opsigte van transformasie en die dryffaktore daaragter. Alhoewel die politieke implikasies van apartheid alreeds deur verskeie Suid-Afrikaanse historici te boek gestel is, is die gevolge daarvan en hoe dit die lewens van die Stellenbosse Rooms-Katolieke Kerk en haar gemeentes geaffekteer het, nog grootliks onondersoek gelaat.

Die volgende navorsingsvrae sal tydens die ondersoek gestel word: Hoe het die Rooms-Katolieke Kerk op Stellenbosch tot stand gekom? Watter invloede en transformasie het die kerk gedurende apartheid (1948-1998) ondergaan ? Uiteindelik sal bepaal word of die Rooms-

[24] https://www.stellenboschcatholicchurch.org.za/index.php?p=26 [Besoek op 19 Junie 2021].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Katolieke Kerk van Stellenbosch ten gunste of ten koste van die plaaslike gemeenskappe ontwikkel het.

1.4 Doelwitte en Teoretiese vertrekpunte

Die doel van hierdie studie is om ondersoek in te stel na die rol van die Rooms-Katolieke Kerk van Stellenbosch gedurende die apartheidsjare, die transformasie van die kerk en hoe die bruin gemeenskap van Stellenbosch sosio-ekonomies en polities daardeur beïnvloed is. Die studie poog om die bogenoemde geskiedkundig te beskryf en te interpreteer.

Die studie poog om 'n breër en hernude perspektief en begrip van die rol van die Rooms-Katolieke Kerk in die gemeenskap en in 'n geestelike identiteitsformasie daar te stel, veral ten opsigte van Stellenbosch se historiese ontwikkeling wat teen die agtergrond van die Groepsgebiedewet plaasgevind het. Die studie verken 'n aspek van die rol en uiteindelike invloed van die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika gedurende apartheid. Daar word ook gefokus op die verhouding tussen die kerk en politieke instansies en die uitwerking daarvan op die plaaslike bruin gemeenskap.

1.5. Navorsingsontwerp en -metodes

Die studie berus op historiese navorsingsmetodologie. Die primêre bronne vir die studie behels private en kerkversamelings wat oor die Katolieke Kerk bestaan. Die afwesigheid van 'n formele kerkargief vir die Rooms-Katolieke Kerk van Stellenbosch was problematies in die ordening van argivale materiaal. Beperkte dokumentasie in die kerke se kluise is wel beskikbaar en belangrik vir hierdie studie. Primêre argivale dokumente in die volgende argivale bewaarplekke is ondersoek: die Wes-Kaap Argiefbewaarplek in Kaapstad, die Katolieke Kerkargief in Kaapstad, die dokumentasie beskikbaar by die Rooms-Katolieke Kerk op Stellenbosch, die NG Kerkargief, asook die VG Kerkargief op Stellenbosch en die biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch.

Sekondêre historiese werke is gebruik met die oog op 'n breë agtergrond en om bepaalde historiese gebeure in perspektief te plaas. Benewens die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek is ook die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika in Kaapstad en die Stellenbosse munisipale biblioteke besoek. Daar is ook grootliks gebruik gemaak van aanlyn-koerantartikels en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

plaaslike koerantartikels, soos die *Eikestadnuus* en *Die Matie* in die vorm van databasisse, uitdrukke en tekste wat beskikbaar is en wat relevant is tot die studie om die terrein van ondersoek te beskryf, te ontleed en histories te vertolk. Die internet is eweneens gebruik om toegang te verkry tot artikels en nuttige webtuistes wat verband hou met die studie. *The Southern Cross*, die amptelike Suid-Afrikaanse Katolieke weeklikse nuuspamflet en die Afrikaanse Katolieke koerant, *Die Brug*, is ook vir die tydperk van studie ondersoek.

Verder is semi-gestruktureerde onderhoude met bruin Rooms-Katolieke Kerklidmate van Stellenbosch gevoer. Die navorser is toestemming verleen om die respondente se name te gebruik. Hierdie onderhoude is ontleed deur middel van die "tematiese analise metode" om sodoende 'n perspektief te kry op die impak van die Rooms-Katolieke Kerk op bruin lidmate op Stellenbosch tot aan die einde van die apartheidsera. Tematiese analise beskryf die proses waar data ondersoek en bestudeer word om gemeenskaplike temas, dus onderwerpe, idees en patrone wat herhaaldelik opduik, te bekom. Die resultate van hierdie metode is vergelyk en gekorreleer met ander primêre bronne wat moontlik deur die bestaande kerkhistoriografie gedurende die era van apartheid geskep is. Uiteraard is alle navorsing wat deur middel van persoonlike onderhoude gedoen is eers deur die etiese klaringsproses goedgekeur. [25]

1.6 Struktuur en Inhoudsbeskrywing van verhandeling

Hoofstuk een dui die inleiding van die studie, literatuuroorsig, teoretiese vertrekpunte, metodologie, asook die struktuur en inhoudsbeskrywing van die verhandeling aan. Die tydperk wat die studie dek, asook die navorsingsvraag word uiteengesit. Die beperkinge van die studie is verklaar en die omgewing van die Rooms-Katolieke Kerk in die apartheidsera word verduidelik.

Hoofstuk twee is 'n oorsig van die koms van die Rooms-Katolieke Kerk na Suid-Afrika. Die hoofstuk skets die politieke klimaat en beskryf faktore wat aanleiding gegee het tot Katolieke Kerke se groei in getalle in Suid-Afrika tot en met die jaar 1950. Van 1950 tot 1970 sal die politieke verwikkelinge wat 'n invloed op Katolieke Kerk in Suid-Afrika gehad het, bespreek word, naamlik die Groepsgebiedewet (1950), die Wet op Bantoe-onderwys (1953) en die Wysigingswet van Inheemse Wette (1957). Daarby sal die oorspronklike politieke standpunt

[25] https://www.researchgate.net/publication/311801765_Thematic_analysis [Besoek op 15 Junie 2021].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van die kerk weergegee word. Die struktuur en relevante Katolieke terme van die Rooms-Katolieke Kerk word ook uiteengesit en beskryf ten einde die kerklike hiërargie te verstaan.

In hoofstuk drie word die stigting van 'n Rooms-Katolieke Kerk in Stellenbosch ondersoek. Daar word eerstens gekyk na 'n kort historiese oorsig van die oorsprong en ontwikkeling van 'n Katolieke Kerk op Stellenbosch tot en met die jaar 1980. 'n Kort beskrywing word gegee van die Stellenbosse omgewing en waarom spesifiek Stellenbosch gekies is as plek om 'n Katolieke Kerk te vestig. Tweedens word die ontstaan en ontwikkeling van bruin lidmate in die Stellenbosse Katolieke Kerk en in die gemeente van Sint Nicholas (Nikolaas), Sint Marks (Markus), en die All Saints-gemeente, bespreek. 'n Kort beskrywing van die ontstaansgeskiedenis van elke kerk en hoe raswette dit beïnvloed het, word weergegee.

In hoofstuk vier word die Rooms-Katolieke Kerk in aksie ondersoek. Deur die ontleding van Afrikaanse Katolieke en ander publikasies van die kerk, onderrig, tersiêre betrokkenheid en betrokkeheid op gemeenskapsvlak, word die rol, doel en bydrae van die kerk in die bruin gemeenskap geïdentifiseer. In hierdie hoofstuk word die invloed en betrokkenheid van die kerk binne die samelewing uitgewys. Daarteenoor word die kerk se posisie binne 'n veranderende samelwening bespreek om die uitdagings wat die kerk ervaar uit te lig.

Hoofstuk vyf fokus op die transformasie van die kerk. In hierdie hoofstuk word die rol en posisie van die kerk bespreek en hoe dit oor tyd verander het. Die betrokkenheid van die kerk sal eers op 'n nasionale vlak ondersoek word. Die kerkleierskap en die vryheidstryd, Swart Bewussyn en interkerklike samewerking met ander denominasies en organisasies sal geanaliseer word. Uiteindelik word die kerk se betrokkenheid op Stellenbosch en die invloed wat sy in die bruin gemeenskap geniet, aangedui. Die studie word deur 'n gevolgtrekking afgesluit. Die gevolgtrekking sluit af met aanbevelings vir verdere studie en hoe hierdie studie spesifiek bydra tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 2: Die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika

2. 1 ’n Kort historiese oorsig van die ontstaan en groei van die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika tot die 1950’s.

Die eerste nie-amptelike teenwoordigheid van ’n Rooms-Katolieke Kerk op Suid-Afrikaanse bodem dateer uit 1506 toe ’n kruis, naamlik ’n *padrão*[26], in Mosselbaai deur die Portugese ontdekkingsreisiger, Juan de Nova, opgerig is. Die amptelike stigtingsdatum van die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika word egter eers as 1818, 212 jaar later, beskou en sodoende is die 200ste herdenkingsjaar van die stigting van die kerk in die land in 2018 gevier. Hieruit blyk dit dat, ten spyte van die vroeë nie-amptelike stigting van hierdie kerkgenootskap, die ontwikkeling van die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika tydsaam plaasgevind het.[27] Die langsame ontwikkeling van die kerk is veral duidelik wanneer dit met die historiese ontwikkeling van ander kerke in Suid-Afrika vergelyk word. Die Protestantse Kerk het byvoorbeeld reeds teen die 18de eeu ’n sterk teenwoordigheid en groei in die land gehad, waar die Rooms-Katolieke Kerk eers gedurende die 20ste eeu tekens van indrukwekkende groei begin toon het.[28]

[26] Denis, "The archives of the Catholic Church in South Africa", p. 141.

[27] *Ibid.,* p. 138.

[28] http://www.catholic-dbn.org.za/wp-content/uploads/2018/02/history-of-sa-church-bicentenary.pdf [Besoek op 6 Januarie 2021].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Figuur 1: Die *padrão*-struktuur



'n Kunstenaar se weergawe van St Blaise, die eerste plek van Christelike aanbidding in Suider-Afrika, te Mosselbaai, uitgereik deur die Munisipaliteit van Mosselbaai.[29]

Die rede vir die groot Protestantse teenwoordigheid is as gevolg van die Nederlandse vestigingskolonie wat sedert die 17de eeu aan die Kaap tot stand gekom het. Hierdie vestigingskolonie was eksklusief Calvinisties, omdat daar 'n streng verbod op Katolisisme in Suid-Afrika was. Die Lutherse geloofsbelydenis was ook vir meer as `n eeu aan die Kaap verbied. Slegs besoekende priesters op Europese bote is tot die Kaap toegelaat. Die Katolieke lidmaatskap het baie nasionaliteite omvat. Daar was geen ras of etniese onderskeid in die Kaap nie. Dieselfde spanning was teenwoordig met die Britse beheer van die kolonie tot die vroeë 1800's. Vanaf die laat 18de eeu tot en met die vroeë 19de eeu het 'n atmosfeer van religieus-politieke vyandigheid en dikwels ook oorlogstoestande tussen Protestantse Nederland en Katolieke Europa bestaan. Die latere Calvinistiese Protestante aan die Kaap het die Katolieke Kerk, net soos die Calvinistiese Nederlanders, as vyande beskou. Katolieke het hulle ook nie vereenselwig met die Protestantse Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) nie. Dit is egter duidelik dat beide die Protestantse en die Rooms-Katolieke Kerk gevestigde kerke in Suid-Afrika is. Met die stigting van die Unie van Suid-Afrika in 1910 het die verhouding tussen Katolieke en die Afrikaanse Gereformeerde tradisies nie juis verbeter nie. Alhoewel die Rooms-Katolieke Kerk, in vergelyking met eersgenoemde relatief jonk in Suid-Afrika is, bied

[29] https://www.scross.co.za/2018/06/a-timeline-of-catholicism-in-south-africa/ [Besoek op 19 April 2023].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

haar rol en invloed onder spesifieke gemeenskappe in Suid-Afrika gedurende die apartheidsjare heelwat ruimte vir historiese ondersoek en vertolking. [30]

Naas die kapel van Da Nova, was die Rooms-Katolieke Kerk in Harringtonstraat, Kaapstad, teen 1820 die eerste plek van aanbidding. Die nuwe kerk het die pad vir Katolieke in die land oopgemaak met Biskop Patrick Raymond Griffith, O.P.[31], wat in 1838 ingetree het as die eerste residensiële apostoliese vikaris van die Kaap.[32]

Dit is belangrik om te noem dat Griffith deel van die Ierse Dominikaanse Orde was. Die Dominikaanse Orde is 'n Rooms-Katolieke godsdiensorde, bestaande uit priesters, nonne, susters en leke. Die orde is bekend vir hul verbintenis tot holistiese onderwys en strewe na *Veritas* (waarheid). Die orde is in 1215 in Europa gestig en het daarna vinnig versprei. Die Suid-Afrikaanse tak is in 1917 gevestig met die koms van Engelse broeders na die Kaap. Die broeders spesialiseer in teologie en filosofie deur onderrig en prediking. Dominikane word reg oor die wêreld gestuur en die orde gee opdragte wat deur sy lede uitgevoer moet word. Biskop Griffith is dus sodoende opdrag gegee om die Evangelie in die Kaap te versprei. [33]

Ongeag die vroeëre aankoms van Katolieke aan die Kaap, is plaaslike Katolieke geestelikes eers in 1856 ingeseën. Protestantse kerke soos die NGK het kweekskole in die Kaap gestig waar plaaslike geestelikes opleiding kon ontvang. Die Katolieke Kerk was weer afhanklik van die immigrasie van geestelikes na die Kaap. Daar bestaan dus 'n indrukwekkende kontras tussen die groei en ontwikkeling van die NGK en Katolieke Kerk. Die Katolieke Kerk het vanaf die middel van die vorige eeu vanaf Kaapstad na die noorde en die weste van die land versprei,

[30] https://langhamliterature.org/blog/an-overview-of-south-african-church-history [Besoek op 14 Maart 2021]; Privaatonderhoud Prof Henry Mbaya – N. Osborne 13 Oktober 2020, Stellenbosch.

[31] O.P is die afkorting vir "Order of Preachers" wat ook `n ander naam is vir `n Dominikane. Sien https://dominicanfriars.org/about/history-dominican-friars/ [Besoek op 12 Augustus 2023].

[32] Nasionale Biblioteek van Suid-Africa (hierna NSLA), A. 1988-2006: Centenary Congress, St. Mary's Cathedral, 1851-1951: Establishment of the Hierarchy, January 1951, National Catholic Congress 1851-1951: Centenary Congress of St. Mary's Cathedral, St Mary's Cathedral, Cape Town, p. 7; Abrahams, *The Catholic Church and apartheid,* p. 7.

[33] Rooms- Katolieke Kerk Argief Stellenbosch (hierna RKKAS), Sint Nikolaas parogieblad, Julie 1945.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

met die hulp van ingevoerde geestelikes, en in 1904 het die Vikariaat van Johannesburg tot stand gekom. [34]

Pous Pius XI het op 7 Desember 1922 die Apostoliese Afvaardiging van Suidelike Afrika tot stand laat bring vir die "eer en beskerming van die Katolieke geloof." [35] Die priester Bernard Jordan Gijlswijk, O.P., is as eerste aartsbiskop van die nuwe Apostoliese Afvaardiging aangestel. Hiermee blyk dit dat Rome nader aan sy einddoel van selfstandigwording in Suid-Afrika gekom het. Tesame met sendingstasies het nuwe kerklike distrikte, vikariate en prefekture die een na die ander op mekaar gevolg, terwyl nie minder nie as dertig verskillende gemeentes van priesters en susters na 1922 op die sendingtoneel verskyn het. Gevolglik is die eerste Suid-Afrikaanse Biskop, David O'Leary, in 1925 ingeseën. Alhoewel Suid-Afrika nog grotendeels op buitelandse geestelikes staatgemaak het, is die fondasie wel gelê vir die St John Vianney kweekskool wat in 1948 in Pretoria vir wit manlike seminariste gestig is. [36]

In die vroeë 20ste eeu is vikariate onderverdeel, dikwels volgens die sendelinggebiede wat hulle bedien het. Soos wat die geestelikes meer geword het, het vikariate bisdomme geword. Informele vergaderings van biskoppe het eers in 1947 'n konferensie geword en uiteindelik in 1951 'n hiërargie. Die vergrote teenwoordigheid van leierskap is aanvanklik gekortwiek as gevolg van Eurosentrisme en vrese vir 'n anti-Katolieke reaksie deur die plaaslike regering en gemeenskap. Alhoewel Katolieke nie meer vervolg is nie, het 'n sterk "Roomse gevaar"-mentaliteit gedurende die twintigste eeu geheers wat 'n sterk veroordeling van Katolieke beteken het. 'n Vrees vir die mag van die Suid-Afrikaanse staat, dat buitelandse geestelikes gedeporteer kon word, het ook in die Katolieke Kerk ontstaan. Dit het nie net die Katolieke groeiplan geaffekteer nie, maar die plaaslike gemeenskap wat die geestelikes gedien het, ontwrig. 'n Verdere rede van die stadige groei van die Katolieke Kerk kan ook te wyte wees

[34] G. Mukuka, *The other side of the story: the silent experience of the black clergy in the Catholic church in South Africa (1898-1976)*, 2008, p.3; *Die Brug,* 2 Mei 1960, p. 4.

[35] J.E. Brady, "Princes of His People", Unpublished essay, Catholic History Bureau, Johannesburg, 1951, p. 21.

[36] E. Theron,"Die geskiedenis en aksie van die Rooms-Katolieke kerk, veral in die Unie van Suid-Afrika", Ongepubliseerde doktorale proefskrif , Universiteit van Stellenbosch, 1958, p.64; https://sacbc.org.za/history-of-the-catholic-church-in-southern-africa/ [Besoek op 16 April 2023].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aan 'n gebrek aan plaaslike en politieke kennis van die land en hoe om dit in 'n kerklike en gemeenskapskonteks in te pas en aan te pas. [37]

Ten spyte van die struikelblokke, was die uiteindelike groei van die Katolieke Kerk in die twintigste eeu grotendeels te danke aan sendingwerk, aangemoedig en onderhou deur die pous. Die doel van sendingwerk was om nuwe plaaslike kerke en sodoende bisdomme te vestig. Industrialisasie en verstedeliking het ook tot die eksponensiële groei van die Katolieke Kerk bygedra. Beheer en bestuur deur plaaslike kerkgangers is die doel waarna gestreef word, dus was dit die strategie om plaaslike geestelikes op te lei wat bevoeg sou wees om die nuwe kerk te lei. Die teoretiese idee was dat die buitelandse geestelikes die kerk aan die nuwe intern opgeleide geestelikes sou oorhandig. Die besluit sou dan by die buitelandse geestelikes berus om óf terug te keer na hul moederland óf as ekstra hulp aan te bly. [38]

Biskop Owen McCann, gebore in Suid-Afrika, was een van die plaaslike individue wat deur die buitelandse geestelikes opgelei is. Hy het in 1950 'n kardinaal geword met die vestiging van 'n Rooms-Katolieke hiërargie en het die eerste Aartsbiskop van Kaapstad van die provinsie geword. Dis ook gedurende hierdie tyd dat die eerste Katolieke koerant geloods is, die eerste nonne na Suid-Afrika gestuur is en die eerste kweekskool vir swart mans in Pretoria opgerig is. Die nonne het met die oprigting van hulle skole en inrigtings 'n besondere groot rol in die sendinggebiede se ontwikkeling gespeel. Die sendingwerkprojek is op groot skaal aangepak, terwyl talle seminariums, skole, hospitale en kerke vir wit en nie-wit lidmate opgerig is. Hul kapelle het vir jare as parogiekerke vir Katolieke gedien. Deur hulle skole, wat vir beide Katolieke en Protestante oopgestaan het, het die kerk meer invloed en bekendheid verwerf as wat haar aantal lidmate destyds kon regverdig.[39]

Die Kaapse Aartsbisdom het in 1951 'n totale lidmaattal van 33 464 Katolieke gehad uit `n Kaapse bevolking van ongeveer 634 000, wat dus 5,27% van daardie bevolking

---

[37] https://www.southworld.net/south-africa-the-catholic-church-in-search-of-a-new-presence/ [Besoek op 17 April 2023]; Privaatonderhoud Prof Henry Mbaya – N. Osborne 13 Oktober 2020, Stellenbosch.

[38] Mukuka, *The other side of the story",* p.30.; K. Lalloo, "The church and state in apartheid South Africa", *Contemporary Politics* 4, (1), 1998, p. 42.

[39] Anon., "Background to the Establishment of the Hierarchy", *Southern Cross*, 21 Feb 1951, p. 3; *Die Brug,* 2 Mei 1960, p. 4; https://sacbc.org.za/history-of-the-catholic-church-in-southern-africa/ [Besoek op 16 April 2023].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verteenwoordig het.[40] Van hierdie getal was 15 950 wit, 16 235 bruin en 1 279 swart mense. Die Kaapse bisdom het in daardie jaar uit 33 parogieë, 38 kerke en 82 priesters bestaan. Kerke het skole, hospitale, apteke, koshuise en weeshuise van personeel voorsien. Die indrukwekkende groei van die kerk het 52 skole met 14 670 leerders ingesluit. Daar is ook opleiding aan onderwysers in die kollege aangebied en 'n handelskool vir seuns is opgerig. Daarby het die Katolieke ook twee inrigtings vir dowes en ook laerskole besit en onderhou. Verder het die kerk gespog met twee hospitale, behuising vir bejaardes, behuising vir kronies gestremde kinders, twee weeshuise, 'n koshuis vir dowes, drie koshuise vir dames en een koshuis vir universiteitstudente. Die kerk het ook voorsiening gemaak vir die opleiding van persone as geestelikes by twee novisiate; een vir opleiding van nonne en een novisiaat vir opleiding van broeders. [41]

Teen 1908 het die Kaapse vikariaat uit 33 priesters, 153 broeders en 19 kerke bestaan. Ongeveer 40 jaar later het die Kaapse Aartsbisdom gegroei tot 80 priesters, 48 broeders, 43 kerke en 3000 Katolieke lidmate. Die kerk het gedurende die negentiende eeu 'n periode van uitbreiding ervaar. Die strukture, tradisies en prosedures wat sedert die feodale tydperk in Katolieke Europa gegeld het, was besig om in Suid-Afrika wortel te skiet. Die periode is deur groot toevoegings van bekeerdes, religieuse ordes, skole, hospitale en ander instansies wat die groeiende aantal bekeerde Katolieke voorsien het, gekenmerk. Dit kan nie ontken word dat die Rooms-Katolieke Kerk 'n magtige en imponerende instelling oor die hele wêreld geword het nie. [42]

Biskop Oswin Magrath brei verder uit in 'n artikel in die *Southern Cross* dat Suid-Afrika in 'n gunstige posisie van groei en vestiging verkeer het. Hy redeneer dat die kerk meer as 'n spirituele unie van mens en God is. Dit is ook 'n sigbare organisasie met 'n lewe van sy eie. Dit beklemtoon die punt dat hoe meer die kerk se lidmaatgetalle in die land toegeneem het, hoe meer sigbaar het die kerk geword. Die sigbaarheid van die kerk hou ook dan verband met die groeipotensiaal. [43]

---

[40] https://www.macrotrends.net/cities/22481/cape-town/population [Besoek op 22 November 2023].

[41] Anon., "The Province of Cape Town", *Southern Cross,* 25 April 1951, p. 2.

[42] NSLA, A. 1988-2006: Centenary Congress, St. Mary's Cathedral, 1851-1951: Establishment of the Hierarchy, January 1951, National Catholic Congress 1851-1951: Centenary Congress of St. Mary's Cathedral, St Mary's Cathedral, Cape Town, p. 30; Brown & Derrick, *The Catholic Church in South Africa,* p. 85.; Law, "An analysis of the socio-political role…", p. 62.

[43] *The Southern Cross*, 11 Oct 1950, p. 5.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.2 Politieke verwikkelinge wat 'n invloed op Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika gehad het: 1950's tot 1970's.

Met die verkiesingsoorwinning van die Nasionale Party in 1948, was Suid-Afrika reeds 'n samelewing gekenmerk deur rasseonderdrukking en groot ekonomiese ongelykhede. Alhoewel segregasie sedert daardie tyd op 'n wetlike en sosiale wyse geïmplementeer is, het dit reeds in die vorige dekade kop uitgesteek. Die Katolieke Kerk het reeds vanaf die 1920's se Apostoliese Afvaardiging, wat gekenmerk was deur segregasie, 'n twee-rigting benadering aangeneem: 'n setlaarkerk vir die wit gemeenskap en 'n sendingkerk vir haar swart en bruin gemeente. [44]

Die skeiding tussen die setlaar en sendingkerk het meer intensief geword met die apartheidwetgewing. *Die Burger* het die term "apartheid" vir die eerste keer in 1943 gebruik, toe dit verwys het na die aanvaarde Afrikaner-perspektief van rasseskeiding. In Januarie 1944 het DF Malan, die leier van die opposisie, die eerste persoon geword om die term in die Suid-Afrikaanse parlement te gebruik. Hy het geredeneer dat apartheid elke ras die geleentheid gegun het om hulself te bemagtig en op te hef op grond van wat hulle hul "eie" kon noem. [45]

Die groei van die Katolieke Kerk in Suid-Afrika gedurende die twintigste eeu is deur hierdie politieke besluite beïnvloed. Mettertyd het die implementering en toepassing van apartheid die kerk meer direk begin geaffekteer en beperk. Die Groepsgebiedewet, die Bantoe- onderwyswet en die Wysigingswet van Inheemse Wette het die instelling se eenheid en katolisisme uitgedaag en hul pastorale pogings ondermyn. Die Groepsgebiedewet was in 'n sin die hoeksteen van sosiale apartheid in Suid-Afrika. Die resultaat van die verskuiwing van bruin, swart en Indiër-mense was dat dit wit sendelinge geskei het van hierdie mense wat hulle graag wou bedien. Teen 1947 het die meerderheid van die Katolieke personeel in Suid-Afrika uit sendelinge bestaan.[46]

---

[44] B. Flanagan, "Education: policy and Practice", p. 3, quoted from S. Bate, "One Mission, 2 Churches: The Catholic Church 1947-1997*",* in J. Brain and P. Denis (eds.), *The Catholic Church in Contemporary South Africa,* p. 9; Abrahams, *The Catholic Church and apartheid…",* p. 322.

[45] Gilomee, "The making of the Apartheid plan", p. 374.

[46] Bate, "One Mission, 2 Churches…", p. 1.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tesame met die implementering van die Groepsgebiedewet, het die nuwe regering ook gou gespring om die immigrasieskema[47] te beëindig. Een van die redes vir die wegdoening met die immigrasieskema, so het die NGK se mondstuk, *Die Kerkbode*, verduidelik, was dat Suid-Afrika 'n Protestantse land was. Die invoer van geestelikes deur die Katolieke Kerk sou hulle getalle en invloed in die land versterk. Hierdie aksie het gepaard gegaan met die groeiende "Roomse gevaar"- mentaliteit wat met Katolieke gedurende die vroeë apartheidsera geassosieer is. [48]

Ter aansluiting by die Groepsgebiedewet, het die parlement in 1953 Wet Nr. 49 van 1953, die Wet op Afsonderlike Geriewe, gepromulgeer. Apartheid het toe verpligtend in alle openbare ruimtes geword. Met die parlementêre sitting van 1954 is hierdie wet opgevolg deur die Hervestiging van Naturellewet.[49] Die Wysigingswet op Naturelle van 1957 het dit moeilik gemaak vir swartmense om kerk by te woon in sogenaamde wit areas. Die wet het die Minister van Naturellesake die mag gee om te verklaar dat geen swartmens " 'n kerk sal bywoon in enige stedelike area buite hul voorgeskrewe residensiële area nie". Individue en families is toe geforseer om 'n plaaslike kerk in hulle omliggende areas by te woon. Hierdie politieke verwikkeling het gemeenskappe, asook gemeentes, geskei en die individu se beweging beperk.[50]

Die verwydering van "nie-blankes" uit wit gebiede het gedurende die 1950's en 1960's voortgeduur. Gevolglik het sendingwerk so te sê tot 'n einde gekom, omdat dit beide die geestelikes en individue, asook kerkleke se toegang beperk het, wat weer die groei van die kerk geaffekteer het. *Osservatore Romano*, 'n Vatikaanse koerant wat internasionale leserskap geniet, het daarom in Oktober 1955 'n artikel gepubliseer wat die Suid-Afrikaanse rassepolitiek gekritiseer het. Die koerant het die apartheidswette "onregverdig" en "immoreel" genoem. Dit is op hierdie punt waar die Rooms-Katolieke Kerk van haar neutrale politieke posisie oor apartheid weggetree het. [51]

---

[47] Wat die immigrasieskema betref, is wit individue onder die Immigrasiewet verwelkom. Witmense het nie die balans van die wit teenoor die swart ras uitgedaag nie en ook nie, volgens aanname, die regering se beheer en bestuur ondermyn nie.

[48] Abrahams, *The Catholic Church and apartheid…,* p. 37.

[49] *Ibid.*, pp. 127-128.

[50] Brown & Derrick, *The Catholic Church in South Africa…,* p. 342.

[51] *The Southern Cross*, 2 November 1955, p. 2.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Gedurende die apartheidsperiode is die politieke rol van Christen-kerke gedefinieer deur hulle ondersteuning van die NP se kleurbeleid, óf die verwerping daarvan, óf deur 'n neutrale posisie in te neem. Gedurende die eerste aantal dekades van NP- beheer, het die Katolieke hiërargie 'n neutrale posisie ingeneem met die hoop om die kerk se netwerk van skole, hospitale en welsynsinstellings in stand te hou. Een van die grootste maatreëls wat die kerk direk geaffekteer het, was die Bantoe-onderwyswet van 1953. Die aanvaarding van die wet het die onttrekking van regeringsubsidies, waarop sendelingskole staatgemaak het, beteken.

Die Katolieke Kerk was teen 1953 reeds nou betrokke by swart opvoeding met 15% van sendelingskole in Suid-Afrika wat deur die kerk bestuur is. Dit het die administrasie van 662 skole en 111 631 skoliere ingesluit. Katolieke biskoppe het geweier om hul skole aan die regering te oorhandig toe die Bantoe-onderwyswet geïmplementeer is. Gevolglik is kerklidmate gevra om die skole finansieel sonder staatshulp te ondersteun. Die biskoppe het van die gemeentes geld aangevra en onderwysers het drastiese salarisverminderings aanvaar. Donateurs van oorsee het ook geldelik bygedra sodat die skole kon voortgaan en so onafhanklik kon bly. [52]

Die nasionalisering van swart skole en opvoedkundige instansies, wat met die implementering van die Bantoe-onderwyswet, gepaard gegaan het, het die kerk negatief geaffekteer. Die Bantoe-onderwyswet was daarop gemik om swart opvoeding te reguleer en 'n diskriminerende sosiale struktuur te onderhou. Die sillabus vir swart skole sou verander in ooreenstemming met die doel om swart kinders voor te berei om 'n "aparte bestaan" van die blanke gemeenskappe uit te leef. Opvoeding vir swart leerders is beplan om die sosiale struktuur van apartheid te onderhou. Die Katolieke Kerk het egter die stryd om die behoud van haar opvoedingstelsel voortgesit, siende dat die evangelisasie van skole haar grootste bron van groei was.[53]

Ongeag die Katolieke se lang en komplekse stryd om hul skooldeure oop te hou, moes hulle noodgedwonge weens 'n tekort aan finansiering van hul skole toemaak. Teen 1959 was ongeveer 60 Katolieke skole genoodsaak om te sluit en die leerdergetalle het met 17% gedaal. Skole wat nie toegemaak het nie, is aan die Departement van Bantoe-onderwys oorhandig. Die Katolieke Kerk het wel 'n handjie vol skole behou wat sy self gefinansier het. Onderwys- en opleidingskolleges en sekondêre skole het die meeste gely. Drie opleidingskole het toegemaak,

[52] Abrahams, *The Catholic Church and apartheid…,* pp. 91.324.

[53] https://sacbc.org.za/history-of-the-catholic-church-in-southern-africa/ [Besoek op 20 April 2022].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

tien Katolieke sekondêre skole vir swart leerders het verdwyn. Geeneen van die ses Katolieke opleidingskole het die nodige erkenning en akkreditasie gekry wat die wet vereis het nie en al die gekwalifiseerde onderwysers wat by kerklike instansies opgelei is, se sertifikate is nie erken nie. [54]

Met die sluiting van meeste skole, het die Katolieke 'n alternatiewe benadering aangeneem om hulle getalle stygend te hou. Aan die begin van 1976 het die SACBC[55] 'n benadering van "oop skole" aangeneem en in teorie besluit om die Katolieke skole waaraan die instelling kon vashou, te integreer. In die praktyk het dit beteken dat Katolieke wit privaatskoolkinders sou inskryf wat nie volgens wet as "wit" geklassifiseer is nie. Die aksie was onwettig en het menige apartheidswette oortree, insluitend die Wet op Konsolidasie van Stedelike Swartgebiede, die Groepsgebiedewet en die Bantoe-onderwyswet. Aanvanklik het die regering gedreig om die registrasie van hierdie skole te onttrek. Daarna is daar met sluiting van skole gedreig as die swart skoliere nie verwyder sou word nie. Die Katolieke beamptes het geweier om toe te gee en die regering moes terug staan. 'n Nuwe permitsisteem is wel voorgestel, wat gepoog het om die toegang van swart skoliere te verminder. Die skole het egter voortgegaan om kinders sonder permitte in te skryf. Katolieke privaatskole was gevolglik binne 'n kort bestek geïntegreer. Die regeringsbeamptes moes uiteindelik tou opgooi en die situasie te aanvaar, maar dit het nie sonder hewige teenkanting plaasgevind nie.[56]

Alhoewel die Bantoe-onderwyswet 'n hindernis in die Katolieke se planne was, was dit egter die Groepsgebiedewet van 1950 wat vir die meeste sluitings en die toemaak van instansies verantwoordelik was. Giliomee beweer dat die kern van apartheid afsonderlike groepsgebiede en rasseklassifikasie was. Wit, bruin en swart was die drie hoof raskategorieë en dit was van Suid-Afrikaners vereis om aan een van hierdie drie statutêre groepe te behoort. Mense kon slegs in hul bepaalde gebiede woon. Verder het die wet gepoog om aparte handelsgebiede in munisipaliteite te skep. Hierdie wet het die beginsel van apartheid op groot skaal toegepas. Die Groepsgebiedewet was daarop gemik om die maksimum skeiding tussen rasse te bewerkstellig ten opsigte van eienaarskap en die besit van grond en erflating. Dit het die Katolieke Kerk en

[54] Syfers verskaf deur die sekretariaat van die SACBC (South African Catholic Bishops Conference), Pretoria; Giliomee, *Nog altyd hier gewees…,* p. 191.

[55] Die SACBC is `n formele en institusionele struktuur wat die amptelike gesag van die Rooms-Katolieke Kerk in Suider-Afrika verteenwoordig het.

[56] Law, "An analysis of the socio-political role…", p. 159.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

haar instellings beïnvloed en die lewens van priesters en die geloofslewe van die verskillende rasse ontwrig.[57]

'n Verslag deur SPRO-CAS (Study Project on Christianity in Apartheid Society) het die direkte gevolge van apartheid op die lewe en praktyk van die kerk ondersoek. Daarvolgens het die wet 'n eksterne kontrole behels, insluitend beperking op vryheid van beweging en vestiging, vryheid van aanbidding, vryheid van spraak en publikasie, vryheid van assosiasie, die besit van eiendom en die administrasie van kerkinstansies en kerkskole. Al hierdie beperkinge en regulasies het nie net die Katolieke Kerk geraak nie, maar ook enige ander godsdienstige instansies. Daarby is die individue wat die wette moes gehoorsaam, benadeel, asook die gemeenskap wat aan die wet onderworpe was. [58]

Met al die beperkinge het die Katolieke Kerk gedurende hierdie periode met dualisme geworstel: lojaliteit teenoor die regerende elite waar geld en borgskap vandaan gekom het en waardeur voordele van sosiale orde of lojaliteit behou kon word, teenoor die kant van die onderdruktes en daar waar die getalle gelê het - vandaar die posisie as draadsitter. Die Katolieke bestuurspan het dus sover moontlik gehuiwer om kommentaar te lewer op die politiek van die land.

Alhoewel dit belangrik is om die konteks van die Suid-Afrika gedurende apartheid te verstaan, moet die Rooms-Katolieke Kerk as 'n globale instansie met besluite wat op 'n bestuursvlak geneem word, ook nie misgekyk word nie. Hierdie aksies beïnvloed die bestuur en beheer van die kerk op 'n plaaslike vlak, omdat die nasionale en plaaslike kerk moet ooreenstem met die administratiewe hoofsetel van die kerk, die Vatikaan. Een van hierdie besluite is tussen 1962 en 1965 geneem met die opening van die Tweede Vatikaanse Raad (Vatikaan 2) in Rome. Pous Johannes XXII het hierdie raad gestig. Die raad het biskoppe en leiers na die Vatikaan genooi, waar 'n nuwe stel bedryfsbeginsels vir die Rooms-Katolieke Kerk in werking gestel is. Hierdie beginsels het die pad vorentoe bepaal waarvolgens die kerk haar teenoor die apartheidsregering geplaas en dus die kerk se neutrale posisie opgeskort het.[59]

---

[57] Abrahams, *The Catholic Church and apartheid…,* p. 340; Giliomee, *Nog altyd hier gewees…,* p. 191.

[58] P. Randall, (ed.), "Apartheid and the Church: Report of the Spro-Cas Church Commission", *Christian Institute of Southern Africa*, (8), 1972, pp. 6-17.

[59] https://uir.unisa.ac.za/bitstream/handle/10500/13137/Egan.pdf?sequence=1&isAllowed=y [Besoek op 19 April 2023].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.3 Struktuur van die Rooms-Katolieke Kerk se hiërargie

In die Rooms-Katolieke Kerk word verskillende kerklike terme gebruik wat vreemd is aan tradisionele pro-Protestantse lesers. Om die aard en funksie van die kerklike instansie en terminologie beter te verstaan, is dit nodig om oor elemente van die struktuur en organisasie uit te brei. Die struktuur van die hiërargie, soos gevestig in 1951 met Vatikaan 2, en wat vandag steeds van toepassing is, sal uiteengesit word om beter sin te kan maak binne die konteks van hierdie studie. Die hiërargie van die Rooms-Katolieke Kerk kan in die volgende aspekte verdeel word.

Die struktuur van die kerk kan in die vorm van 'n driehoek struktuur gesien word. Die pous is die hoogste outoriteit van die Katolieke Kerk en dien as die "Biskop van Rome". Om deur die geestelikes verkies te word as pous is die hoogste eer wat 'n individu kan ontvang. Hy word gesien as die opvolger van die Bybelse Sint Petrus, wat volgens die kerk die eerste pous was. Die pous is die hoof van die universele Katolieke Kerk, asook die staatshoof van die Vatikaanse stad. Die pous het die reg om 'n "ekumeniese konsilie" van al die biskoppe reg oor die wêreld byeen te roep. Die laaste sodanige konsilie is deur Pous Johannes XXIII in 1962 byeengeroep en staan bekend as die Tweede Vatikaanse Raad. [60]

Onder die pous, is die posisie van kardinaal. Kardinale is 'n groep geestelike lede in senior posisies wat met die hand deur die pous uitgesoek is. Hulle dien as raadgewers van die pous met betrekking tot die bestuur van kerksake op 'n globale skaal. Die kollege van kardinale se hoofdoel is om 'n nuwe pous te verkies na die afsterwe of bedanking van die huidige een. Dit is uit 'n kollege van kardinale dat 'n pous verkies word.[61]

Aartsbiskoppe staan aan die hoof van 'n aartsbisdom. 'n Aartsbisdom bestaan uit 'n groot geografiese area van kerke. 'n Vikariaat is egter 'n area van kerke waar 'n bisdom nog nie gevestig is nie. Die vikariate is met die vestiging van 'n hiërargie na 'n bisdom opgegradeer. Hierdie term is toepaslik met die vestiging van sendingskole in die Kaap voor 1952, toe daar nog nie bisdomme bestaan het nie. Die aartsbiskop kan as die bestuurder van biskoppe beskou word binne 'n spesifieke area en dis die hoogste gesag van die geestelikes wat oor 'n bisdom aangestel is. 'n Biskop dien strategies 'n kleiner area as 'n aartsbiskop. Die Katolieke sien die biskoppe as die opvolgers van die apostels en hierdie amp word deur die pous erkenning gegee.

[60] O. Hirmer, *Die Vreugde om Katoliek te wees,* Mariannhill Mission Press, Mthatha, 2007, pp. 14,16.

[61] Privaatonderhoud Vader Angus Osborne – N. Osborne, 26 Augustus 2023, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Biskoppe is verantwoordelik vir die geestelike en administratiewe leierskap van hulle bisdomme, wat die inseëning van nuwe priesters en diakens insluit. Biskoppe is ook verantwoordelik om die sakrament van vormsel vir Katolieke te gee.[62]

Priesters is geordende geestelikes wat binne 'n bisdom onder die bevel van die biskop of aartsbiskop dien. Priester is die Katolieke weergawe van dominee of pastoor. Hulle is verantwoordelik om sakramente te administreer, kerke (of te wel parogieë) te bestuur, heilige mis (kerkdienste) te hou en pastorale versorging aan die gemeente te voorsien. Hulle dien as plaaslike spirituele leiers. Om 'n priester te word, moet die kandidaat by 'n novisiaat aanvaar word. Die novisiaat is 'n Katolieke instelling wat as voorbereiding vir die kweekskool dien. Dit is ook hier waar die "roeping bevestig word". By die novisiaat word 'n tydlike gelofte deur jong manne afgelê. Op Stellenbosch het so 'n instelling bestaan waar individue van die Dominikaanse orde vir priesterskap kon voorberei. Individue studeer agt tot nege jaar in totaal om 'n priester te word. [63]

Dit is belangrik om daarop te wys dat alhoewel Stellenbosch drie kerke binne die omvang van sy grense het, bestaan dit egter uit een parogie. Die parogie word bestuur deur een priester. Priesters moet die besluit maak of hulle wil aansluit by 'n religieuse orde, of by die bisdom inskakel. Volgens Katolieke priester Angus Osborne, is dit die individu se keuse. [64]

Religieuse ordes soos die Dominikane bestaan uit gemeenskappe van mans en vroue wat geloftes aflê van armoede, gehoorsaamheid en kuisheid. Daar bestaan verskillende ordes binne die Katolieke Kerk. Hierdie ordes mag op spesifieke take binne die kerk fokus, soos sendelingwerk, opvoeding, gesondheid en gemeenskapsaktiwiteite. Die Dominikaanse orde of te wel, die Order of Preachers en Cabra Nonne, is onderskeidelik 'n tak van een religieuse orde binne die Roomse-Katolieke Kerk. Priesters, biskoppe, kardinale en die pous mag nie trou nie en moet 'n selibate leefstyl handhaaf. Al die bogenoemde posisies, behalwe dié van 'n non, is slegs vir mans beskore. [65]

Onder die posisie van priesters is geordende geestelike leiers, naamlik diakens wat priesters en biskoppe bystaan met verskeie kerklike take. Hulle mag die sakrament van doop bedien, preek

[62] Privaatonderhoud Vader Angus Osborne – N. Osborne, 26 Augustus 2023, Stellenbosch.

[63] *Ibid.*

[64] *Ibid.*

[65] Hirmer, *Die Vreugde om Katoliek te wees,* p. 129.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en met administratiewe sake behulpsaam wees. Diakens mag trou indien hulle nie verder as priester opgelei word nie.

Leke is die laaste vlak van die hiërargie. Leke verwys na die alledaagse gemeentelede van die Katolieke Kerk. Hulle neem deel aan die heilige mis, ontvang sakramente en neem aktief deel aan gemeenskapsaktiwiteite. Leke kan ook deelneem aan verskillende rolle binne die kerk.

Die kerkhiërargie kan kompleks weës, daarom is die bogenoemde 'n kort vereenvoudigde opsomming van die struktuur van die Katolieke Kerk wat ook van toepassing is op Stellenbosch. Die figuur hieronder is 'n vereenvoudigde weergawe van die struktuur van die Rooms-Katolieke Kerk.

Figuur 2: Hiërargie van die Rooms-Katolieke Kerk



Uiteensetting van die Rooms-Katolieke hiërargie wat in 1951 gevestig is. [66]

[66] Figuur geskep met behulp van Vader Angus Osborne – N. Osborne, 26 Augustus 2023, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.4 Samevatting

Die Rooms-Katolieke Kerk se vroeëre vestigingsjare is in hierdie hoofstuk bespreek. Die Katolieke Kerk het laat op die toneel verskyn toe die wit bevolking byna uitsluitlik tot die Protestantse Kerke behoort het. Die heerstende politieke en godsdienstige klimaat van die tyd het dit vir die "volksvreemde" Katolieke Kerk in hierdie deel van Afrika nie maklik gemaak om haar voete te vind nie. [67]

Voor 1948 was daar vorme van segregasie in die samelewing teenwoordig: afsonderlike sitplekke vir verskillende rasse, aparte skole, spesifieke kerke, ras-beperkte winkels, restaurante en bioskope, maar met die apartheidswetgewing en gesamentlike raswette het dit die bestuur en beheer van die kerk beïnvloed. Nadat die Nasionale Party die 1984-verkiesing gewen het, was die Bantoe-onderwyswet van 1953 een van die eerste wette wat die regering ingestel het. Dit het tot die onttrekking van die onderwyssubsidies gelei. Die Groepsgebiedewet van 1950 het die meeste geslote deure veroorsaak, deurdat nie wit-skole in wit areas moes sluit. Deur die Wysigingswet op Naturellewette van 1957 het die minister opdrag gegee dat geen swart individu enige kerk kon bywoon behalwe die in sy of haar plaaslike residensiële area nie.

Met die vestiging van die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika, het die Tweede Vatikaanse Raad die eens neutrale posisie van die kerk verander. Hierdie raad het ook 'n hiërargie in Suid-Afrika gevestig en sodoende die pad vorentoe vir die plaaslike kerk uitgelê. Waar die kerk eers toeskouers was tot die politieke kwessies in die land, het sy nou 'n rol as deelnemer aangeneem.

[67] *Die Brug,* 2 Mei 1960, p. 5.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 3: 'n Kort historiese oorsig oor die ontstaan van 'n Katolieke Kerk op Stellenbosch tot 1980's.

3.1 Kort oorsig oor Stellenbosch se Rooms-Katolieke Kerk

Die geskiedenis van die tweede oudste Europese dorp in Suid-Afrika, Stellenbosch, dateer terug na 1679, toe 'n nuwe goewerneur, genaamd Simon van der Stel, in die Kaap gearriveer het. Van der Stel se ontdekking van Stellenbosch word genoteer dat hy op soek was na vrugbare grond en die omliggende omgewing verken het. Hy het die vrugbare gebied Stellenbosch genoem wat "Van-der-Stel se Bos" beteken.[68]

Die gebied het baie belangstellende boere gelok en is in 1679 as `n dorp en 1862 as 'n munisipaliteit verklaar. In 1685 reeds het dit die kolonie se tweede drosdy geword. Die bevolking het meestal uit Hollandse setlaars bestaan wat geïmmigreer het opsoek na nuwe bestaansgeleenthede. Oor die jare heen het die dorp vinnig gegroei en belangrike ontwikkelings beleef. Dit is belangrik om daarop te let dat religieuse aktiwiteite sedert Stellenbosch se stigting deur Hollandse koloniseerders geïnisieer is. Die eerste kerk op Stellenbosse grond was dié van die NGK. Hierdie kerk het 'n indrukwekkende rol in die stigting en vroeë ontwikkeling van die dorp gespeel. Die dorp het 'n sentrum van onderrig geword toe die NGK 'n kweekskool in 1859 daar geopen het. In 1888 het die Victoria Kollege tot stand gekom wat in 1918 die Universiteit van Stellenbosch geword het. [69]

Mettertyd het ander religieuse denominasies hulself ook op Stellenbosch gevestig, onder andere die Anglikaanse, Metodiste, Lutherse, Baptiste en Katolieke Kerk. Die stigting van 'n Katolieke Kerk dateer terug tot die vroeë 1900s. Die eerste Katolieke priester, Vader Scully, het Stellenbosch in 1818 vir die eerste keer besoek, maar 'n kerkgebou is eers in 1861 daar opgerig.[70]

Vir baie lank was daar redelik min Katolieke op Stellenbosch. Die eerste plaaslike plek vir aanbidding was 'n kapel agter die Schreuder-huis in Kerkstraat. Die kerk, genaamd St. Joseph, was 'n eenvoudige klipgebou met 'n grasdak en kon 150 mense akkommodeer. Die priester, Ned O'Reiley, het self in 'n klein afgebakende deel van die kerk gebly. O'Reiley, 'n militêre

[68]G.L. de Kock & J. Brand, *Historiese dorpsbeeld van Stellenbosch,* https://journals.co.za/doi/pdf/10.10520/AJA10113053_520 [Besoek op 25 Augustus 2023].

[69] https://southafrica.co.za/history-stellenbosch.html [Besoek op 20 April 2023].

[70] https://adct.org.za/history/ [Besoek op 20 April 2023].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kapelaan, het die sogenaamde "Bicycle Apostolate" (of Hottentots Holland missions) in 1903 op Stellenbosch begin. Die naam is daaraan verleen omdat sy fiets as vervoer middel gebruik is om verskillende dorpe te dien. Hy het die missies van Stellenbosch, Somerset-Wes, Paarl, die Strand, Bellville, Worcester en Koelenhof gestig.[71]

'n Engelse priester wat ook 'n lid van die Dominikaanse Orde was, Vader Bede Jarrett, het met sy tweede besoek aan Suid-Afrika te hore gekom van die dorpie Stellenbosch. Jarrett se kerklike opdrag het die stigting van sendelingstasies ingesluit. Hy het in 'n brief uiteengesit waarom die Ierse Dominikane 'n kerk en later 'n priory[72], op Stellenbosch moes stig: "Stellenbosch is the centre of the Dutch culture; it is a purely university town. The University is the centre of the Dutch Reformed Church, of its seminary etc, and the Dutch Reformed Church is the great external enemy of the Catholic Church in South Africa. We should be in the thick of the fight". Die besluit om 'n studiehuis op Stellenbosch, in die hartjie van Calvinistiese gebied te bou, was 'n direkte gevolg van Jarrett se besoeke aan die Kaapprovinsie. Hierdie besluit het ook 'n invloed op die algehele teenwoordigheid van die Dominikane in Suid-Afrika gehad. [73]

Op 21 Maart 1930 het Jarrett die biskop genader om die eiendom van 'n Franse Hugenoot, die plaas van die Du Toit-familie, Kromme Rivier, teen 'n bedrag van 2500 pond te koop. Hy het kort tevore, in 1921, die Engelse Dominikane by die Universiteit van Oxford in Engeland (die sentrum van Engelse Protestantse kultuur) hervestig en het 'n soortgelyke moontlikheid op Afrikaanse Stellenbosch ingesien. Die ooreenkomste tussen die twee omgewings het die perfekte geleentheid gebied om dit ook op Suid-Afrikaanse bodem te doen. 'n Ryk Amerikaanse weldoener, mev. Nicholas Brady, het die fondse vir die projek geskenk. Die erf, wat tussen Bird- en Andringastraat geleë is, is in April 1930 bekom en amptelik op 1 Julie beset, maar as

[71]NSLA, 1988-2006: Centenary Congress, St. Mary's Cathedral, 1851-1951: Establishment of the Hierarchy, January 1951, National Catholic Congress 1951: Centenary Congress of St. Mary's Cathedral, St Mary's Cathedral, Cape Town, p. 29; Smuts, *Stellenbosch, Drie Eeue...,* p. 271; https://www.theheritageportal.co.za/article/schroder-house-oldest-documented-dwelling-south-africa [Besoek op 20 April 2023].

[72] `n Priory verwys na `n klein klooster wat deur `n prior of priores bestuur word.

[73] P. Denis, *The Dominican friars in Southern Africa: a social history, 1577-1990*, Brill, Leiden, 1998, p. 123.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gevolg van struikelblokke aangaande regskwessies het dit eers op 1 Februarie 1932 die eiendom van die nuwe eienaars geword. [74]

Jarret het die erf in Stellenbosch gekoop met die idee van 'n novisiaat[75] vir plaaslike Katolieke opleiding, maar die uiteindelike doel was om 'n voet in die deur te kry vir die Dominikane om die Afrikaanse wêreld te kon betree. Dit was veral insiggewend omdat dit in daardie stadium, as gevolg van segregasiewette en 'n beperking op katolisisme deur 'n pro-Protestantse regering, onmoontlik was om bruin en swart Dominikane op te lei. Alhoewel die planne vir die priory reeds opgestel was, het die depressie van die vroeë 1930's, asook die buitelandse verpligtinge wat Jarrett in Engeland gehad het, dit onmoontlik gemaak om sy idee onmiddellik in werking te stel. [76]

Die bouplanne vir 'n Dominikaanse huis is met die goedkeuring van die Vatikaan en die toestemming van die plaaslike gemeentelede op 16 September 1930 opgestel. Die Kromme Rivier-erf het oorspronklik drie geboustrukture bevat. Die eerste gebou het teen 1930 nie meer bestaan nie, terwyl die tweede gebou oorspronklik as 'n wynkelder gebruik is en later na 'n tydelike kerk verander is. Die derde struktuur, gebou in 1831, is gebruik as 'n huis en het later die St Nicholas priory geword. Die huis is in dieselfde jaar deur Vader Wilfred Ardagh bewoon en die voorkamers is as 'n kapel gebruik. Die beplande kerk sou 80 mense akkommodeer. [77]

[74] Rooms-Katolieke Kerk Argief Kaapstad (hierna RKKAK), 95 S 8/1, Bede Jarrett to Bishop O'Reiley, New York, 20 March 1930; RKKAS, "Re: Archdiocesan Pastoral Consultation", Brief aan Vader John Bartmann, 31 Augustus 2001; Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…,* p. 123.

[75] `n Novisiaat verwys na die Katolieke studiehuis vir novise (of te wel leerders). Novisiaat is `n Katolieke instelling wat dien as voorbereiding vir die kweekskool.

[76] Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…*, p. 206.

[77] RKKAS, Sint Nikolaas , H.N.Vos, with the assistance of J Boshoff, "The Kromme Rivier Site: Structural Evolution of the 1771 Building, Aug 1983 (nr. 3) Historical Archeology report", Research Centre for Historical Archaeology, 6.4, Phase 4, 1930-1989. p. 33.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Figuur 3: Sketsplan van die Kromme Rivier-erf



Skets deur Derrick Knight, 17 November 1986. Hierdie sketsplan is die uitleg van die Kromme Rivier-erf. Die Kerkeiendom word op verdeel in drie plotte: erf 148, erf 7575 en erf 7576. Op erf 148 is 'n bestaande struktuur wat as slawehuisies of slawekwartiere gebruik is, asook 'n swembad. Op erf 7575 is die kerkgebou en pastorie en op erf 7576 is die losieshuis, Huis Emmaus.[78]

Broeder Nicholas Humphreys, 'n diaken, timmerman en student wat sy geestelike studies onder Vader Ardagh voltooi het, het gehelp om die ou wynkelder van die huis in 'n kerk te omskep. Die nuwe heiligdom wat in die vorm van 'n kruis gebou sou word, is opgedra aan Sint Nikolaas (of St Nicholas in Engels) ter ere van die skenker, mev. Brady, se oorlede eggenoot. Jarrett het daarop aangedring dat die kerk en die huis in die plaaslike Kaaps- Hollandse boustyl gebou moes word. Die argitek, Fred de Kock, het hom tegemoet gekom. Jarret se verduideliking was dat die kerk moes inpas by die omgewing en styl van Stellenbosch, wat weens die invloed van die vroeë Hollandse setlaars Kaaps-Hollandse boustrukture bevat het. Die oorspronklike gebou, St. Joseph, wat as 'n kerk gedien het, was vir 'n paar jaar nog in gebruik en is later uitverhuur tot en met die laat 1940's. Dit is uiteindelik aan die Stellenbosse Munisipaliteit vir 150 pond verkoop. Die verkope, asook fondsinsamelings, het die bouwerk van die nuwe kerk befonds. [79]

[78] RKKAK, Brief, Derric Knight aan Rev. Fr. D. Baird (Episcopal Vicar for development, 17 November 1986.

[79] RKKAK, Dominican Fathers. "Not so Trivial a tale, A memoir of Nicholas Francis Humphreys O.P. 1890-1975", chapter viii, collected & edited by D.M & F.S., 1977, p. 50; RKKAS, Sint Nikolaas , H.N.Vos, with the assistance of J Boshoff, "The Kromme Rivier Site: Structural Evolution of the 1771 Building, Aug 1983 (nr. 3) Historical Archeology report", Research Centre for Historical Archaeology, 6.4, Phase 4, 1930-1989. p. 37;

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In 1938 het Ierse Dominikaanse nonne die stuk grond langs die priory gekoop met die doel om daar 'n klooster op te rig. Alhoewel die hoekstene van die klooster eers in 1941 gelê is en hoofsaaklik studente-onderwysnonne van die Universiteit Stellenbosch sou huisves, het sewe nonne alreeds in Februarie 1939 in die Kaap gearriveer. Die klooster sou nie slegs as verblyfplek dien nie, maar ook as kantore, 'n laerskool en 'n koshuis vir wit kinders. Die bouwerk van die klooster en die skool is deur die nonne befonds en het die naam Huis Emmaus bekom. Die nonne het kort daarna begin werk in die sogenaamde bruin buurt van Idasvallei. Twee nonne het 'n onderwyskursus by die universiteit aangedurf en 'n kleuterskool vir wit kinders is in die vleuel van die kerk geopen. Die klooster was die laaste gebou wat bygevoeg is.[80]

Die parogieblad van November tot Desember 1946 beskryf 'n ledetal van 198 by Sint Nikolaas in die middedorp en 204 lede by Sint Markus. Hierdie ledetal het 'n totaal van 87 wit, 306 bruin, twee Indiër en sewe swart leerders ingesluit. Die uitbreiding van die gemeenskap het dit noodsaaklik gemaak om 'n nuwe huis bykomend tot die ou plaashuis, wat te klein geword het, te bou. In 1945 is planne deur Vader Oswin Magrath vir 'n splinternuwe priory, wat ongeveer 50-60 mense kon huisves, geteken. Hierdie planne is in die hande van Walgate en Elsworth van Kaapstad gelaat en reëlings vir die onmiddellike oprigting van die novisiaatvleuel is bespreek. Weereens het die gemeente ingespring met fondsinsameling om finansieel by te dra tot die verbetering en opgradering. Die nuwe Stellenbosse studiesentrum sou dien as 'n novisiaat vir die opleiding van Suid-Afrikaanse Dominikane. Die besluit om 'n studiesentrum te open, het meer dringend geword nadat drie aansoeke van jong mans wat by die Dominikaanse Orde wou aansluit, ontvang is. Die orde is aangemoedig om die opleidingsentrum te bou uit vrees dat die kandidate deur ander ordes wat novisiate in Suid-Afrika geopen het, opgeraap sou word. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog - 'n tydperk van tekorte – was 'n ander insentief vir die bou van die sentrum. Alhoewel die kerk nog op Europa vir personeel tot en met die vroeë 1960's staatgemaak het, was dit nie moontlik gedurende die oorlogsjare om kandidate na Engeland te stuur neem nie. Gevolglik moes

RKKAK, Brief, Vicar of the English provincial O.P in SA Biskop O'Reiley, 8 April 1943; Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…*, p. 123.

[80] RKKAS, Sint Nikolaas parogieblad, Maart 1941; RKKAS, Sint Markus, Inspeksieverslag, Administrasie van Kleurlingsake, K.H.B Laubscher, verwysingsnommer: E.1/2/293, Bellville, 13 April 1973, p. 2; C. Geoghegan, B. Flinter & B. Roe (eds.), *All is Harvest. Celebrating 150 Years of Cabra Dominican Sisters in South Africa, 1863-2013*, Cabra Dominican Sisters, 2013, p. 19.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

religieuse ordes ander alternatiewe oorweeg om die plaaslike mense deur plaaslike geestelikes te dien.[81]

In sy finale vorm het die priory drie vleuels gehad. Die geestelike studente sou aanbly in die ou plaashuis op die erf. In April 1947 het die novisiaat geopen en op 1 Mei 1948 het die huis uiteindelik 'n priory met die Vader Hildebrand James, O.P., geword wat as die eerste prior[82] aangestel is. Die gemeente het toe reeds uit vyf priesters, drie novise[83], 'n postulant[84] en vier sekulêre studente bestaan. [85]

Die Katolieke priory het as 'n instelling gedien het waar Dominikaanse studente, wat graag as kloosterpriesters opgelei wou word, na matriek hul studies van vier jaar kon voltooi voordat hulle na Ierland kon gaan om verdere opleiding te ontvang. Vanaf die begin van 1957 was dit nie meer nodig dat hierdie studente oorsee hoef te gaan vir hulle teologiese opleiding nie, aangesien hulle voortaan hul hele studieloopbaan op Stellenbosch kon voltooi. In 1956 was daar vyf professore en twee studente aan hierdie seminarie verbonde. Die priory op Stellenbosch was nie net beperk tot 'n studiesentrum vir Suid-Afrikaanse Dominikane nie, maar het ook leiding geneem in innoverende en nuwe denke. Stellenbosch, met sy destydse Afrikaans-medium universiteit, is beskou as die hartjie van die Afrikaanse kultuur wat as tersiêre instelling ook 'n bydraende faktor tot innovasie en nuwe denke was. Die universiteit het deurgaans op een of ander wyse verhoudinge met die priory, meestal deur Katolieke studente, gehandhaaf. [86]

In die 1950's het die Stellenbosse Rooms-Katolieke Kerk se lidmaatskap sterk gegroei. Dit was 'n produktiewe tyd in die kerk se werwing tot katolisisme. Die parogiepriester, Vader Oswin Magrath O.P., bevestig in die jaarlikse verslag van die Stellenbosch parogie van 30 Junie 1955

[81] RKKAS, Sint Nikolaas parogieblad. Nov-Des 1946 (present state of parish.); Collins and Gillespie, *Catholic education in South Africa…*, p. 26.

[82] Prior is hoof van `n priory (klooster).

[83] Novise is `n beginner of voornemende postulant.

[84] Postulant is`n kandidaat wat toegang tot `n religeuse orde versoek.

[85] "Dominican Prior Installed", *Southern Cross,* 5 May 1975, p. 2; Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…*, p. 130.

[86] Theron, "Die geskiedenis en aksie van die Rooms-Katolieke Kerk...", p. 115; J. Brain and P. Denis (eds.), *The Catholic Church in contemporary Southern Africa,* 1999, p. 331.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dat daar 761 Katolieke lidmate was. Daarvan was 183 wit, 563 bruin, agt Chinese (wat by die bruin lidmate getel is), drie Indiërs en twaalf swart lidmate. Deur die loop van die jaar het daar 106 lede bygekom. Sewe jaar daarna sou die nuwe parogiepriester, Vader Ninian McManus O.P., 'n lidmaatskap van 1105 aangedui bestaande uit 325 wit, 750 bruin en 30 swart gemeentelede. Tussen 1961 en 1962 het die kerk met 107 lede gegroei.[87]

Die groei van kerkgetalle het egter nie die groei van lede wat aansluit by die orde en studiehuis beteken nie. In Oktober 1970 het die geestelikes uit die groot priory-gebou getrek en in die "Kromrivierhuis", die ou Kaapse Hollandse huis waar die Engelse Dominikane gebly het voor die konstruksie van die priory, hul intrek gaan neem. Die korttermynbesluit is geneem om 'n dosyn universiteitstudente in die priory te huisves sodat die gebou behoue kon bly, omdat daar teen 1970's slegs enkele novisse was. Dit was dus nie finansieel voordelig vir die Dominikaanse orde om vas te hou aan die gebou nie. Terselfdertyd het die Cabra-nonne[88] besluit om die kloosterhuis te verkoop, ook weens beperkte getalle. Na die ontruiming van die Dominikaanse nonne uit die kloosterhuis aan die einde van 1967, het die klooster as 'n ekumeniese sentrum, 'n inter-denominasie samekoms en as konferensiekamer gedien. Die gebou was ook 'n plek waar kerkgroepe kon aanklop vir oornag akkommodasie. Die gebou het later 'n hostel vir universiteitstudente geword wat die Emmaus Ekumeniese Sentrum genoem is. Die Emmaus-huis kon 55 studente huisves wat direkte bande met die universiteit moontlik gemaak het. Die sentrum het 'n jaarlikse subsidie van die Katolieke aartsbisdom in Kaapstad ontvang totdat dit in 1988 tot niet verklaar en verkoop is. [89]

Vader Hans Brenninkmeijer het tydens sy termyn as vikaris-generaal[90] vanaf 1968 tot ongeveer 1976 gemeld dat agt Dominikaanse priesters, vier studente en twee medewerkende broers die orde verlaat het. In minder as drie jaar het die grootte van die ekumeniese gemeenskap by studiesentrum dus drasties verklein. Teen die einde van 1970 was al die studente reeds weg,

[87] RKKAS, Sint Markus, Annual Report: Parish of Stellenbosch, 30th June 1955; RKKAS, Sint Markus, Annual Report: Parish of Stellenbosch, 30th June 1962.

[88] Die Cabra-nonne is `n tak van die Dominikaanse orde.

[89] RKKAK, Dominican Topics, 10/3, February 1971, p. 15; RKKAK, Vader David J Rowels aan Vader J.D. Baird, 11 Maart 1986, "Emmaus House"; RKKAK, Fr David J Rowles aan Aartsbiskop, 26 April 1988; Brain and Denis, *The Catholic Church in contemporary Southern Africa…*, p. 378.

[90] 'n Vikaris-generaal verwys na die biskop se verteenwoordiger met aangeleenthede aangaande administrasie en jurisdiksie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die novisiaat is oorgedra aan Payneville, Springs aan die Oos-Rand in Gauteng en slegs sewe priesters was oor. Alhoewel 'n gunstige prentjie na buite voorgehou is, was die Stellenbosse gemeente in der waarheid kwesbaar deurdat daar binne die bestek van drie jaar 'n groot afname in lidmaatskap te bespeur was. Die novisiaat op Stellenbosch het tot 'n einde gekom. Die laaste Dominikaanse broeder, Arnold Diephuis, het Stellenbosch in Februarie 1981 verlaat. [91]

Die novisiaat het toegemaak as gevolg van afname in getalle van novisse en belangstelling om by orde aan te sluit. Die Dominikane se hulpbronne en fondse was ook beperk, daarom het hulle slegs een studiehuis in Springs behou. Dit was dus nie voordelig vir Dominikane om die studiehuis op Stellenbosch te onderhou nie, want geen voordeel is daardeur bekom nie. Alhoewel die novisiaat toegemaak het, het die Katolieke gemeente op Stellenbosch bly voortbestaan. Die afsluiting van die Stellenbosse hoofstuk het nie beteken dat die instelling in duie gestort het nie, inteendeel, 'n fondasie vir groeipotensiaal is geskep. Die kerk het nie toegemaak nie en in die jare wat gevolg het, is daar gebou op dit wat die Dominikane vermag het. Vanaf die tydperk toe die sentrum geopen is tot en met die laat 1960's, het die Engelse Dominikane slegs wit kandidate opgelei. Een bruin kandidaat is opgeneem, maar het kort daarna die orde verlaat. Priesters en biskoppe het swart en bruin plaaslike individue genader en hulle sodoende ook in die priesterskap opgelei. Daar was reeds baie swart en bruin nonne en 'n behoefte aan swart en bruin katkisante het reeds bestaan. Die Dominikane was dus deel van Stellenbosch se multi-rassige asook multi-klasse benadering [92]

3.2 Die oorsprong en ontwikkeling van bruin lidmate in die Stellenbosse Rooms-Katolieke Kerk: Die gemeentes van Sint Nikolaas, Sint Markus, en die All Saints-gemeente

Tydens die tweede helfte van die 20ste eeu het verskeie geloofsgemeenskappe in Suid-Afrika groot veranderings ondergaan. Giliomee skryf in sy boek, *Nog altyd hier gewees*, dat die NP-regering op 24 Augustus 1962 afsonderlike wit en bruin woonbuurtes vir Stellenbosch geproklameer het. Volgens Giliomee het daar teen die 1960's 'n gemeenskap van ongeveer

[91] P. Denis. *The Dominican friars in Southern Africa…*, pp. 143, 146, 278.

[92]G. Mukuka, "The establishment of the Indigenous Catholic Clergy in South Africa: 1919-1957", https://uir.unisa.ac.za/bitstream/handle/10500/4506/Mukuka-revisedarticleSHE2008XXXIV(1)-July2008.pdf?isAllowed=y&sequence=1 , p. 19 [Besoek op 6 Februarie 2023] ; Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…*, p. 206; B. Jarret, "Impressions of South Africa", *The Southern Cross,* 12 Feb 1930, p. 1.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3500 mense, die meerderheid bruin, in die Die Vlakte-buurt in die noorde van Stellenbosch gewoon. Hierdie buurt is as 'n wit buurt verklaar en onder die Groepsgebiedewet van 1950 is die bruinmense van Stellenbosch gedwing om 'n traumatiese bevolkingsverskuiwing te ondergaan, alhoewel dit geleidelik geïmplementeer is. Onder die wet moes individue, wat hulle in buurtes bevind het wat as "wit" geproklameer is, elders en ook heeltemal van voor af 'n bestaan gaan maak. Kerke moes gevolglik saam met hulle gemeentes aanpas en inpas. Uit Sint Nicholas (of St. Nikolaas) kerk het die eerste Katolieke gemeente van Stellenbosch ontstaan wat deel vorm van die breër Stellenbosse Katolieke kerkgemeenskap. Die drie kerke, Sint Nikolaas, Sint Markus en All Saints, sowel as hulle gemeentes, sal bespreek word. Die verskil tussen die drie kerke, die omgewing, asook die eienskappe wat hulle onderskei, sal ondersoek word. Die invloed van die verskuiwingswette sal bekyk word ten einde te verstaan hoe die buurte, geboue en gemeenskap ontwikkel het. [93]

Die Naturellewysigingswet van 1957 het ras tot 'n gebied om te werk en woon beperk. Klousule 29c van die wet het dit baie moeilik vir swart- of bruinmense gemaak om kerk te gaan in wit buurte. Hilton Biscombe, 'n gemeenskapsleier van Idasvallei, noem dit dat min rekords die ware impak van die raswette op die bruin gemeenskap van Stellenbosch belig. Die gedwonge verskuiwing en opbreek van gemeenskappe was 'n direkte gevolg van die Groepsgebiedewet en soortgelyke raswette Die afskaffing van die bruinmense se stemreg het ook met die verskuiwing gepaard gegaan. Vir baie was dit die rede waarom hulle steeds voel dat hulle swaarkry.[94]

3.2.1 Sint Nikolaas

Met die uitsondering van die Koelenhof-gemeente, was Sint Nikolaas die eerste Katolieke Kerk op Stellenbosch. Die studiesentrum by Sint Nikolaas word beskou as 'n moeilike missie as gevolg van die anti-Katolieke tradisies en kultuur van die Afrikaanse gemeenskap wat die dorp gedomineer het. Teen 1957 het Biskop Van Velsen by 'n biskopvergadering (SACBC) verklaar

[93]H. Giliomee, *Nog altyd hier gewees: die storie van'n Stellenbosse gemeenskap*, Tafelberg, Kaapstad, 2007, pp. xiii, p. 199; https://omalley.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv01538/04lv01828/05lv01829/06lv01843.htm [Besoek op 14 Maart 2021].

[94] H. Biscombe (red.), *In Ons Bloed*, African Sun Media, Stellenbosch, 2006, p. v; Giliomee, *Nog altyd hier gewees…*, p. xiii.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dat "little had been achieved" omdat nog geen indrukwekkende invloed op die Stellenbosse gemeenskap op geestelike gebied uitgeoefen is nie. [95]

Voor apartheid het die kerk 'n diverse gemeente ervaar. Families van die buurt Die Vlakte was deel van die groter Katolieke kerkgemeenskap. Dit was immers hul naaste Katolieke Kerk. Benewens die skool vir wit kinders, asook 'n "almal- is- welkom- benadering", het die kerk nie segregasie op die oppervlak ervaar nie. Dit is egter binne die kerk waar rasse apart gesit het en waar die dorp se breër rasseskeiding in die gemeente gereflekteer is. Gilomee skryf dat tussen die jare 1854 en 1958 Die Vlakte se bruin en wit inwoners op die gesamentlike kieserslys verskyn het, maar in September 1964 het die *Eikestadnuus* berig dat Die Vlakte tot 'n wit buurt verklaar is. Die bruin inwoners moes dus ander heenkome vind. Voor die instelling van apartheid het wit en bruin gesamentlik 'n gemeenskap op Stellenbosch gevorm en volgens Gilomee "was [daar] feitlik geen huis waarin bruin mense nie of gewerk het of gewoon het nie". [96]

Die prentjie wat geskets word van hoe die kerk aan die begin van apartheid daar uitgesien het en die beeld van die kerk gedurende apartheid, is twee totaal verskillende verhale. Deur die loop van die periode van apartheid het sieninge van die kerk nie net verander nie, maar ook sieninge oor die Katolieke Kerk. Die kerk se aanvanklike neutrale posisie teenoor die apartheidsbeleid het later onmoontlik geword gegewe die ongunstige posisie van haar gemeente, waarvan die meerderheid swart en bruin is, en die kerk self. Die raswette het hierdie sieninge en posisie geaffekteer.[97]

Die raswette het ook inbraak gemaak op die bestuur en beheer van die kerk Sint Nikolaas. Die gronde van Sint Nikolaas is verdeel in drie erwe met die idee om dit te verkoop. Die rede vir die verkope kan toegeskryf word aan finansiële probleme en die gebrek aan hulpbronne om die erf te onderhou. Op die een erf was daar ou slawekwartiere en 'n swembad wat verkoop is, op die erf langsaan staan die kerk en die huis van die priesters en op die derde aanliggende erf is Emmaus Huis wat, soos reeds genoem is, ook in latere jare verkoop is. Rondom 1989 is 'n deel

[95] Bate, "One Mission, 2 Churches…", in Brian and Denis, *The Catholic Church in Contemporary South Africa…,* 1999, p. 9.

[96] Anon., *Eikestadnuus*, 25 September 1964; Giliomee, *Nog altyd hier gewees…,* p. 112.

[97] RKKAK, Brief van Vader David Rowles aan Aartsbiskop, 6 Maart 1987.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van die St Nikolaas-erf aan die Cova da Iria Trust, wat aan Portugese lidmate, mnr. Da Canha en sy vennoot, mnr. Ribeiro behoort het, verkoop. Monsignor Reginald Cawcutt, mnr. Da Canha en mnr. Ribeiro het reeds dele van die Stellenbosse erf gekoop: die kerk, die priesterhuis, Emmaus Huis en ou slawehuis. Hy het verder R300 000 aangebied sodat die kerk en priestershuis gerestoureer kon word volgens die kriteria van die monumentekommissie. Beide Da Canha en Ribeiro was Katolieke en het geglo dat dit hul plig as Katolieke was om God se huis te beskerm. Na die onttrekking van die Dominikane het die kerk finansieel gesukkel en beide Portugese het as finansiële redders ingetree. Die mans het die grond waarop die kerkgebou staan aan die kerk teruggeskenk. [98]

Dit is duidelik dat Sint Nikolaas met gemeentelede soos De Canha en Ribeiro eksterne blootstelling gehad het. Edward Gonzalves is van mening dat die Portugese welkom was op Stellenbosch, want "die wit mense is baie min hier en hulle benodig die ondersteuning". Onder die apartheidsbeleid is Portugese as Europeërs of "wit" bevolking beskou. Dit kan wel bevestig word dat die Stellenbosse Katolieke Kerk deur die loop van die apartheidsperiode gemeng was. In 1987 is die kwessie van 'n gemengde gemeente bevestig in 'n brief aan die Kaapse Aartsbiskop deur die parogiepriester, Vader David Rowles, waarin hy verklaar het dat Sint Nikolaas 90 mense van "alle rasse" op een Sondagoggend bedien het.[99]

Lorna Africa, wat in die 1970's Stellenbosch toe getrek het, noem dat St. Nikolaas 'n gemengde gemeente was wat ook buitelandse besoekers ingesluit het. Alhoewel die Sint-Nikolaas-gemeente 'n "wit area" genoem is, is dit nogtans interessant dat die meeste Katolieke bruin was. In die jaarverslag van 1969 het Arnold Diephuis as parogiepriester aangedui dat die kerk se lidmaatgetalle van 1559 Katolieke soos volg daar uitgesien het: 369 wit, 1130 bruin en 60 swart. Vanaf 1968 tot 1969 was daar 'n toename in die kerk se lidmaatskap van 421 siele. [161]

Gegewe die omliggende gebied se rasseverspreiding, is dit nie verbasend dat die meerderheid van die gemeentelede nie wit was nie. Die Katolieke Kerk het aktief onder die bruinmense

[98] RKKAS, St. Nicholas *plus property documents (165): Brief, Derrick Knight aan Vader J.D. Baird, 17 November 1986; RKKAK, Monsignor Rigenald Cawcutt Vicar Generaal, koop van eiendom deur Mr Francisco Paulo Da Canha en vennoot Mr Ribeiro, 21 Junie 1989; Privaatonderhoud, Vader Wim Lindeque – N. Osborne, 20 Oktober 2020, Stellenbosch.

[99] Privaatonderhoud, Mnr. Edward Gonzalves – N. Osborne, 23 Januarie 2023, Stellenbosch; RKKAK, Brief van Vader David Rowles aan Aartsbiskop, 6 Maart 1987.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sendingwerk gedoen, daarom maak dit dus sin dat hulle groter aandag en suksesse onder die bruin gemeenskap geniet het. Die skeiding van gemeenskappe onder die Groepsgebiedewet was wel keerpunte in die kerk, asook die Katolieke gemeenskap as geheel. Waar die hoofkerk, St Nikolaas, 'n hawe vir alle rasse en internasionale besoekers was, het die wet anderskleuriges gedwing om weg te skuif uit die Kromrivier-gebied. [100]

Nog 'n oorsaaklike faktor in die ontwikkeling en uitbreiding van die gemeenskap kan histories wees, aangesien individue en geestelikes die kerk spesifiek kom opsoek het weens haar besonderse totstandkoming as 'n gemengde gemeente. Die interessante verhaal van die Katolieke Kerk wat 'n weg gebaan het in 'n sterk Calvinisitese omgewing, tesame met die historiese gebou waarin die kerk geleë is, is 'n verhaal wat die moeite werd is om te verwoord.

Dit moet ook genoem word dat aangesien Sint Nikolaas die eiendom is waar die priesters gewoon het en administratiewe sake afgehandel is, het alle vergaderings of forums daar plaasgevind en was die gebou vir die publiek toeganklik. In latere jare is die huis gebruik as ekumeniese ontmoetingslokaal vir geestelikes en dien dit ook as 'n plek waar onderrig gegee is aan leke en ander geestelikes. Die priesters, novisse en postulante wat op die Sint Nikolaas-erf gebly het, het ook aangesluit by die kerkgemeente en breër gemeenskap van die dorp, alhoewel hulle nie gebore of permanente inwoners van Stellenbosch was nie. Derhalwe was die geestelikes essensieel deel van die omliggende gebied se Katolieke gemeenskap, gemeente en studente.

Alhoewel baie klem gelê word op die feit dat die kerk "oop was vir almal", laat dit egter die vraag: waar pas swart families en individue in die prentjie? Baie swartmense het op plase in Idasvallei gebly, maar as gevolg van die Groepsgebiedewet, moes baie van hulle ook verskuif word. Die swart buurt Kayamandi is in 1941 gevestig en was die aangewese buurt vir swart families en individue. Net soos Idasvallei en Cloetesville is Kayamandi aan die buitewyke van die dorp geleë. Die November-Desember parogieblad van 1946 verklaar 'n ledetal van 402 by Sint Nikolaas met 87 wit lede, 306 bruin, twee Indiërs en sewe swart mense. Daar was dus ook swart en Indiër-lidmate, alhoewel min. Die aanname kan dus gemaak word dat hierdie individue dalk deel was van die geestelikes, of moontlik het hulle in die dorpsgebied gewerk. Teoreties was die kerk oop vir almal, maar kwessies soos die destydse raswette en vervoer na

[100] Privaatonderhoud, Mev. Lorna Africa– N. Osborne, 13 Julie 2022, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die kerk moet ook in berekening geneem word. Daar die kerk dus teoreties vir almal oop was, was dit nie altyd toeganklik nie.[101]

Die verskil tussen Sint Nikolaas en die ander twee Katolieke kerke op Stellenbosch was die volgende: Sint Nikolaas was die eerste gebou en oorspronklike kerk. Haar Kaapse Hollandse boustyl maak die kerk ook uniek deurdat dit die enigste Katolieke kerk op Stellenbosch is wat hierdie boustyl vertoon. In vergelyking met die ander twee Katolieke kerke tydens die apartheidsera, was dit ook so te sê die enigste gemengde kerk. Weens die ouderdom van die kerkgebou, was dit in die unieke posisie om as 'n "voor apartheid" instelling beskou te word, waar die ander twee kerke op die dorp nie slegs gedurende apartheid gebou is nie, maar ook as gevolg van apartheid. Dit is die enigste kerk waar 'n bestaande struktuur in 'n kerk omskep is.

Die kerk se omliggende gebied word beklemtoon deurdat dit in die middel van die dorp gesitueer is en daarom ook die hoofkwartier van Stellenbosch se Rooms-Katolieke kerke vorm. Die raswette het 'n direkte impak op die kerk as geheel en haar volgelinge gehad omdat dit oorspronklik 'n veelrassige status gehad het. Die kerk het dus reeds in 1952 besef dat hierdie wette in ag geneem moes word wanneer die grense vir nuwe kerke in stedelike areas opgetrek sou word.

[101] D. Rock, "The Location shall be called Kaya Mandi: A History of Kaya Mandi", Unpublished PhD dissertation, University of Stellenbosch, December 2011, p. 14; https://core.ac.uk/download/pdf/37344813.pdf [Besoek op 12 Junie 2023]; RKKAS, Sint Nikolaas parogieblad, Nov-Des 1946.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Figuur 4: Foto van Sint Nikolaas



Die Rooms-Katolieke Kerk Sint Nikolaas in sentraal Stellenbosch in 1974.[102]

Figuur 5: Foto van Albert Nolan op Sint Nikolaas altaar.

[102] RKKAS, Sint Markus, Nuusbrief, 1974.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

"Inseëning van die nuwe altaar reëlings by Sint Nikolaas kerk: Vader Albert Nolan was die priester in die 1960's." [103]

3.2.2. St. Marks

Alhoewel die buurt Idasvallei reeds in die laat 1920's begin ontwikkel het, het raswette soos die Groepsgebiedewet die tempo van ontwikkeling en uitbreiding inderdaad geaffekteer. Families en gemeenskappe is geraak deur die implementering van rassediskriminasie in besighede, skole en religieuse sentrums. Daarby het dit werk en werksgeleenthede ook geraak. Uit die verskuiwings het armoede ontstaan en ontwikkel, aangesien gesinne toe moes "sien en kom klaar" met die beperkte bronne wat hulle na die verhuisings oorgehou het. Hulle moes herbou, maar daar was nie altyd fondse oor nie. [104]

Met die instelling van die Groepsgebiedewet, is ook witmense verplig om hulle eiendom in bruin buurte aan bruinmense te verkoop. Idasvallei was eksklusief vir bruinmense gereserveer. Huiseienaars in Idasvallei en Cloetesville (eers genoem Cloetesdal) het aansienlik gegroei. Behuisingskemas het ook deel gevorm van die apartheidsvisie, met aparte geboue vir wit-, bruin- en swartmense. Hierdie konstruksie was deel van die apartheidsregering se vyfjaarplan. Volgens 'n opname wat in 1961 onder die bruin gemeenskap van die dorp gedoen is, was daar 691 sub-ekonomiese gesinne op Stellenbosch. [105]

Caroline Newman, wat in 1937 op Stellenbosch gebore is, het te kenne gegee dat haar (bruin) familie ook na Idasvallei moes trek as gevolg van die Groepsgebiedewet, nadat sy vir baie jare in Birdstraat gebly het, "daar naby waar die poskantoor vandag sit". Sy het ook oorspronklik in die omtrek skoolgegaan, maar met die gedwonge verskuiwing was dit egter te ver om te stap. Gevolglik het sy en haar broers aangesluit by die Katolieke skool in Idasvallei. Sy het later jare Katoliek "gedraai". Net soos Newman getrek het weens die raswette, so het Mary Jonathan 'n soortgelyke verhaal. Sy het gewoon waar die Volkskombuis-restaurant tans geleë is, "in een van daai huise". Sy moes ook Idasvallei toe trek.[106]

---

[103] Privaatargief van Mev. Lorna Africa.

[104] Privaatonderhoud Mev. Virginia McDilling – N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch.

[105] Wes-Kaapse Argief en Rekords Diens (hierna WKARD), Kaapstad 3/STB, 1/1/1/97, Minutes,1950: T.C.6/4, 27 June 1950, Housing Schemes; Anon., *Eikestadnuus*, 5 Mei 1961.

[106] Privaatonderhoud Mev. Caroline Newman – N.Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch; Privaatonderhoud Mev. Maria Magdalena Jonathan – N.Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Soos Newman en Jonathan se verhale, is daar baie andere wat soortgelyke ervarings beleef het. Met die ontstaan en implementering van die raswette op die gemeenskap, het dit duidelik geword dat die toekoms van die Katolieke Kerk waarskynlik in Idasvallei geleë sou wees, waar die spilpunt van die Katolieke bevolking en kerkbywoning was. Virginia McDilling is van mening dat daar ook in ag geneem moet word dat die mense van Sint Nikolaas se buurt dikwels voertuie gehad het, waar die inwoners van die nuwe buurt van Idasvallei nie oor motorvervoer beskik het nie. Die het toeganklikheid vir die individue in Idasvallei bemoeilik en die idee het derhalwe ontstaan om "die kerk na die mense te neem". Dit het egter duidelik geword dat Idasvallei slegs oorweeg kon word vir 'n moontlike perseel om 'n kerk te bou indien nog grond beskikbaar sou word.[107]

Tussen 1948 en 1951 het die kerk en gemeente aansienlik gegroei, vanaf 100 (70 wit en 30 bruin) na 500 Katolieke (100 wit en 400 bruin) met 200 bruin lede slegs in Idasvallei. Met hierdie motivering is grond gekoop vir die bou van 'n toekomstige kapel. 'n Skool en 'n gemeente was reeds in die buurt gevestig, dus was die logiese stap om ook 'n kerk hier te bou. Die nuwe kerk in Idasvallei is op Sondag 29 Maart 1953 deur die aartsbiskop ingeseën. Die bou van die kerk is finansieel moontlik gemaak deur aktiewe fondsinsameling van die plaaslike gemeente. Die gemeente van Sint Nikolaas het saamgekom en basaars vir 'n nuwe kerk, skool en parogiebenodighede gereël. [108]

Die realiteit van 'n nuwe kerk het waar geword toe permitte onder die Groepsgebiedewet, Nr 41 van 1950 op 21 Februarie 1953 uitgereik is deur die Departement van Binnelandse Sake in Pretoria. Daarvolgens kon die "wit" Dominikaanse broeders die bruinmense in Idasvallei bedien op grond van die feit dat die broeders die buurt vir religieuse redes kon binnegaan. Alhoewel permitte aan die Dominikaanse broers uitgereik is, het die Dominikaanse nonne reeds sedert 1939 in die bruin gemeenskap begin werk. In 'n brief aan die aartsbiskop het 'n non, Suster Clare Harkin O.P., geskryf dat die Dominikaanse priesters heilige mis op 'n weeklikse basis in die huis van 'n Katolieke familie aan die plaaslike Stellenbossers aangebied het. [109]

---

[107] RKKAS, Sint Nikolaas parogieblad, Nov-Des 1946; Privaatonderhoud Mev. Virginia McDilling – N.Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch.

[108] RKKAS, Stellenbosch St. Nicholas *plus property documents (165), Report written by Father Hildebrand James OP in January 1951 at the request of the Bishop, *"Stellenbosch 1839- 1951"*; RKKAS, Sint Nikolaas parogieblad, Julie 1945; RKKAS, Sint Nikolaas parogieblad, Mei 1953.

[109]RKKAK, Arnold Diephuis aan die Departement van Gemeenskapsbou, 1 Maart 1973; Privaatonderhoud Mev. Shirley Saldanha – N Osborne, 19 November 2022, Stellenbosch; RKKAK, Stellenbosch/Idas Vally

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die nonne het op 17 Februarie 1941 in 'n nuwe skool begin werk. Die skool, bietjie groter as die Katolieke familiehuis, het ook as 'n weeklikse bymekaarkomplek vir kerklike dienste gedien en vir lank is die skoolsaal as plek van aanbidding gebruik. Op 4 Augustus 1942 is die eerste bekeerlinge van kinders in die kerk onder leiding van die priester, Vader Peter-Paul Feeny, tesame met twee nonne ingeseën. Daarna het die lidmate van die kerk vinnig en dramaties gegroei. Teen die einde van 1944 was daar 80 bekeerde Katolieke in die kerk. [110]

Hieruit is dit duidelik dat 'n fisiese kerkgebou bygedra het tot die groei in getalle. Die Katolieke skool was 'n groot faktor wat bygedra het tot menigte bekeerlinge en dus lidmate van die Stellenbosch Katolieke kerk. Daar moet egter in ag geneem word dat dit nie net die kinders was nie, maar dikwels die kinders se ouers wat self ook tot die katolisisme bekeer is.[111]

Die drastiese groei in getalle het 'n nood vir 'n groter kerk laat ontstaan. Grond is in 1946 vir 'n kapel aangekoop. Dit het natuurlik sin gemaak om die kerk in Idasvallei te bou, want dit is waar die gemeente gevestig was. Die datum op die boukontrak dui 1987 aan vir die bou van 'n nuwe kerk en presbiter vir die St. Markus Katolieke Kerk in Idasvallei, Stellenbosch. Mnr. J.J. Heneke junior was in beheer van die boubedrywighede en sy pa was die bestuurder. Die gemeentelede was self betrokke met die bou van die kerk. Dit het ongeveer vyf maande geduur om die kerk te bou en op Sondag 29 Maart 1987 is die hoeksteen van die nuwe kerk van Sint Markus in Idasvallei deur Aartsbiskop Owen McCann gelê. Caroline Newman het verklaar dat haar oupa die Sint Markus Kerk in Idasvallei help bou het, so ook "Menere Festus, Van Kerwel en Heneke, asook Meneer Kahler, en Oupa Heneke. Hulle het elke Saterdag gebou en van hierdie mans is opgelei as bouers. Daai mense met hul kinders". Sy het ook genoem dat die bouproses stadig verloop het. Niemand is vergoed vir hulle werk nie en volgens Newman "het ons [die kinders] ook ons werkies gehad. Die meisies moes tee en middagete aandra". Dit kan dus gesê word dat Sint Markus Kerk gebou is deur die bruinmense, vir bruinmense.[112]

(Cloetesville), 57/164, Brief: Suster Clare Harkin O.P, aan Aartsbiskop, 30 Nov. 2003; RKKAS, Stellenbosch St. Nicholas *plus property documents (165), Report written by Father Hildebrand James OP in January 1951 at the request of the Bishop, 1839- 1951.

[110] RKKAS, "Re: Archdiocesan Pastoral Consultation", Brief aan Vader John Bartmann, 31 Augustus 2001.

[111] Privaatonderhoud Mev. Virginia McDilling – N.Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch.

[112] "Hoeksteen van nuwe kerk naby Stellenbosch gelê", *The Southern Cross*, April 1987; RKKAS, Nuusbrief, "Re: Archdiocesan Pastoral Consultation", Brief aan Vader John Bartmann, 31 Augustus 2001; Privaatonderhoud Mev. Caroline Newman – N. Osborne, 12 November Oktober 2022, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Alhoewel geografies apart, was Sint Markus nie geestelik apart van die wit buurte nie. Die Idasvallei-kerk word bygewoon deur baie wit lede en is ook die sentrum van die klooster en skool. Volgens *The Southern Cross* van 4 December 1946 het die kerk se lidmaadskap in 'n periode van agt jaar vyfvoudig gegroei - vanaf 100 (70 wit en 30 bruin) lidmate in 1942 tot 500 (100 wit en 400 bruin). By Idasvallei alleen was daar 200 bruin Katolieke. Een rede vir die groei in lidmaatskap was te danke aan die invloei van plaaswerkers na dorpsgemeenskappe. Individue het dorp toe agter werk aan getrek. Die buurt Cloetesville het 'n massaverskuiwing beleef van individue wat dorp toe getrek het, omdat daar nie meer plek op plase was nie. Dominee Jaco Coetsee (VGK) is van mening dat die kerke baie ywerig geestelike werk gedoen het om siele te werf uit die groot instroming van mense.[113]

Die eienskappe wat Sint Markus uniek maak, is dat die gemeentelede uit 'n groot aantal bekeerdes bestaan het. Die kerk is self ook gebou deur die gemeentelede. Daar is reeds daarop gedui dat die meerderheid van die gemeente in die Idasvallei-buurt bruin is, gegewe die raswette onder apartheid. Verder is dit nodig om daarop te wys dat die meerderheid Katolieke bruin was, soos deur statistiek hierbo verwys. Dit kan te danke wees aan die sendingskoolmissies en dit word deur die aantal bekeerde leerders beklemtoon, aangesien Sint Markus ook 'n skool in die buurt besit. Die leerders en onderwysers het daardeur deel van die gemeente gevorm.

Met die aanwas van families in die Idasvallei-woonbuurt en met die sogenaamde bruin gemeenskap wat aanvanklik in Stellenbosch-sentraal gebly het (Die Vlakte) maar weens die wet moes trek, moes nog grond vir die behuising van bruin families beskikbaar gestel word. Die Cloetesville-buurt is oorweeg omdat daar te veel bruin gesinne was vir die beperkte grond van Idasvallei. Die Katolieke wat eers naby St. Nikolaas Kerk gebly het, is toe in Cloetesville gevestig.

[113] *The Southern Cross*, 4 December 1946, p. 2; Privaatonderhoud Ds. Jaco Coetsee – N. Osborne, 22 November Oktober 2022, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Figuur 6: Foto van Sint Markus



Die Rooms-Katolieke Kerk Sint Markus in Idasvallei, Stellenbosch, circa 1980's.[114]

3.2.3. All Saints

Die All Saints Kerk is geleë in die bruin buurt Cloetesville. Hierdie buurt is "gebou vanaf niks af nie" en net soos met Idasvallei, is dit as gevolg van die Groepsgebiedewet dat hierdie buurt ontstaan het. Virginia McDilling het verklaar "Daar waar All Saints vandag staan, daar was dit eers net plaas".[115]

Die Munisipaliteit van Stellenbosch het 'n plaas oorgekoop van 'n ene meneer Cloete – vandaar die naam "Cloetesville". Grond is beskikbaar gestel aan die "onwettige" bruinmense wat in die dorp gebly het. Bryan Adams is van mening dat dit die munisipaliteit se manier was om ontslae te raak van die bruinman uit die sentrale dorpsgebied. Wilfred Damon is deur 'n artikel in *Timeslive* aangehaal. Hy en sy sewe sibbe en ouers is op 1 Maart 1971 opdrag gegee om te skuif uit die huis waarin hy groot geword het. Hy het vertel dat soos die huise in Cloetesville beskikbaar geword het, die munisipale beamptes aan die deure kom klop het. In die beamptes

[114] RKKAS, Sint Markus, Nuusbrief, circa 1980's.

[115] Privaatonderhoud Mev. Virginia McDilling – N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

se hande was dan die eienaarskapsakte, 'n sleutel en verhuisdatum. Volgens Damon was "die datum gewoonlik vroeër as later". [116]

Gedwonge verskuiwing na Cloetesville het stuk vir stuk plaasgevind tot en met die 1970's. Cloetesville was verder weg uit die dorp en het beperkte fasiliteite gehad. Die Groepsgebiedewet het dus tot behuisingskemas soos in Idasvallei gelei. Die idee om Cloetesville vir hierdie doel te ontwikkel, het van die destydse Kleurling Bestuurskomitee gekom. Die eerste behuisingsprojek van die buurt het in 1964 begin as "ekonomiese huise". Die tweede fase van die behuisingskema het in 1965 'n aanvang geneem en is in 1969 voltooi. Dit het huurkoopskemas behels. Die spesiale bestuurskomitee van Kleurlingsake het een keer 'n maand ontmoet. Daar is besluite geneem of toestemming gegee insake die bruin buurte van die dorp soos Cloetesville en Idasvallei. Die bruinmense het dus hul eie gemeenskapsake bestuur wat die uiteindelike doel van die apartheidsbeleid was. [117]

Alhoewel 'n buurt aan die ontwikkel was, was die naaste Katolieke Kerk Sint Nikolaas. Die tekort aan vervoer en die afstand tussen die dorp se kerk en Cloetesville het dit egter vir die inwoners van Cloetesville moeilik gemaak om kerk by te woon. In daardie stadium het die Katolieke Kerk 346 lidmate in Cloetesville gehad en 152 in die wit dorpsgebied en in noodkampe wat binnekort sou moes verhuis weens die raswette. Nog 'n denominasie, die Anglikaanse kerk, was in dieselfde situasie. Die Anglikaanse Kerk het 339 lidmate in Cloetesville gehad en nog 210 individue wat moes verskuif. Altesame 1047 lidmate het dus 'n kerk benodig en was dit ook 1047 redes waarom 'n kerkgebou in Cloetesville belangrik was. Met die massas wat Cloetesville toe moes trek, het die begeerte vir 'n kerk onder die mense na vore gekom.[118]

Volgens argivale dokumente het die Katolieke Kerk aansoek gedoen vir grond om 'n kerk te bou. Die aansoek is egter afgekeur deur die Stellenbosse Munisipaliteit omdat die Katolieke reeds in daardie stadium twee kerke op Stellenbosch besit het. Slegs vier kerkpersele was

---

[116]Privaatonderhoud Mnr. Bryan Adams – N. Osborne, 2 Junie 2023, Stellenbosch; https://www.timeslive.co.za/news/south-africa/2017-11-15-that-parking-lot-was-my-home-stellenbosch-man-revives-interest-in-area-demolished-under-apartheid/ [Besoek op 14 Maart 2023].

[117] https://www.sun.ac.za/english/Documents/Unsorted/Die%20Vlakte%20-%20English.pdf [Besoek op 15 Maart 2023].

[118] RKKAK, Eerwaarde Vader Arnold Diephuis OP Priester-in-bevel van Dominkanersklooster Sint Nikolaas - Die Department van Gemeenskapsbou, Kaapstad, 1 Maart 1973.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

beskikbaar, terwyl nege kerke aansoek gedoen het. Dit is ook in hierdie tyd dat die Anglikane 'n erf gesoek het, maar nie die fondse gehad het om 'n kerk te bou nie. Daarby het die Katolieke en Anglikane gesukkel om grond te bekom weens die politiek van die dorp. Edward Gonzalves het verklaar dat die Gereformeerde kerke voorkeur in die land gekry het, siende dat enige bruin woonbuurt eerste grond vir 'n NG of Gereformeerde kerk kon bekom. Deur kerke ook te segregeer en verskillende rasse apart te hou, het "eiesoortige ontwikkeling" prominent geword. Daar was egter net grond vir een kerkdenominasie beskikbaar.[119]

Die uiteindelike resultaat van beide die kerkgenootskappe wat grond gesoek het, was dat hulle saamgespan het en 'n gemeenskaplike aansoek vir een stuk grond ingedien het. Die motivering, wat aangestuur is deur Vader Arnold Diephuis, het "ekonomiese, godsdienstige en personeelredes" as skriftelike ondersteuning vir die samewerking verskaf. Die aansoek was suksesvol en die kerkgebou, wat die All Saints genoem is, is in 1978 ingeseën en geopen. Die kerk word besit deur beide die Katolieke en Anglikane en is geregistreer onder die titel "The Anglo-Catholic Trust".[120]

Die kerk was 'n produk van Vader Francis Blake se visie wat die onderhandelinge oor die grond waarop die kerk gebou is, gevoer het. Hy was die Rektor van die Anglikaanse Kerk op Stellenbosch tydens die beplanningsperiode en Vader Aidan Mayos was die Anglikaanse kapelaan van die Universiteit van Stellenbosch. Tesame met die Rooms-Katolieke priester, Vader Arnold Diephuis en die werk van die "Community of Resurrection", wat verantwoordelik was vir die Anglikaanse geestelike werk op Stellenbosch tot 1975, het onderhandelinge plaasgevind met die Katolieke Priory van St. Nikolaas oor gesamentlike eienaarskap van die gebou. [121]

Daphne Adams het verklaar dat dit aan die begin goed gewerk het, maar oor tyd het konflikte maar ontstaan tussen die twee denominasies soos elke kerk met sy unieke probleme moes worstel. Volgens mev. Adams is opsies verken om die een of die ander uit te koop, maar nóg

[119] Privaatnderhoud Mnr Edward Gonzalves – N. Osborne, 23 Januarie 2023, Stellenbosch; Privaatonderhoud Mev. Margaret Festus – N. Osborne, 9 June 2023, Stellenbosch.

[120] RKKAK, Eerwaarde Vader Arnold Diephuis OP Priester-in-bevel van Dominkanersklooster Sint Nikolaas, Die Department van Gemeenskapsbou, Kaapstad, 1 Maart 1973; RKKAS, Brief, "Re: Archdiocesan Pastoral Consultation", Brief aan Vader John Bartmann, 31 Augustus 2001; Privaatonderhoud Mev. Marcia Osborne– N. Osborne, 26 Januarie 2023, Stellenbosch.

[121] Smuts, *Stellenbosch, Drie Eeue...*, p. 269.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die Katolieke, nóg die Anglikane het oor die fondse beskik om hierdie stap te neem. Mev. Margaret Festus het gesê dat die Katolieke en Anglikane het wel hulle eie "apparate" wat in die kerk gebruik word en dit word nie gedeel nie. Die kerke werk ook op 'n skedule vir dienste. Die Anglikane het die kerk ook as 'n kleuterskool gedurende die week gebruik. Vandag deel die twee kerke steeds die perseel en kan daar aangeneem word dat die verhouding tussen die twee denominasies sukkelend maar tog suksesvol was.[122]

Mev. Margaret Festus en mnr. John Pieters is van mening dat dienste reeds in 1977 aan die gang was, maar volgens 'n koerantartikel het meer as 700 mense op Palm Sondag, 19 Maart 1978, by All Saints-kerk bymekaar gekom om deel te neem aan die toewyding van die nuwe kerkkompleks. Die kardinaal het die kerk beskryf as 'n teken van beweging na eenheid, gegewe die samewerking met die Anglikaanse Kerk. Dit was die Katolieke se derde en laaste kerk wat op Stellenbosch gebou is.[123]

Met die ontwikkeling van die All Saints Kerk, het die gemeente ook uitgebrei. Dis is belangrik om daarop te let dat die werk van die plaaslike Katolieke parogiepriester toe meer geword het. Dieselfde kerklike struktuur is steeds toegepas met een parogiepriester wat drie kerke elke Sondag moes bedien. Die jaarverslag van 1979, genoteer deur parogiepriester Vader Arnold Diephuis, dui op 'n totale lidmaattal van 2069, met 299 wit, 1714 bruin, ses Chinese en 50 swart lede. Dit sluit ook organisasies in soos die mansvereniging, vrouebond, koor, parogieraad, universiteitstudentegemeenskap (230 lede), die Charismatiese bidgroep en die Bybelstudiegroep.[124]

Alhoewel All Saints nie 'n rasgemengde kerk is nie, is een van die faktore wat die kerk uniek maak die omgewing waarin dit gesitueer is. Die woongebied is oorheersend bruin, dus is die gemeente van die kerk ook oorheersend bruin. John Pieters, 'n Cloetesviller en Katoliek, noem

[122] Privaatonderhoud Mev. Daphne Adams– N. Osborne, 2 Junie 2023, Stellenbosch; Privaatonderhoud Mev. Margaret Festus – N.Osborne, 9 Junie 2023, Stellenbosch.

[123] Privaatonderhoud Mev. Margaret Festus – N. Osborne, 9 Junie 2023, Stellenbosch; Privaatonderhoud Mnr. John Pieters– N. Osborne, 9 Junie 2023, Stellenbosch; Anon., "Steps towards unity at Stellenbosch", *Seek*, May 1978, p. 1.

[124] RKKAS, Sint Markus, Annual Report: Parish of Stellenbosch, 30th June 1979.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dat in die bruin gemeente meestal wit en buitelandse priesters die mense bedien het, “dis eers later jare wat priesters van kleur heilige mis aangebied het”.[125]

All Saints is die enigste kerk wat nuut gebou is deur ’n maatskappy. Die Sint Nikolaas-kerkgebou het reeds bestaan en met opgraderings was dit meer geskik as om kerk te gebruik. Sint Markus is weer deur die gemeentskap self gebou. Die kerk verskil van die ander twee kerke in dié sin dat daar reeds Katolieke in die omgewing gewoon het. Hulle het dus ’n gebou benodig, want die Sint Markus en Sint Nikolaas-kerke was te ver.

Een aspek wat uitstaan, is die Anglo-Catholic Trust. Dit dui op die samewerking in die gemeenskap en op die dorp. So ’n tipe ooreenkoms sou aan die begin van apartheid waarskynlik nie die lig sien nie, aangesien die Katolieke baie eksklusief was en nie met ander denominasies gemeng het nie. All Saints is dus ’n goeie voorbeeld van eenheid waar daar twee gemeentes binne een gemeenskap bestaan.

Die Afrikaner-apostolaat is as ’n moeilike een beskou weens die anti-Katolieke tradisie en Afrikaner-kultuur op Stellenbosch, maar soos in die geval van die All Saints-kerk het ’n gemeenskap dit reggekry om nie net grond vir geestelike doeleindes te bekom nie, maar ook ’n eenheid te vorm as gevolg van omstandighede buite hulle beheer. Die politieke magteloosheid, tesame met ’n verwarrende gevoel van verplasing, het ook ’n gevoel van onderdrukte wrok aangewakker. Die All Saints-gebou was die jongste kerk en daarom is die beskikbare geskiedenis van hierdie gebou beperk. Wat wel duidelik is, is dat die hele bevolkingsverskuiwing blywende letsels gelaat het wat vandag steeds in die gemeenskap sigbaar is. [126]

[125] Privaatonderhoud Mnr. John Pieters– N. Osborne, 9 Junie 2023, Stellenbosch.

[126] Brain and Denis, *The Catholic church in contemporary Southern Africa…*, p. 15.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Figuur 7: 'n Foto van All Saints

Die Kerk All Saints in Cloestesville, wat deur die Katolieke en Anglikane Kerk gebruik word.[127]

3.3. Samevatting

Deur elke Katolieke gemeentekerk afsonderlik te analiseer, kon 'n beter begrip gevorm word oor die Stellenbosse Katolieke Kerk en om dit binne die konteks van ontwikkelinge op die dorp en binne die kerke te verstaan. Deur hierdie analise kon 'n kort beskrywing van die area en hoe die kerk tot stand gekom het, weergegee word. Die bruin Katolieke gemeenskap van Stellenbosch is geïdentifiseer deur middel van die drie gemeentes: St. Nikolaas, St. Markus en die All Saints-kerk.

Die vraag kan ook gevra word waar swart en witmense in die Katolieke sfeer inpas. Die witmense het by Sint Nikolaas ingeskakel aangesien dit ook die naaste kerk vir hulle was. Daar is enkel gevalle waar die swart inwoners van Kayamandi die ander Katolieke kerke op die dorp bygewoon het, maar nooit aangesluit het by die hoofstroom nie. Daar word bespiegel dat die Katolieke en Anglikane ook in Kayamandi geriewe deel, maar elke ras het sy eie gemeenskap gevorm weens die destydse apartheidsbeleid en -wette. Die Anglikaanse kerk, St. Johns, is in Kayamandi geleë en Virginia McDilling het genoem dat Katolieke in 'n stadium van daardie kerk gebruik gemaak het om die heilige mis na mense te bring. Van die nonne het wel pogings

[127] https://adct.org.za/cloetesville/ [Besoek op 26 Augustus 2023].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aangewend om met die mense in Kayamandi te skakel en in hulle geestelike behoeftes te voorsien, maar dit was nie volhoubaar nie. [128]

Alhoewel die Dominikane suksesvol in hul oorspronklike missie was om 'n kerk op Stellenbosch te vestig en daarmee saam lidmate te werf, het die novisiaat in later jare begin sukkel. Alhoewel dit die sluiting van die studiehuis beteken het, kon die Katolieke Kerk voortbestaan as gevolg van die sterk fondasie wat die Dominikane gelê het.

[128] Privaatonderhoud Mev. Virginia McDilling – N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 4: Die Rooms-Katolieke Kerk in aksie in die bruin gemeenskap

4.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk fokus op drie afdelings: die rol, bydrae en doel van die kerk in die bruin gemeenskap. Die Rooms-Katolieke Kerk van Stellenbosch word spesifiek ontleed ten opsigte van haar bydrae tot die gemeenskap se groei en verbetering. Die doel van die kerk sal duidelik gemaak word deur aspekte van haar rol en bydrae te ontleed. Die kerk en sy werk binne die gemeenskap sal ondersoek word uit die perspektief van die breër gemeenskap en die konteks van die dorp Stellenbosch. Daar word spesifiek ontleed hoe die Rooms-Katolieke Kerk van Stellenbosch daartoe bygedra het om die gemeenskap te laat groei en verbeter.

Tussen 1948 en 1994 het die Katolieke Kerk ook 'n aantal ander rolle beklee, insluitend spirituele ondersteuning, as opvoeder en bemiddelaar om sosiale kwessies soos armoede, die implementering van die raswette en beperkings op onderrig aan te spreek. Tweedens ondersoek hierdie hoofstuk die verskillende bydraes van die kerk om vas te stel of die gemeenskap voordeel getrek het uit die kerk se hulp. Daarteenoor sal in die derde plek die spesifieke doel van die Rooms-Katolieke Kerk in die bruin gemeenskap in hierdie afdeling bespreek word om te bevestig tot watter mate die kerk voordeel getrek het deur sodanige betrokkenheid. Laastens sal die uitdagings wat die kerkgemeenskappe in die gesig staar vlugtig bespreek word. Daardeur word gepoog om 'n beter begrip te kry van die invloed wat 'n godsdienstige instansie kan speel om die algemene welsyn van individue te bevorder en hulle lewens te verbeter of te benadeel.

4.2 Die rol en bydrae van die kerk tot die gemeenskap

4.2.1. Die Rooms-Katolieke Kerk en Afrikaans

Alhoewel die kerk 'n geestelike tuiste bied waar mense hul geloof kan verken, bied dit ook praktiese ondersteuning in verskillende vorme aan gemeenskappe. Programme en bronne word dikwels beskikbaar gestel om nie net minder bevoorregtes nie, maar ook die breër gemeenskap te ondersteun en te dien. Hulp kan byvoorbeeld aangebied word in die vorm van finansiële hulp, voedingskemas en beradingsdienste. Die programme word geloods en finansieel deur lede van die kerkgemeenskap ondersteun. Die bydrae van die kerk tot die gemeenskap kan dus divers en betekenisvol wees, omdat die kerk geleentheid het om op meer as een vlak en terrein

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

betrokke te raak. Deur die bydrae van die Katolieke Kerk in die bruin gemeenskap van Stellenbosch te bespreek, kan die rol van dié kerk geïdentifiseer word. Die kerk se rol as informant is 'n belangrike aspek in die opvoeding en groei van 'n gemeenskap. Soos die aantal bekeerdes gegroei het, het Katolieke biskoppe besef dat in baie gemeentes nie almal geletterd was nie. Hulle het dus hierdie gemeenskappe van Katolieke leeswerk probeer voorsien. Publikasies soos *The Southern Cross, Die Brug*, *The New Nation*, *Inter Nos en Catholic Magazine* sal ondersoek en vlugtig bespreek word. [129]

Die *Catholic Magazine* is in 1920 gestig. Hierdie koerant het 'n forum geword vir die denkwyse van ingeligte Katolieke. Dit is ook deur nasionale lesers gelees en het 'n wye reeks onderwerpe gepubliseer. Nog 'n Katolieke publikasie en weekblad, *The Southern Cross*, het ook in Oktober 1920 begin gepubliseer. Met *The Southern Cross* se poging om meer tweetalig te word, het hulle 'n Afrikaanse afdeling in die koerant, genaamd "Suiderkruis", uitgereik. Daar is verklaar dat die redaksie besef het dat Afrikaanse artikels nodig was en dat die Afrikaanse segment sterk in Suid-Afrika teenwoordig was. Die verwesenliking dat die Afrikaanse gemeente ook deel gevorm het van die lesersgetal, was die motivering agter die Afrikaanse segment wat in die koerant geplaas is. Die gebruik van Afrikaans was 'n bemoedigende teken. Hierdie stap was baie nodig aangesien 'n gebrek daaraan moontlik die groei van die kerk in die land kon belemmer. Die aanname het bestaan dat meer mense deur die taal Afrikaans, wat deur die meeste van Stellenbosch se bevolking gepraat word, bereik kon word. Met die vestiging van die kerk op Stellenbosch is die teikenmark op die breër Afrikaanse gemeenskap gerig. Die koerant was elke Sondag teen 'n klein bedrag vir die gemeentelede by die drie Katolieke kerke op die dorp beskikbaar.[130]

Hermann Giliomee verklaar dat die Nasionale Party, die Afrikaanse nuuskoerant *Die Burger* en die Nasionaal-georiënteerde intelligentsia van Stellenbosch by verre die invloedrykste magte was wat aan die werk was in die formulering van die apartheidsplan wat in die dekades voor 1948 posgevat het. Die Stellenbosser, Alec Appolis, noem dat bruinmense nie toegelaat is om *Die Burger* te koop nie omdat die ou bruinmanne in die gemeenskap dit nie goedgekeur

[129] Brain and Denis, *The Catholic Church in contemporary Southern Africa...*, p. 197.

[130] NSLA, A. 1988-2006: Centenary Congress, St. Mary's Cathedral, 1851-1951: Establishment of the Hierarchy, January 1951, National Catholic Congress 1951: Centenary Congress of St. Marys Cathedral, St Mary's Cathedral, Cape Town, p. 29; Anon., "Afrikaans as Katolieke Kerktaal", *The Southern Cross*, 12 September 1951, p. 4; Privaatonderhoud Mev. Marcia Osborne – N. Osborne, 26 Januarie 2023, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

het nie. Spesifiek in die Wes-Kaap, het *Die Burger* die dominante sirkulasievoordeel oor ander Afrikaanse nuuskoerante gehad en het díe koerant die Afrikaanse lesersmark oorheers. *Die Burger* was egter onsimpatiek teenoor kleursake en dit is om daardie rede dat die bruinmense eerder verkies het om die Engelstalige *The Argus* of *The Cape Times* te lees. Die Engelssprekende koerante het 'n meer simpatieke gesindheid teenoor bruines ingeneem. Hierdie sentiment was baie sterk op Stellenbosch.[131]

Die Katolieke Kerk, het dus gepoog om met dieselfde simpatieke gesindheid soos die Engelse koerante in Afrikaans te publiseer. Die nuuskoerant, *Die Brug*, word sedert April 1952 deur die Katolieke Afrikaner-sentrum uitgegee. Die blad is hoofsaaklik by verskillende kloosters en skole in Suid-Afrika versprei. Daaruit volg dat die belangrikste lesers onderwysers was wat weer hul invloed op die leerlinge laat geld het. Aangesien dit in Afrikaans gepubliseer word, is die hoofdoel daarvan om die Afrikaanssprekende lede van die Rooms-Katolieke Kerk te bereik. Die blad word oor die hele Suid-Afrika versprei. Die koerant het gepoog om die afstand tussen die Afrikaanse taal en die Katolieke geloof te vernou. Daarbenewens het die koerant ook gepoog om die Afrikaanse taal binne die kerk te bevorder. [132]

'n Engelssprekende weekblad, *The New Nation*,[133] het 'n belangrike gaping gevul waar sensuur en beperkings op sekere berigte in ander koerante geplaas is. In November 1987 was *The New Nation* die eerste koerant wat 'n staatswaarskuwing gekry het ten opsigte van sy mediabeperkinge. Die mediasensuurwet is in 1974 ingestel en het die Suid-Afrikaanse regering die mag gegee het om enige film, toneelstuk, boek, program of publikasie te sensor. Die publikasie van *The New Nation* is tussen Maart en Junie 1988 opgeskort. Voordat die blad tot 'n einde gekom het, het dit 'n rol gespeel om die leke van Stellenbosch in te lig oor kerklike sake en hoe dit verband hou met die konteks van die land. Die Vatikaan het egter te hore gekom van die Suid-Afrikaanse persbeperkings volgens 'n artikel in die internasionale Katolieke koerant, *Inter Nos*[134] van Maart 1988. Tesame met *The New Nation* het ses ander nuuskoerante

[131] Giliomee, "The making of the Apartheid plan…", p.391; Biscombe, *In Ons Bloed*, p. 206.

[132] Theron "Die geskiedenis en aksie van die Rooms-Katolieke kerk…", p. 132; H. Engering, "Afrikaans in the Church, *Southern Cross,* 16 April 1969.

[133] Die *New Nation*- koerant was nie spesifiek Katoliek nie, maar is bestuur en beheer deur die SACBC en het nie *The Southern Cross* vervang nie.

[134] *Inter Nos* was `n interne joernaal wat deur die SACBC vanaf die middel van 1960 tot 1995 uitgegee is. Die mandaat van hierdie publikasie het die aktiwiteite van die SACBC- kommisies en -departmente verteenwoordig,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dieselfde waarskuwing gekry. Die NP-regering het noodregulasies geïmplementeer om persmedia te beheer. [135]

Die kerk se bydrae in hierdie verband was nie net die publikasies wat bygedra het tot Katolieke literatuur nie, maar ook die poging om Katolieke se kennis uit te brei. 'n Nuwe teikenmark van Afrikaanssprekendes is geskep en 'n bydrae is tot die beperkte opvoeding van bruin Katolieke gemaak. Verder was dit ook die doel om die nie-Katolieke leser in te lig en te inspireer, die kerk se teenwoordigheid in media te vergroot en om geskiedenis vas te lê soos wat dit ontvou het. Beperkte Afrikaanse leesstof was vir die bruin gemeente beskikbaar. Met die publikasie van die *Suiderkruis* het die Katolieke Kerk dus gepoog om 'n gaping te vul.

'n Strategie van evangelisasie was die publisering van Katolieke literatuur soos hierbo vermeld. Ongeag groot finansiële verlies, het die kerk voortgegaan om die koerant vir 'n aantal jare te publiseer, sodoende het dit openbare biblioteke, universiteite en selfs die NGK se kweekskole bereik. Alhoewel die koerante self min sukses behaal het, was dit wel teenwoordig veral in die bruin gemeenskap en kon dit selfs die andersins geslote wit Afrikaner-omgewing binnedring. Dit alleen was alreeds 'n belangrike prestasie en doel van die Katolieke Kerk.[136]

4.2.2. Die Rooms-Katolieke Kerk en skoolonderrig op Stellenbosch

Die lyding en seerkry wat deur rasseskeiding in Suid-Afrika veroorsaak is, was vir Biskop Denis Hurley 'n belangrike kwessie. Hy skryf dat daar verdeeldheid in die kerk was as gevolg van die stelsel van "tweesoortige skole", ongeag die onderrigstaal, want onderrigmetodes en die sillabusse vir die verskillende bevolkingsgroepe was feitlik identies. [137]

'n Groot sendinggemeenskap wat uit verskillende kerke bestaan het, het op Stellenbosch ontstaan. Die NGK het sendingwerk in Kayamandi, die oorwegend swart gemeenskap, gedoen

---

veral die van die leke. Sien https://www.scross.co.za/2021/01/a-history-of-catholic-press/ [Besoek op 17 April 2023].

[135] S.A.C.B.C., *Inter Nos,* March 1988, p. 26; Anon., *The Cape Times*, 6 December 1988.

[136] Anon., *The Southern Cross,* 8 Aug 951, p. 2; Anon., "Afrikaans as Katolieke Kerktaal", *The Southern Cross,* 12 September 1951, p. 4.

[137] J. Malherbe, "Get political, Hurley urgers" *Rand Daily Mail,* 28 January 1982, p. 1.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en selfs 'n sendingkomitee gehad om sake te behartig. Ook die Rynse gemeente van die NG Sendingkerk het sendingwerk onder die bruin gemeenskap gedoen net soos die Katolieke ook aktiewe sendingwerk onder die bruinmense behartig het. Mettertyd het onderwys in nie-wit gemeenskappe die enigste prerogatief van sendingskole geword. Een van die Katolieke ordes, die Dominikaanse Cabra Susters[138], het aktief op Stellenbosch sendingwerk voorgesit. [139]

Die Dominikaanse Cabra Susters, wat deel vorm van die Dominikaanse orde, het dit ten doel gestel om skole in die Kaapprovinsie te stig. Hierdie sustersorde is reeds sedert 1868 in Suid-Afrika aktief. Sedertdien het die orde hulle toegewy aan Katolieke opvoeding. Skole is dwarsoor Suid-Afrika gestig en bestuur. Tussen 1938 tot 1939 is vier skole geopen, insluitend 'n skool op Stellenbosch en 'n bruin skool naby Idasvallei.[140]

4.2.2.1 Taal

Taal, soos reeds in die vorige afdeling bevestig, was 'n baie belangrike instrument vir evangelisasie. Gonzalves is van mening dat as "jy nie mense se taal [kan] praat nie – dis al klaar 'n groot struikelblok". Taal het 'n groot rol gespeel want dit het diegene beïnvloed wat deur die kerk vir hul sendingmissies gestuur is. Leke en plaaslike gemeentes moet geestelikes kan verstaan ten opsigte van die funksie en doel wat die kerk gebruik om mense te bereik.[141]

Die taalkwessie is ook 'n bydraende faktor waarom Stellenbosch as 'n spilpunt vir Katolieke ontwikkeling gekies is. 'n Voorneme om met Afrikaanssprekende mense kontak te maak en

---

[138]Die Cabra susters is nonne wat deel vorm van die Orde van Priesters wat in 1206 deur Sint Dominic Gizman gestig is. Die nonne val onder die Dominikaanse orde wat poog om die Christendom te versprei deur middel van hul werk in onderwys, ekologie en geregtigheid. Alhoewel oorspronklik van Ierland, word die orde se werk uitgevoer in lande soos Suid-Afrika, Portugal, en Argentinië. Sien https://dominicansisters.com/who-we-are/ [Besoek op 2 Augustus 2023].

[139] Nederduitse Gereformeerde Kergargief, Stellenbosch (hierna NGKAS), Kerkraad kommissie, Gemeensteversameling Stellenbosch notule, 10 Feb 1947 te Moederkerk; NGKAS, Kerkraad vergadering, Verslag van die sendingskomitee op 12 Mei 1947, p. 312.

[140] NSLA, A. 1988-2006: Centenary Congress, St. Mary's Cathedral, 1851-1951: Establishment of the Hierarchy, January 1951, National Catholic Congress 1951: Centenary Congress of St. Mary's Cathedral, St Mary's Cathedral, Cape Town, p. 34; https://www.scross.co.za/2017/11/cabra-dominican-sisters-celebrate-150-years-with-them/ [Besoek op 14 Julie 2023].

[141] Privaatonderhoud, Mnr. Edward Gonzalves – N. Osborne, 23 Januarie 2023, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

rassevooroordeel af te breek, was ook een van die redes waarom Stellenbosch as fokuspunt gekies is, asook dat anderstalige Katolieke Afrikaans kon leer.

Mnr. Joseph Daniels het vertel dat die nonne op Stellenbosch vinnig Afrikaans geleer het en daarom kon hulle hul klasse in die taal aanbied, maar Afrikaans het eers later in die kerke gekom. Die priesters en nonne kon die leke bedien en in hul eie taal ondersteun. Vader Oswin Magrath het aanvanklik by die Universiteit Stellenbosch geregistreer om Afrikaans te leer en met die inwyding van Sint Markus-kerk het hy sy preek in Afrikaans gelewer. Dit was sy inisiatief dat Idasvallei die eerste Kaapse vikariaat, naas Koelenhof, sou word waar Afrikaans in die kerk gebruik is. Die nonne, wat meestal uit Ierland afkomstig was, het ook vinnig Afrikaans geleer en kon daarom in die taal klas gee. Daarby het die Katolieke Afrikaanse koerant, *Die Brug*, ook gepoog om mense te evangeliseer. As gevolg van al hierdie pogings het die Katolieke lidmaatskap gegroei omdat die priesters en geestelike beamptes die taal van die mense kon gepraat. Die element van taal kan beskou word as 'n instrument van sendingwerk en het bygedra tot die doel om meer mense te bekeer tot katolisisme. [142]

4.2.2.2 Katolieke skole

Voor Uniewording in 1910 was daar geen rigiede onderskeid tussen wit en bruin in die Kaap nie. Skole is in armer gemeenskappe gestig en wit en bruin leerders het ewekansig opgedaag. Met die vestiging van die Unie van Suid-Afrika en die groei van die bruin bevolking moes afsonderlike skole en institusies voorsien word, aangesien die koloniale beleid van skolesegregasie ook deur die Unieregering voortgesit is. 'n Voormalige Dominikaanse non, Suster Thomas, het in die vroeë 1900's haarself op Stellenbosch in die omgewing van Koelenhof gevestig. Daar het sy 'n klein skooltjie oopgemaak, maar ook die werk van 'n

[142] Bate, "One Mission, 2 Churches…", in Brian and Denis, *The Catholic Church in Contemporary Southern Africa,* p. 9; Geoghegan, Linter, & Roe), *All is Harvest…,*p. 19.

[142]Anon., *The Weekend Argus*, 7 December 1974; RKKAS, Stellenbosch St. Nicholas *plus property documents (165): Report written by Father Hildebrand James OP in January 1951 at the request of the Bishop, 1839- 1951; Bate, "One Mission, 2 Churches…*"*in* Brian and Denis, *The Catholic Church in Contemporary South Africa,* p. 9; Privaatonderhoud Mev. Virginia McDilling – N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch; Privaatonderhoud Mnr. Joseph Martin Daniels– N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verpleegster, geestelike en welsynwerker verrig. Die Katolieke Kerk het dus reeds vroeg 'n geleentheid vir opvoeding en groei in die Stellenbosch-omgewing raakgesien.[143]

Dit is belangrik om daarop te let dat die Dominikane onderwys as 'n prioriteit beskou het en groot fokus daarop geplaas het, asook fondse daarvoor beskikbaar gestel het. Die Katolieke Kerk was redelik klein in vergelyking met ander denominasies op Stellenbosch. Hulle sendingwerk was dus op die bruin gemeenskap gefokus, aangesien die meeste van die wit mense reeds aan 'n Protestantse denominasie behoort het. Volgens Bryan Adams en Edward Gonzalves, koester Katolieke dieselfde voorneme jeens die swartmense. Gegewe die programme wat deur die Katolieke Kerk aangebied is, het bruin leerlinge besonderse voordeel getrek uit hierdie programme omdat kwaliteit opvoeding beskikbaar gemaak is. Die Katolieke Kerk het die rol as opvoeder ernstig opgeneem. [144]

Na samesprekings tussen verskillende sendinggroepe is 'n gekombineerde aansoek vir 'n nuwe hoërskool aan die Stellenbosse Skoolraad voorgelê. Op 12 November 1930 het die skoolraad die voorstel aan die Departement van Onderwys voorgelê. Intussen is 'n dubbelverdiepinggebou in Andringastraat gehuur terwyl die soektog vir 'n ander beskikbare plek voortgeduur het. In Januarie 1935 is Hoërskool Lückhoff in die Andringastraat-gebou met 41 leerders in Graad 8 en 23 in Graad 9 geopen. Hoërskool Lückhoff was die eerste Afrikaanse hoërskool vir bruin leerders wat in die Boland gevestig is. Die skool het eers in 1949 volle status as 'n hoërskool ontvang en met die ontwikkeling van die bruin buurt Cloetesville is 'n tweede hoërskool opgerig. Buiten die twee sekondêre skole, was daar ook drie laerskole in Idasvallei en twee in Cloetesville, terwyl die dorp met ses ander primêre skole vir wit kinders gespog het. [145]

---

[143] NSLA, Roman Catholic Church and Southern Africa: A series of essays, published to commemorate the establishment of the hierarchy in South Africa, 1951, The Archdiocese of Cape Town, Galvin & Salves Ltd., Cape Town, p.111; Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…*, p. 123.

[144] Privaatonderhoud, Mnr. Bryan Adams – N. Osborne, 18 November 2022, Stellenbosch; Privaatonderoud, Mnr. Edward Gonzalves – N. Osborne, 23 Januarie 2023, Stellenbosch.

[145] Smuts, *Stellenbosch, Drie Eeue...* p. 313. E. M. Johnson, "'n Krities Historiese Waardering van die Ontstaan en die Opkoms van Kleurlingonderwys in die Stellenbosse dorpsgebied tot 1963", Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland, 1986, pp. 107-119, https://collections.sun.ac.za/rada/files/original/7f1e10665a0581bbc4753c076df78a5d.pdf [Besoek op 27 April 2023].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die nonne was eers betrokke op 'n primêre vlak waar hulle in die groot Amerikaanse Metodistiese Episkopale Kerk (AME) se kerksaal in die Idasvallei-buurt onderwys gegee het. In 1939 het die Rooms-Katolieke Kerk die bestuur van die skool oorgeneem. Herstrukturering het gevolg nadat 'n Katolieke onderwyser by die AME skool die Dominikane genader het met die toestemming van die AME kerk. Die susters het ingestem en beheer en bestuur van die skool oorgeneem. Vanaf 1939 tot 1941 het die susters die skool se administratiewe sake sonder addisionele befondsing van die staat hanteer. Die skoolgebou wat hulle in daardie stadium gebruik het, was egter ongeskik en ongerieflik vir onderrigdoeleindes. Die saal van die AME kerk is vir onderrig gebruik, maar was nie baie gerieflik nie aangesien die een groot saal al die grade moes huisves en daar dus geen skeidings tussen die verskillende klasse was nie. Gevolglik het die susters besluit om 'n nuwe skoolgebou op eie onkoste op te rig. Fluisteringe oor die "Roomse Gevaar" en die vrees dat die geestelike gemeenskap die AME sou assosieer met 'n Katolieke instelling het daartoe gelei dat die Katolieke nonne twee jaar later gevra is om die skool te verlaat.[146]

Gevolglik het ongeveer honderd kinders hulleself sonder 'n skoolgebou bevind. Soos genoem, het die nonne toe in 'n klein huisie begin skool gee in 'n beknopte semi-losstaande kamer en in die tuin en op die stoep van ene Mev. Hector wat die ouerhuis van Shirley Saldanha was. Die bouwerk aan die nuwe skool, St. Idas, in Idasvallei, het op 17 Februarie begin en dit is op 20 Julie 1941 in gebruik geneem. Die bruin skool in Idasvallei, 'n Afrikaans-meduim skool, het 180 leerders geregistreer en meer as helfte was nie-Katoliek. Dit het sin gemaak om die nuwe skool in Idasvallei te bou, aangesien die ou skool ook in die buurt was. Weens die toenemende aantal inskrywings by die skool en families wat Idasvallei toe getrek het, het die ledetal van die kerk, sowel as die buurt, toegeneem. Die nonne het dus die skool na die mense gebring en dit meer toegangklik gemaak vir diegene wat in die omgewing gebly het. [147]

---

[146] RKKAS, "Re: Archdiocesan Pastoral Consultation", Brief aan Vader John Bartmann, 31 Augustus 2001; RKKAS, Sint Markus, Fourth Application 1946, "Roman Catholic Missions School, Ida's Valley, Stellenbosch", 13 March 1946, pp.1-2; RKKAS, Sint Markus, Memorandum re: St Ida's Roman Catholic (non-European) School, Ida's Valley, Stellenbosch, July 1945, pp. 1-2; Privaatonderhoud Mev. Virginia McDilling – N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch.

[147] RKKAK, Stellenbosch/Idas Vally (Cloetesville), 57/164, Brief: Suster Clare Harkin O.P, aan Aartsbiskop, 30 Nov. 2003; RKKAS, Stellenbosch St. Nicholas *plus property documents (165): Report written by Father Hildebrand James OP in January 1951 at the request of the Bishop, 1839- 1951; RKKAS, Sint Nikolaas-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In 1946 was die Katolieke skool die enigste nie-wit skool in die munisipale gebied van Stellenbosch wat die hele area bedien het. Dit was ook die enigste skool met 'n geskikte en behoorlike gebou en wat 'n leerdergetal van 155 vanaf Sub A (Graad 1) tot Standaard 6 (Graad 8) gehuisves het. Van hierdie leerdergetal was 74 Katoliek. [148]

Die Katolieke, AME en ander denominasies het aansoek gedoen vir skooltoelae van die Departement van Onderwys. Die departement het egter die toelae geweier omdat daar reeds voldoende kerkskole op Stellenbosch was. Alhoewel die departement die behoefte aan 'n skool tot Standaard 2 (Graad 4) ingesien het, was daar nie genoeg fondse beskikbaar om elke denominasie se skool te befonds nie. Die departement se rede vir die afkeuring van toelae was dat hulle dit slegs sou toestaan vir 'n sekulêre skool. Skoolgrond is deur die departement aangekoop en bouplanne vir 'n skoolgebou wat ongeveer 400 leerders kon akkommodeer, is opgetrek. [149]

Bryan Adams het daarop gewys dat die Volkskerk, Anglikane, die NGK, die Rynse Kerk en die Metodiste se kerke in die middedorp was, maar die Katolieke Kerk was in Idasvallei. Kinders moes na die naaste skool gestuur word want dis daar waar hulle oor kategisme geleer het. Siende dat die sogenaamde "Roomse gevaar" as 'n bedreiging vir gemeenskappe beskou is, het die NGK 'n skool in Idasvallei in die AME Kerk gestig sodat hulle hul invloed kon versterk en hulle teenwoordigheid kon verseker, aldus mnr. Adams.[150]

---

parogieblad, Maart 1941; RKKAS, "Re: Archdiocesan Pastoral Consultation", Brief aan Vader John Bartmann, 31 Augustus 2001; Chronicle of St Nicholas Priory Stellenbosch, Vol. 1 (1930-1953), 7 April 1941, Southern African Dominican Archives: English Vicariate, Stellenbosch, in Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…*, p. 130; https://www.netwerk24.com/netwerk24/st-idas-celebrates-80-years-at-library-20190918-2 [Besoek op 30 April 2023]; Privaatonderhoud Mev. Shirley Saldanha – N. Osborne, 19 November 2022, Stellenbosch.

[148] RKKAS, Sint Markus, Fourth Application 1946, "Roman Catholic Missions School, Ida's Valley, Stellenbosch", 13 March 1946, pp.1-2; RKKAS, Sint Markus, Memorandum re: St Ida's Roman Catholic (non-European) School, Ida's Valley, Stellenbosch, July 1945, pp. 1-2.

[149] RKKAS, Sint Markus, Fourth Application 1946, "Roman Catholic Missions School, Ida's Valley, Stellenbosch", 13 March 1946, pp. 1-2.

[150] Privaatonderhoud, Mnr. Bryan Adams – N. Osborne, 18 November 2022, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Katolieke leerders en nie-Katolieke by St. Ida's is almal in een klas onderrig, dus moes almal ook elke Woensdag kerk toe gaan en die vormsel[151] klas bywoon. Die skool het in 1951 'n inskrywingsgetal van 180 kinders gehad, waarvan die helfte Katoliek was. Dit was ook die naaste skool in die omtrek met voldoende onderrig. Die nonne wat die skool befonds en self daar onderwys gegee het, kon 'n bevredigende standaard van onderrig lewer. [152]

Volgens mev. Bereneace Katts het hulle nooit skoolfondse by St. Idas betaal nie. Geld is deur fondsinsamelings bekom. Katts noem wel dat haar ouers skoolgelde by die meisiehoërskool, Sint (St.) Philomena, betaal het. Mev. Bereneace Katts het by die Katolieke skool St. Philomena in Idasvallei skoolgegaan. Mev. Levina Josephs het verklaar dat St. Philomena een van die "posh skole" op die dorp vir bruinmense was. St. Philomena was alombekend vir goeie dissipline en volgens Katts is die skoolterrein "perfek in stand gehou". Hierdie kombinasie van dissipline en netheid het baie ouers aangetrek en die gevolg was dat hulle hul dogters na die skool gestuur het. Die skool het egter net onderrig tot Standaard 8 aangebied. Mev. Marcia Osborne[153] het verduidelik dat St. Philomena 'n semi-privaat skool was. Die gebou van die skool het aan die kerk behoort en die staat dus die gebou gehuur. Die skool is later jare gesubsidieer deur die regering.[154]

'n Belangrike faktor wat in ag geneem moet word, is die Katolieke sendelingskool wat bekeerdes gelewer het. Dit was aanvanklik die hele beweegrede vir sendelinge soos die Dominikane: evangeliseer deur onderrig. Later het families hul kinders na Katolieke skole gestuur as gevolg van die goeie reputasie van die skool en die bo-gemiddelde onderrig by die laerskool, St. Idas, en by die hoër meisieskool, St. Philomena.[155]

---

[151] Die vormsel is die vierde sakrament in die Rooms-Katolieke Kerk wat 'n individu inseën in die kerk en die beloftes as `n volwassene hernu wat deur die individu se ouers afgelê is tydens sy/haar doop, wat die eerste sakrament is. Dit sluit `n biskop se gebed, handoplegging en salwing in.

[152] RKKAK, Figures given by Oswin Magrath in 1951. Sien ook *The Southern Cross*, 4 Dec. 1946, p. 2; Privaatonderhoud Mev. Bereneace Katts – N. Osborne, 26 Januarie 2023, Stellenbosch.

[153] Familielid van navorser.

[154] Privaatonderhoud Mev. Bereneace Katts– N. Osborne, 26 Januarie 2023, Stellenbosch; Privaatonderhoud Mev. Marcia Osborne – N. Osborne, 26 Januarie 2023, Stellenbosch.; Privaatonderhoud Mev. Levina Josephs – N. Osborne, 26 Januarie 2023, Stellenbosch.

[155] Privaatonderhoud Mev. Bereneace Katts – N. Osborne, 26 Januarie 2023, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.2.2.3 Onderwyskrisis

In 1953 het die Katolieke Kerk 'n onderwyskrisis ervaar wat ander kerke ook geraak het. Die krisis het ontstaan as gevolg van die besluit van die Nasionale Party om fondse vir onderrig van skole met swart leerders, wat ook sendelingskole genoem is, terug te trek. Die besluit het uit die Bantoe-onderwyswet gespruit wat as gevolg van die implementering van die apartheidsbeleid gepromulgeer is en het teen nie-wit individue gediskrimineer. Die Katolieke was ontsteld, want sonder staatsubsidiëring was dit onmoontlik om skole te finansier. Skole was die grootste en sigbaarste manier van evangelisasie, wat die kerk se aanvanklike doel was. Die SACBC het alles in sy vermoë gedoen om die sendelingskole te behou en het privaat finansiering beoog. Die twee hoofredes waarom die Katolieke Kerk skole wou behou, was om die geloof van die kerk te bewaar en om die Katolieke geloof te versprei. Stuart Bate het hierdie metode van evangelisering as suksesvol beskou, want die groei van katolisisme was as gevolg van die bywoning van Katolieke skole.[156]

Die St Joseph's klooster in Idasvallei, Stellenbosch, het sy deure in die 1960's geopen met Moeder Benvenuta Connly (die eerste priores) en vier susters wat betrokke was by primêre en sekondêre onderwys. Alhoewel hulle bedoelings goed was, het hierdie wit susters spanning in die bruin gemeenskap veroorsaak. Staatsamptenare is gedwing om die situasie te ondersoek aangesien daar nou wit inwoners in bruin gebiede gebly het en dit was teenstrydig met die Groepsgebiedewet.[157]

Die grootste toename in swart Katolieke het in tussen 1960 en 1962 plaasgevind. *The Southern Cross* verklaar dat daar in 1960, 59 4479 swart Katolieke in Suid-Afrika was. Die groei in katolisisme kan moontlik aan die Katolieke skole toegeskryf word. Die inwerkingstelling van Vatikaan 2 in 1962 het 'n nuwe visie aan Katolieke skole gebied wat gelei het tot 'n vennootskapsverhouding met die kerk in plaas van volle beheer wat elke aspek van skoolbestuur behels het. Administratiewe beheerliggame is vir hierdie skole gestig. Hierdie liggame het gepoog om 'n vennootskap tussen Dominikaanse susters, ouers, onderwysers en

[156] Collins and Gillespie, "Catholic education in South Africa…", *Journal for the Study of Religion*, Vol. 7, No. 1, 1994, p. 27; Bate, "One Mission, 2 Churches…", in Brian and Denis, *The Catholic Church in Contemporary Southern Africa,* p. 8.

[157] Geoghegan, Flinter & Roe, *All is Harvest…*, p. 30.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die plaaslike kerkgemeente te bewerkstellig met die doel om 'n Christelike opvoeding vir die kinders van die Katolieke gemeenskap moontlik te maak. Op Stellenbosch is slegs die rekord van 1962 en 1963 bekend, maar dit is duidelik dat die atmosfeer van Vatikaan 2 ook Stellenbosch bereik het. Die 1962 rekord dui op 'n toename van 'n totaal van 107 Katolieke lede binne die tydsverloop van een jaar, maar slegs 18 lede vanaf 1962 tot 1963.[158]

Teen middel van die 1960's het daar egter 'n beduidende afname in beroepsgedrewe geestelikes ontstaan. Kerklidmaatskap het ook afgeneem. Volgens Bate het die sendingstelsel verswak en gestruikel. Bantoe-onderwys en die nie-beskikbaarheid van buitelandse geestelikes het die kerk gedwing om vanaf die 1970's ander maniere vir evangelisasie en missies in te span. Een oplossing was om plaaslike geestelikes te gebruik en op te lei vir geestelike beroepe wat weer die beeld van Katolieke as opvoeders sou versterk. Op Stellenbosch het hierdie afname ook op die totale kerklidmaatskap gereflekteer. Die kerk het 'n totaal van 421 lede tussen 1968 en 1969 verloor. [159]

Die feit dat die staat sy finansiële ondersteuning aan sendingskole onttrek het, het ten opsigte van die Bantoe-onderwyswet 'n groot probleem geraak. Dit was juis met hierdie staatshulp dat munisipale belastings betaal kon word. Die skool se voortgesette registrasie was afhanklik van die goedkeuring van die Minister van Naturelle Sake. Die eerste stap wat onder die Bantoe-onderwyswet ten uitvoer gebring is, was dat beheer van bruin skole deur die regering oorgeneem is. Al die bruin skole op Stellenbosch is in 1964 onder die Departement van Kleurling Sake geplaas. Min studies wys egter die impak van die Wet op Kleurlingonderwys, Nr. 47 van 1963, op die bruin skole van Stellenbosch. Bestaande navorsing belig eerder die impak van die Bantoe-onderwyswet op die skole.[160]

---

[158] RKKAS, Sint Markus, Annual Report: Parish of Stellenbosch, 30th June 1962; RKKAS, Sint Markus, Annual Report: Parish of Stellenbosch, 30th June 1963; RKKAS, Sint Markus, School Administration Board Constitution, p.1; Anon., *The Southern Cross*, 6 Januarie 1960, p. 1.

[159] RKKAS, Sint Markus, Annual Report: Parish of Stellenbosch, 30th June 1969; S. Bate, "One Mission, 2 Churches…", in Brian and Denis, *The Catholic Church in Contemporary Southern Africa,* p. 11.

[160]Johnson, "'n Krities Historiese Waardering…", pp. 107-119, https://collections.sun.ac.za/rada/files/original/7f1e10665a0581bbc4753c076df78a5d.pdf [Besoek op 27 April 2023]. Sien ook Coloured Persons Education Act, No. 47 of 1963, *Government Gazette*, 4 December 1963, https://gazettes.africa/archive/za/1963/za-government-gazette-regulation-gazette-dated-1963-12-04-no-661.pdf

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.2.2.4 Katolieke privaat en oop skole

Die Katolieke Kerk was in staat om die nodige fondse in te samel en het dus voortgegaan om haar skole privaat te bestuur, maar nie sonder kompromie nie. Die kerk moes haar lojaliteit aan die apartheidsregering verklaar en het haarself in 'n unieke posisie ten opsigte van die Bantoe-onderwyswet bevind. Die motivering vir privaat Katolieke skole was op godsdiensleer gebaseer en gevolglik moes die kerk ook die Bantoe-onderwyswet in al haar skole implementeer. Fondse was afkomstig van die belastinggeld betaalbaar deur die gemeenskap waar die skole geleë was. Daarom het swart skole 'n klein persentasie van die geld gekry in vergelyking met wit skole, aangesien die skole in wit buurte beter daaraan toe was as skole in bruin of swart buurte. Gevolglik was daar 'n tekort aan opgeleide onderwysers en klasse was oorvol. Daar is wel pogings aangewend om alternatiewe skole daar te stel waar kinders 'n beter opvoeding kon kry, maar net soos in die geval van die meerderheid van die Katolieke skole, het hierdie skole weens 'n tekort aan hulpbronne en fondse in duie te stort.

Die Katolieke Kerk het gevolglik teen 1970's begin om haar skole te laat vaar weens 'n tekort aan hulpbronne en finansiële steun. Die paar skole wat die kerk kon behou, is deur gemeenskappe en eksterne weldoeners befonds. Ander is afgestaan aan die Departement van Bantoe-onderwys. Die sluiting van skole het gelei tot 'n vermindering van Katolieke invloed in die bruin gemeenskap en 'n afname in die Katolieke lidmaatgetalle. St Ida's het ten spyte van die sluiting van vele Katolieke skole staande gebly en voorgegaan om onderwys slegs aan bruin leerlinge aan te bied. Wit Katolieke kinders het skool gegaan by 'n aangrensende skoolblok van die Sint Aquinas Klooster. Hierdie klooster en skool was binne die omtrek van Sint Nikolaas-gemeente.[161]

Die SACBC het tydens sy sitting van Januarie 1976 besluit om al 192 privaat Katolieke skole vir alle rasse oop te stel. Dit was 'n alternatiewe strategie om Katolieke getalle te werf. Deur dit te doen, het die kerk baie dreigemente deur die NP-regering moes trotseer. Dit was die eerste

[Besoek op 27 Augustus 2023]; https://www.sahistory.org.za/article/bantu-education-and-racist-compartmentalizing-education [Besoek op 27 Augustus 2023].

[161]RKKAS, Sint Markus, Inspeksieverslag, Administrasie van Kleurlingsake, K.H.B Laubscher, verwysingsnommer: E.1/2/293, Bellville, 13 April 1973, p. 2; Geoghegan, Flinter & B., *All is Harvest…*, p. 19; Collins and Gillespie, "Catholic education in South Africa…", p. 33; Privaatonderhoud Mev. Marcia Osborne – N. Osborne, 26 Januarie 2023, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geval van skoolapartheid wat verontagsaam is en die Katolieke Kerk se eerste stap om die apartheidsregime teë te gaan.[162]

Maar ten spyte van hierdie stap na inklusiwiteit, moes die sekondêre skool St. Philomena in die 1990's sluit weens 'n tekort aan fondse. Met die uittrede van die Dominikane uit Stellenbosch is die beheer en bestuur van die primêre skool na leke oorgedra. Die kloostereiendom is deur Catholic Welfare gekoop en word tans gebruik as die Noah Ouetehuis-sentrum. Die meeste nonne is gestuur om op ander plekke te gaan werk, maar Suster Anchilla Griffiths, O.P., het op Stellenbosch aangebly en in Idasvallei in die kerk en gemeenskap gewerk. In plaas daarvan om by die kooster te bly, het sy verblyf by 'n bruin weduwee, Mev. Jeanette Stevens, gehuur. Katolieke kerke in Suid-Afrika het 'n groot bydrae gelewer ten opsigte van opvoeding en onderwys. Volgens Bryan Adams is dit tragies dat die staat daardie funksies oorgeneem het.

Die kerk se doel in hierdie opsig is duidelik: vestig skole om individue tot katolisisme te bekeer. Daardeur word die oprig van skole, die opleiding van onderwysers en stappe om meer rasinklusief te wees ook bevorder. Die onderrig wat deur die Katolieke Kerk aan die gemeenskap gebied word, dui op die kerk se direkte betrokkenheid, maar die opvoedkundige sukses was nie sonder struikelblokke nie. Bruin individue was ook aangetrokke tot die Katolieke Kerk as gevolg van toegang wat lidmaatskap tot die institusie beteken het. Stuart Bate argumenteer dat nie-Katolieke hulle tot die katolisisme bekeer het na 'n aantal jare se lewe met 'n Katolieke etos en as gevolg van die voordele wat hulle van die kerk ontvang het. Sodanige voordele het ingesluit toegang tot Katolieke skole, voedingskemas en liefdadigheidsaktiwiteite wat die gemeenskap kon benut. Die kerk het voordeel getrek deur haar aanvanklike sendingwerk en deur die Katolieke lidmaatgetalle wat gegroei het waardeur haar invloed en gevolglike teenwoordigheid in die land en op die dorp groter en sterker geword het. [163]

[162] https://www.scross.co.za/2018/06/a-timeline-of-catholicism-in-south-africa/v [Besoek op 17 April 2023].

[163] Bate, "One Mission, 2 Churches…", in Brian and Denis, *The Catholic Church in Contemporary Southern Africa,* p. 11.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.2.3 Die Rooms-Katolieke Kerk en tersiêre onderwys op Stellenbosch

Die geskiedenis van Katolieke tersiêre onderrig in Suid-Afrika kan nie geskei word van die geskiedenis van die Katolieke kerk nie. In sy studie oor die vroeë Katolieke Kerk in Suid-Afrika beklemtoon Abrahams dat nonne wat onderrig gegee het, dikwels die ruggraat was van jong sendelinggemeenskappe waar opvoeding gebruik is as 'n medium vir evangelisasie**.** Die Katolieke Kerk op Stellenbosch was nie net aktief in die grondslag- en sekondêre fase van opvoeding nie. Pogings is aangewend om ook tersiêre onderrig te betrek, maar dit was egter beperk as gevolg van segregasie en die vooroordeel teen Katolieke wat op die dorp geheers het.[164]

Dit was met die koms van Vader Oswin Magrath na Stellenbosch dat aktiewe pogings aangewend is om 'n eenheid vir "Afrikaans Catholicism" te skep, soos hy aan die Engelse provinsiale blad in November 1937 geskryf het. Deur die bruin bevolking van Idasvallei in Afrikaans te bedien, het hy bygedra tot die snelle toename van die Katolieke gemeenskap in die gebied. Dit was immers deur sy inisiatief dat Afrikaans in die kerk in Idasvallei gepraat is. Magrath het vir vakke by die Universiteit van Stellenbosch ingeskryf om kontakte te verkry en sy netwerk te verbreed en ook om 'n begrip te kry van die Afrikaner-perspektief op godsdiens. Een van die redes vir registrasie was ook om Afrikaans te leer. Vader Ninian McManus, O.P. P.Phil, het in Julie 1945 op Stellenbosch uit Engeland gearriveer met die doel om filosofie by die priory te doseer.[165]

'n Tasbare bewys van die priory se intellektuele lewe was die deelname van drie van sy senior lede aan 'n gepreksgroep (of kring) wat in die 1960's deur professor Johan Degenaar, 'n alombekende filosoof aan die Universiteit Stellenbosch, georganiseer is. Die gespreksgroepe was inter-dissiplinêr en het verteenwoordigers van verskeie intellektuele velde ingesluit. Drie (Katolieke) Dominikane het 'n uitnodiging ontvang: Ninian McManus, Timohty McDermott en Albert Nolan. Daardeur blyk dit dat die kerk ook as netwerker opgetree het. Maar op tersiêre vlak het akademiese segregasie ook nog bestaan. Hierdie toedrag van sake is in 'n verklaring, uitgereik deur die uitvoerende liggaam van die Nasionale Katolieke Federasie van Studente,

[164] Abrahams, *The Catholic Church and apartheid…,* p. 90.

[165] RKKAS, Sint Nikolaas parogieblad, Julie 1945, 1953; Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…*, p. 146; Privaatonderhoud, Mnr. Bryan Adams – N. Osborne, 18 November 2022, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verwerp. Rassisme is ook deur Katolieke studente in 'n *Southern Cross*-artikel, genaamd "University must open", verwerp [166]

Die universiteit het aanvanklik net wit studente toegelaat. Selfs die interaksie met die Dominikane in die gespreksgroep is beperk tot witmense. Bruinmense het die Universiteit van Wes-Kaapland bygewoon en swart mense moes na die Universiteit van Fort Hare in die Oos-Kaap gaan indien hulle tersiêre opvoeding wou ontvang. Shirley Saldanha wou oorspronklik onderwyser studeer. Die Katolieke Kerk het haar in hierdie opsig gehelp en sy het by die Katolieke instelling Curbwood in Port Elizabeth geregistreer. Dit was ook 'n Dominikaanse instelling. Die Stellenbosse Katolieke Kerk het hierdie studies moontlik gemaak. Volgens Bryan Adams het die kerkstelsel persone soos Shirley Saldanha gehelp om tersiêre opvoeding te ontvang.[167]

Afgesien van rassesegregasie, het 'n vooroordeel ook teenoor Katolieke akademici op die dorp bestaan. Vader Wilfrid Ardagh, O.P., het in die vroeë 1930's onsuksesvol gepoog om met die Teologiese Skool van die Universiteit van Stellenbosch kontak maak. NGK-dominees wat wel in skakeling belang gestel het, was bang dat hulle verwerp sou word as hulle in die geselskap van 'n Katolieke priester gesien sou word. Ardagh kon dus slegs kontak maak met verengelsde Afrikaners, meer spesifiek die familie van Jan Smuts se vrou. De Gruchy skryf egter dat hy tydens sy eie studentejare kontak met NG Kerk-studente gehad het. Dit is wel ook op 'n tersiêre vlak dat 'n bondgenootskap tussen twee lede van die NGK-familie – Beyers Naudé en Alan Boesak – en die Katolieke Kerk ontstaan het.[168]

Dit is ook op hierdie tersiêre vlak dat Beyers Naudé en Alan Boesak later betrokke was by studente-organisasies aangaande transformasie op Stellenbosch. Die Katolieke Kerk is deel van die Stellenbosse studentegemeenskap deur die stigting van die Cathsoc-organisasie (Catholic Society). Cathsoc, 'n organisasie wat alle rasse verwelkom het, het praatjies deur akademici

---

[166] Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…*, p. 137; Anon., "Universities must open, Racialism Condemned by Catholic Students", *Southern Cross*, 6 October 1954, p. 12.

[167] Biscombe, *In Ons bloed*, p.179; Privaatonderhoud Mev. Shirley Saldanha – N. Osborne, 19 November 2022, Stellenbosch; Privaatonderhoud, Mnr. Bryan Adams – N. Osborne, 18 November 2022, Stellenbosch.

[168] Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…,* p. 124; J. De Gruchy, "The contest for reformed identity in South Africa during the church struggle against apartheid", *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 54, 3 & 4, 2013, p. 3.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gereël en studente het self ook debatte en vasvrakompetisies georganiseer. Daarby het twee lede hulle oorsese ervarings met studente van die Afrikaanse Studentebond gedeel. Die studentekoerant *Die Matie* het byvoorbeeld berig oor 'n vigsprogram wat die groep wou loods om hoërskoolleerders van die virus in te lig. Cathsoc het aktief in die gemeenskap gewerk. [169]

Daarby het Vatikaan 2 'n indrukwekkende skuif in die kerk se benadering en leringe geïmpliseer. Dit was 'n poging om die godsdienstige ervaring vir die Katoliek te hernu en 'n meer inklusiewe en interaktiewe geloofsgemeenskap aan te moedig. Die kerk het begin fokus op sosiale regverdigheid, menswaardigheid en die belangrikheid om rassediskriminasie te konfronteer. Die kerk se hooffokus het dus na gelykheid en versoening verskuif.

4.2.4 Voorbeelde van Katolieke gemeenskapsbetrokkenheid op Stellenbosch

Die reeks raswette wat in die vroeër 1950's bekendgestel is en in die jare wat gevolg het uitgebrei is, het elke aspek van die lewe van Suid-Afrikaners geaffekteer. Op Stellenbosch was die bruinmense aan diskriminasie, onderdrukking en segregasie gebaseer op ras onderwerp. Die regering het 'n kommissie van ondersoek, die sogenaamde Erica Theron-kommissie, in 1976 aangestel om die sosio-ekonomiese en politieke posisie van die bruin bevolking te ondersoek. Die kommissie se bevindinge het akute armoede bevestig in die meerderheid bruin gemeenskappe as gevolg van wydverspreide diskriminasie deur die regering, werkgewers en vakbonde. Segregasie in die bruin gemeenskap het toegeneem en geleenthede anders as handearbeid was nie beskikbaar nie. [170]

Die vraag kan gevra word in watter mate was die Katolieke Kerk en sy lede betrokke in die gemeenskap? Watter instrumente of gereedskap is gebruik om die bruin gemeenskap van Stellenbosch op te bou? Die Rooms-Katolieke Kerk het 'n morele basis gevorm waardeur mense se aksies en reaksies bepaal is. Sosiale interaksie is aangemoedig deur funksies, feesdae en basaars en byeenkomste te reël. Die kerk het die ruggraat van die gemeenskap gevorm, sodoende het die kerk en die gemeente 'n belangrike deel van die bruin gemeenskap gevorm.

[169] Anon., *Die Matie*, 1 Jan 1976, p.3; Anon., *Die Matie*, 26 April 1990, p. 4; Anon.,"Small group, many activities", *The Southern Cross*, 11 Oktober 1950.

[170] Gilomee, "The making of the Apartheid plan…", pp. 383, 384; Nasionale Party van Suid-Afrika, *Die Erica Theron-Kommissie Verslag*, 1976.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In die Suid-Afrikaanse konteks kan kerke en veral gemeentes 'n enorme bydrae teenoor die gemeenskap en die welsyn daarvan lewer. Die verhale van plaaslike Stellenbossers ondersteun die gemeenskapsbou doel van die Rooms-Katolieke Kerk om die individue in die gemeenskap by mekaar te bring. Dit word op Stellenbosch gesien waar die betrokkenheid van die Rooms-Katolieke Kerk die lewenskwaliteit van die bruinmense beïnvloed het. [171]

Tog was die grootste aantal bekerings na Katolisisme nie net 'n resultaat van Katolieke gemeenskapsopbou en skole nie, maar tot 'n mate ook as gevolg van Protestante wat met Katolieke getrou het. Lorna Africa is byvoorbeeld deur haar huwelik met Robert Africa in die Katolisisme ingeseën. Die meerderheid van die bruinmense wat Katoliek is, is tot die geloof bekeer. Bate noem dit dat die Katolieke evangelisasiemodel wat in Suid-Afrika toegepas is soortgelyk was aan dit wat te vinde is in die res van sub-Sahara Afrika. Dit moes egter ook ander faktore in ag neem soos die sosio-politieke en ekonomiese konteks van apartheid, kolonialisme en rassisme. Daarom is verskeie metodes en strategieë ingespan om 'n suksesvolle uitwerking te kry. Deur die Groepsgebiedewet is gemengde kerke meestal geskei, onder andere die Katolieke Kerk op Stellenbosch. Die raswette het ook inbreuk gemaak op die missies wat die Katolieke Kerk in die gemeenskap uitgevoer het. Afgesien van die feit dat geestelikes nie in die bruin gebiede kon woon nie en die bruinmense nie oor genoegsame hulpbronne beskik het om op hul eie bene te kon staan nie, was die wet inderdaad nadelig vir die kerk en hierdie gemeenskapslede, omdat beperkte bronne en toegang nie beskikbaar was om die kerk en mense te dien nie. Dit is daarom duidelik dat politiek die uitbreiding van die Katolieke Kerk in Suid Afrika beïnvloed het.[172]

Die kerk se reaksie op die politiek van die land en dorp het in die 1960s verander. Die besluite wat tydens die Tweede Vatikaanse Raad van 1962 in Rome bespreek en geneem is, het groot invloed op die Rooms-Katolieke Kerk gehad. St. Nikolaas Priory was meer as enige ander Katolieke instansie in Suid-Afrika oop vir verandering. Die vernuwing het alle aspekte van die gemeenskapslewe geaffekteer: liturgie, besluitnemingsmeganismes en die verhouding tussen geestelikes en leke. Dit het ook die broeders aangemoedig om 'n ander tipe bediening te

[171] Biscombe, *In Ons Bloed*, p. 221; N.T. Ammerman, "Congregation and community", *Sociology of Religion,* 58, 3, Rutgers University Press, London, 1999, p. 368.

[172] Bate, "One Mission, 2 Churches…", in Brian and Denis, *The Catholic Church in Contemporary Southern Africa,* p. 98; Privaatonderhoud, Mev. Lorna Africa – N. Osborne, 13 Augustus 2022, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

beoefen: die opleiding van leke, ekumeniese diens aan studente-organisasies en sosiale en politieke aktivisme. Die dekreet van liturgie was die eerste kwessie wat deur die Vatikaanse Raad in Desember 1963 goedgekeur is. By St. Nikolaas het die priester op 19 April 1964 vir die eerste keer die epistel[173] en die Evangelie in die taal van die mense gelees, terwyl hy vir hulle kyk. Voorheen was sy rug na die mense gekeer. [174]

Gedurende die vroeë jare het die Dominikane amper eksklusief slegs die wit gemeenskap gedien. Soos hulle lidmate vermeerder het, het dit moontlik geraak om priesters na selfs swart lokasies en mynkampongs te stuur. Suster Claire, 'n wit non, is een van die nonne wat in die 1990's in die swart gemeenskap op Stellenbosch gewerk het. Die voordeel daarvan was dat die kerk na die mense gebring is en nie tot een ras of klas beperk was nie. Die permitte wat deur die Dominikane bekom is, het die geestelike bediening van wit geestelikes in 'n bruin buurt onder die apartheidswetgewing moontlik gemaak. Dit was egter ook in daardie periode dat individue, soos Suster Claire, 'n meer rebelse houding teenoor die apartheidwette ingeneem het.[175]

Die Dominikaanse priesters wat in wit gemeenskappe gedien het, was egter finansieel in 'n sterker posisie as diegene wat bruin en swart gemeenskappe gedien het omdat die wit gemeenskappe meer welvarend was. Die wit gemeenskap was selfonderhoudend en het die priesters voorsien van al hulle materiële behoeftes. Die bruin gemeentes het nie noodwendig geld gehad om die kerk te ondersteun nie. Waar priesters in bruin en swart gemeenskappe priesters in wit gemeenskappe moes smeek om hulle finansieel te help, was Stellenbosch in die gunstige posisie dat hulle een bestuur gehad het wat al die buurtes gedien het. Alhoewel die bruin gemeenskap dus nie so welgesteld was soos die wit gemeenskap nie, het dit nie die evangelisering van die bruin gemeente van Stellenbosch negatief beïnvloed nie.

Die Katolieke Kerk op Stellenbosch het 'n groot bydrae op die gebied van liefdadigheid en gemeenskapsdiens gelewer**.** Priester Oswin Magrath het self in die bruin gemeenskappe in die

[173] Epistels is boeke in die Nuwe Testament in die formaat van `n brief van `n apostel.

[174] Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…,* p. 139.

[175] Privaatonderhoud, Mev. Lorna Africa – N. Osborne, 13 Augustus 2022, Stellenbosch; Privaatonderhoud, Sr. Claire Harkin – N. Osborne, 7 March 2023, Stellenbosch; Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…*, pp. 241, 242.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

omliggende omgewing rondom Stellenbosch gewerk. Organisasies soos die St. Vincent de Paul Society het liefdadigheidswerk onder armes en bejaardes en met die hulp van die gemeenskap gedoen en sopkombuise het menigte in die 1990's in die Idasvallei, Cloetesville en Kayamandi-gebiede gevoed. Suster Claire het ook self Engelse klasse in die biblioteek van Kayamandi aangebied. [176]

Fondse vir liefdadigheidswerk is deur donasies uit die buiteland en van plaaslike fondsinsamelings bekom. Mev. Caroline Newman het vertel dat daar elke jaar basaar gehou is en dat die hele gemeenskap aktief daarby betrokke was: "[O]u Ms Adams het gehekel en Caroline se eie ouma het graag gebak. Die soetgoed is ook by die basaar verkoop". Verder het sy verklaar dat die kinders ook 'n aandeel aan die aktiwiteite gehad het. Hulle moes lootjies verkoop vir die tombolatafel, of soms help om donasies soos meel of suiker by bure te gaan vra.[177]

Die Katolieke Kerk self het ook uitgereik na ander dorpe om daar van hulp te wees. Lorna Africa onthou hoe die gemeente van Sint Markus die kerk in Eerste Rivier, Sint Catherine, help bou het. Sy was self betrokke by onder andere huweliksklasse, die sopkombuis en siekebesoeke wat deur die kerk gereël en uitgevoer is.[178]

Die kerk het ook hulp verkry van die Dominikaanse orde. Dit is belangrik om te noem dat alle Dominikane 'n belofte aflê wanneer hulle by die orde aansluit dat alles wat hulle ontvang aan die orde en dus aan die gemeenskap behoort. Fondsinsamelings, wat die nonne behartig het, is daarom direk tot voordeel van die gemeenskap aangewend. Die kerk was ook meer aktief betrokke in die gemeenskap en meer inklusief in haar gemeenskapswerk. Mev. Virginia McDilling het vertel hoe die nonne die dogtertjies se hare gekam het en saam met die kinders huis toe gestap het na skool. Sy brei ook uit hoe die nonne self vir die seuns rugbybroekies gemaak het, omdat armoede 'n groot faktor in die gemeenskap was. Mnr. Martin Daniels onthou

[176] Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…,* p. 206; Privaatonderhoud, Mev. Maria Magdalena Jonathan – N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch; Privaatonderhoud, Mev. Lorna Africa – N. Osborne, 13 Augustus 2022, Stellenbosch; Privaatonderhoud Sister Claire Harkin – N. Osborne, 17 Maart 2023, Stellenbosch.

[177] Privaatonderoud, Mev. Caroline Newman – N. Osborne, 12 November 2022, Stellenbosch; Privaatonderhoud Suster Claire Harkin – N. Osborne, 17 Maart 2023, Stellenbosch.

[178] Biscombe, *In Ons Bloed,* pp. 25, 145; Privaatonderoud, Mev. Lorna Africa – N. Osborne, 13 Augustus 2022, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die uitstappies wat deur die nonne gereël is en dit was ook as gevolg van die uitstappies dat hy die see die eerste keer gesien het. Mev. Lorna Africa het verwys na die huweliksklasse wat sy en haar man aangebied het vir paartjies wat op trou gestaan het. Mev. Daphne Adams het die sopkombuis wat deur die nonne en gemeentelede bestuur en gedryf is in herinnering geroep. Mev. Caroline Newman het ook onthou hoe die nonne haar bygestaan het na haar man se dood. Die kerk was dus betrokke by elke aspek van die individue se lewe. [179]

Mev. Bereneace Katts het as 'n nie-Katoliek verklaar dat daar buite die kerk 'n persepsie was dat die Rooms-Katolieke Kerk nie baie inklusief is nie. Dominee Jaco Coetzee beaam hierdie stelling, maar hy verklaar ook dat op voetsoolvlak mense saamleef waar dit nie saak maak aan watter kerk 'n persoon behoort nie. Mev. Virginia McDilling het te kenne gegee dat daar baie Rooms-Katolieke kerkaktiwiteite was waarvan die nie-Katolieke gemeenskap ook deel was. Dit word deur Shirley Saldanha beaam. Volgens mev. McDilling en mnr. Joseph Daniels was die "Katolieke Kerk direk betrokke in die gemeenskap". McDilling het ook na die Brownies en Girl Guides-beweging verwys waar die nonne leiding geneem het. Dit was nie net beskore vir Katolieke meisies nie, maar almal in die gemeenskap was welkom om daarby aan te sluit. Volgens McDilling het die jaarlikse basaar vir vele opwinding gesorg en niemand wou die Katolieke basaar mis nie. Die St. Ida's- saal was daartydens vol. En ten spyte van apartheid het hulle ook ondersteuning van witmense gehad. Sy het byvoorbeeld genoem dat plaasboere sakke vrugte op die dorp kom aflaai het. [180]

Mnr. Daniels het vermeld dat een van die bydraes en voordele van die Katolieke Kerk se invloed die stigting van die vrouebond was. Hierdie organisasie in die kerk het elke jaar skoolkinders vir 'n uitstappie see toe geneem. Daniels, ook 'n Katolieke kind, het vertel hoe hy kospakkies ontvang het en "selfs pilletjies vir verkoue". Hy was nostalgies oor die warm

[179] Privaatonderhoud Mev. Virginia McDilling – N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch; Privaatonderhoud Mnr. Joseph Martin Daniels – N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch; Privaatonderhoud Mev. Lorna Africa – N. Osborne, 13 Augustes 2022, Stellenbosch; Privaatonderhoud Mev. Caroline Newman – N. Osborne, 12 November 2022, Stellenbosch; Privaatonderhoud Mev. Daphne Adams – N. Osborne, 18 November 2022, Stellenbosch.

[180] Privaatonderhoud Ds. Jaco Coetsee – N. Osborne, 22 November 2022, Stellenbosch; Privaatonderhoud Mev. Shirley Saldanha – N. Osborne, 19 November 2022, Stellenbosch; Privaatonderhoud Mev. Virginia McDilling – N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch; Privaatonderhoud Mev. Bereneace Katts– N. Osborne, 26 Januarie 2023, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sjokolade wat hulle as kinders gedrink het. McDilling het vertel dat die nonne hulle baie bederf het en ook baie op uitstappies geneem het. Volgens haar moes hulle destyds R1 betaal vir 'n weektoer na die Suid-Kaap. [181]

Die geestelikes en kerklidmate het ook as huishoudelike ondersteuning gedien. Mev. Maria Jonathan het verklaar: "Die nonne was baie goed vir ons. Ons was vroeg by die kerk en ou Ms Heneke het tee gemaak en toebroodjies gebring. Hulle het ook na kerk saam met ons huis toe geloop". Die kerk het deel gevorm van die huisgesin deur die huishoudelike ondersteuning wat aangebied was. McDilling het genoem dat die nonne wat by die AME Kerk skoolgehou het, self in die kinders se lewens buite die skool betrokke was. Sy beskryf dit as "deel van die huisgesin". Hulle het in die gemeente beweeg. Naweke was dit kerk en in die week skool. Hulle het huisbesoek gedoen en gemeentelede by die huis gaan groet. Dit ondersteun die beeld van die kerk se teenwoordigheid in die gemeenskap en die rol van die gesinslid. McDilling se ma was byvoorbeeld swanger met haar sewende kind en moes hospitaal toe. Die nonne het gevolglik kom help met huishoudelike take soos om haar susters se hare te vleg en vir die huisgesin kos te maak.[182]

Edward Gonzalves, wat as kind en jong volwassene deel was van die Katolieke jeuggroep, het vertel dat die kerk 'n geleentheid vir die jong mense gesien het om 'n bydrae te maak. Bo en behalwe jeugfunksies, het hulle ook aktiwiteite aangebied soos swemlesse by Sint Markus se swembad. Verskillende ekumeniese gesprekke het hier plaasgevind en daaruit het prominente figure na vore gekom, soos Willie Walbrug. Hy het later 'n diaken in die Katolieke Kerk geword. Gonzalves het self later op die raad vir kerklike samewerking, waarvan 'n aantal denominasies deel was, gedien. Die organisasie STELEMPLOY het byvoorbeeld uit hierdie raad gespruit. Die inisiatief is geneem nadat 'n leemte in die arbeidsmark raakgesien is en omdat die besef ontstaan het dat hier 'n geleentheid was om mense op te voed en in arbeidsposte te plaas. Die stelsel het werksoekers gelok, asook potensiële werkgewers. STELEMPLOY het dan die twee groepe bymekaar gebring. Met die betrokkenheid van die Katolieke Kerk is die mark vergroot en was die blootstelling meer. Volgens Gonzalves het STELEMPLOY ook

[181] Privaatonderhoud Mnr. Joseph Martin Daniels– N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch; Privaatonderhoud Mev. Virginia McDilling – N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch.

[182] Privaatonderhoud Mev. Maria Magdalena Jonathan – N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch; Privaatonderhoud Mev. Virginia McDilling – N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kursusse aangebied. Hy het dit beaam dat alhoewel die stelsel vir alle rasse oop was, slegs bruinmense die funksies en aktiwiteite bygewoon het. Met die betrokkenheid in organisasies soos STELEMPLOY het die Katolieke op 'n indirekte manier armoede help verlig [183]

Die Rooms-Katolieke Kerk het ook 'n plek van heenkome aan mense gebied. Caroline Newman het vermeld dat sy en haar broers Katoliek geword nadat hulle by die Katolieke skool hul opvoeding ontvang het. Sy het verwys na die liefde wat sy daar ontvang het, veral na haar man se dood toe sy vier kinders alleen moes groot maak. Die kerk het haar emosioneel, geestelik en huishoudelik ondersteun. "Die kerk het baie gedoen vir my". Volgens Newman was die kerk haar dryfkrag. Sy het nie net gehelp om blomme in die kerk te versier nie, maar was deel van die vrouebond, het doopklasse aangebied en het self ook gehelp met huisbesoek. Daarby het sy saam met die priester uitgegaan na mense se huise om die siekes te salf, want sy het haar gemeenskap geken en geweet waar elkeen bly.[184]

Die Katolieke ook 'n kultuur van inklusiwiteit geskep. Dit kan moontlik die rede wees waarom nog mense wou aansluit by die kerk. Die kerk het inklusiwiteit benader deur 'n "oop vir almal" houding. Mev. Bereneace Katts, 'n Anglikaan, se gesin het na Idasvallei getrek toe sy in Graad 7 (Standaard 5) was, maar sy het toe nie verstaan waarom dit gebeur het nie. Katts het by die meisiehoërskool St. Philomena aangesluit en in haar ervaring verklaar: "In die Katolieke Kerk was daar nie apartheid nie". Daarby was die uitstappies vir kinders wat deur die kerk gereël is, inklusief vir al die kinders en skoolkinders. Selfs die basaars, deur die kerk georganiseer, het 'n breër gehoor gelok. Die aktiwiteite wat in en deur die skool aangebied is, was nie beperk tot Katolieke nie. Inteendeel, dit was oop vir die hele gemeenskap. Mev. Saldanah noem ook dat

[183] Privaatonderoud, Mnr. Edward Gonzalves – N. Osborne, 23 Januarie 2023, Stellenbosch; Privaatonderhoud, Vader Wim Lindeque – N. Osborne, 20 Oktober 2020, Stellenbosch; NGKAS, Sinode VGKSA Kaapland, Kommisie: Raad vir Kerklike Samewerking Stellenbosch (RKSS), 1980-1996; Verenigde Gereformeerde Kerkargief (hierna VGKSA), Stellenbosch, Sinode Kaapland, Kommisie: Raad vir Kerklike Samewerking Stellenbosch (RKSS), P.I.C.K Leraar, notules van vergadering 8 Maart 1990 te Idasvallei.

[184] Privaatonderhoud Mev. Shirley Saldanha – N. Osborne, 19 November 2022, Stellenbosch. Die salwing van die siekes is, soos vormsel, een van die sewe sakramente van die Katolieke Kerk. Die priester salf die voorkop van 'n sieke met olie wat geseën is deur die biskop van die kerk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dit moontlik is dat die gemeente self, wat meer geword het, 'n dryfkrag vir aansluiting was, met die idee dat mense graag aan iets wil behoort. [185]

Volgens Ammerman is gemeentes die morele orde en vergestalt hulle die beste menslike waardes van die gemeenskap. Vir Bryan Adams was een van die voordele om deel te wees van die Katolieke Kerk die waardes wat dit vir die indiwidu meegebring het. Net soos vir Caroline Newman, het die kerk standvastigheid in hul lewens, en spesifiek in verhoudings en die huwelik, gegee. Dit was ook 'n manier om in te skakel by die gemeenskap en betrokke en deel te wees van iets groter as jouself. Volgens Adams is daar aan die behoeftes van bedelaars aandag gegee en hy het dit ook beklemtoon die "kerk het die mense help leer".[186]

Die Rooms-Katolieke Kerk het 'n gemeenskapsbetrokkenheid van Katolieke en nie-Katolieke bereik. Daarby kon die kerk ten spyte van die raswette gemeenskapsbetrokkenheid bewerkstellig. Die rol en bydrae van die kerk het ook liefdadigheidswerk ingesluit, wat moontlik gemaak is deur organisasies en ordes binne die kerk. Die kerk het die hele gemeenskap betrek en kon sodoende self die hulp van ander Katolieke aanbied. Die inklusiewe omgewing wat die kerk probeer skep het, het die verligting van armoede, huishoudelike en maatskaplike ondersteuning en die skepping van werksgeleenthede beteken. Daarby het die kerk gepoog om 'n heenkome aan gemeentelede te bied. Dit is dus duidelik dat die Katolieke Kerk in haar doel geslaag om die gemeenskap te verbeter ten spyte van regeringsbeleid.

[185] Privaatonderhoud Mev. Shirley Saldanha – N. Osborne, 19 November 2022, Stellenbosch; Privaatonderhoud Mev. Bereneace Katts– N. Osborne, 26 Januarie 2023, Stellenbosch.

[186] Biscombe, *In Ons Bloed*, p. 221; N.T Ammerman, "Congregation and community", *Sociology of Religion,* 58, 3, Rutgers University Press, London, 1999, p.368; Privaatonderhoud, Mnr. Bryan Adams – N. Osborne, 18 November 2022, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Figuur 8: ’n Funksie by Sint Markus Rooms-Katolieke Kerk



“Koek en tee na die Heilige Mis: Suster Assumpta en Mev. Lorna Africa by Sint Markus-saal”, circa vroeë 1990’s.[187]

4.2.5 Die Rooms-Katolieke Kerk in ’n veranderende samelewing

Teenoor die voordele wat kerkbetrokkenheid vir die gemeenskap inhou, bestaan daar ook ’n aantal uitdagings vir kerkgenootskappe. Dit beïnvloed die doel en bydrae van die kerk binne die gemeenskap. Die negatiewe kwessies moet ook ondersoek word ten einde ’n gebalanseerde beeld van die verhouding tussen kerk en samelewing te skep. Aanvanklik het die Katolieke Kerk gesukkel om ’n geleentheid te kry om katolisisme as ’n denominasie op Stellenbosch te vestig. Soos in hoofstuk twee bespreek, was die destydse politieke klimaat en Calvinisme op die dorp grotendeels die struikelblok.

Kerkgenootskappe soos die Rooms-Katolieke Kerk sukkel dikwels met probleme soos finansiële volhoubaarheid weens afhanklikheid van buitelandse finansiële steun. Daarby was die oordrag van leierskap na plaaslike leke ook ’n uitdaging, veral nadat ’n beperking op die immigrasie van buitelandse geestelikes geplaas is. Stellenbosch het gesukkel, maar in die oë van die geesteliks het geen alternatiewe opsies bestaan as om die plaaslike lidmate te betrek

[187] Privaatargief van Mev. Lorna Africa.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nie. Dit was ook Bede Jarrett se oorspronklike doel om 'n Katolieke basis te vestig met die idee om plaaslike individue op te lei. [188]

'n Verdere uitdaging wat die kerkgenootskappe ervaar het, was die reaksie op die veranderende demografie van die samelewing. Party genootskappe gebruik dit tot hulle voordeel om meer divers te raak, maar dit kan vir die kerk ook moeilik wees om aan die behoeftes en begeertes van individue van verskillende agtergronde en kulture te voldoen. Taal- en kultuurstruikelblokke het dit vir die kerk moeilik gemaak om inklusief te wees. Hier is die Stellenbosse geval van priester Oswin Magrath se inisiatief om Afrikaans te leer, in 'n poging om die gemeenskap beter te dien, 'n goeie voorbeeld.

Deur die loop van die 19de eeu is die Katolieke Kerk dikwels gesien as 'n uitheemse entiteit met baie buitelandse geestelikes. Die buitelanders kon nie vlot Engels praat nie, die liturgie was in Latyn en 'n aantal van die rituele en kleredrag is as eksoties gesien. Die kerk is dus beskou as vreemde "inkommers" en die bruinmense kon aanklank vind by die kerk deurdat die bruinman ook as "anders" gesien is. Op Stellenbosch was vooroordeel in die hantering van Katolieke prominent. Die institusie is as "buitelands" beskou en het gesukkel om in te pas in die breër Stellenbosch. Die bruinmense en die Katolieke instelling kon mekaar op 'n gemeenskaplike vlak ontmoet weens die uitsluiting wat beide ervaar het. [189]

'n Groot nadeel en uitdaging is die afnemende teenwoordigheid en deelname van lidmate aan die kerk en kerklike aktiwiteite oor die jare. Alhoewel die kerk aanvanklik 'n massatoename in getalle gesien het in kerklidmate deur menigte strategiese aksies wat behartig was, het die getalle teen die 1990's begin afneem. Dit kan onder andere toegeskryf word aan die verandering van die kerk se neutrale posisie teenoor die politiek van die land en soos mev. Marcia Osborne dit beskryf, "die toemaak van 'n aantal Katolieke skole in Suid-Afrika".

[188] Privaaronderhoud, Mnr Bryan Adams – N. Osborne, 18 November 2022, Stellenbosch; Privaatonderhoud, Mnr. Edward Gonzalves – N. Osborne, 23 Januarie 2023, Stellenbosch; Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…,* p. 122.

[189] Brain, and Denis, *The Catholic Church in contemporary Southern Africa...*, p. 197; https://eprints.soas.ac.uk/29552/1/10731708.pdf. P.27 [Besoek op 2 Augustus 2023].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Edward Gonzalves het daarop gewys dat die kerk nie meer oor die fondse en hulpbronne beskik het om hul sendingmissies voort te sit nie en het dus in die proses getalle verloor.[190]

Die doel en rol van die kerk het na die Tweede Vatikaanse Raad in 1962 verander. Waar die kerk oorspronklik net 'n voet in die deur wou hê met die stigting van sendingskerke, het die Katolieke Kerk nou aktief gewerk aan plaaslike kerkvestiging. Daardeur het die kerk aktief in die 1970's betrokke geraak in sosiale aktivisme van die gemeenskap. Die kerk het wel tyd gevat om tot hierdie besef te kom en ook eers nadat sy direk geaffekteer is deur die implementering van raswette. Die kerk het dus geen alternatiewe opsie gehad as om die kant van haar mense te kies nie. Voor Vatikaan 2 is die kerk beïnvloed deur die politieke en sosiale klimaat van apartheid. Die kerk het kritiek ontvang omdat sy nie apartheid veroordeel het nie. Daar was gevalle waar individuele priesters en geestelike leiers hulle oor apartheid uitgelaat en vir sosiale regverdigheid gepleit het, maar oor die algemeen was die standpunt van die kerk versigtig in haar benadering.[191]

Veranderinge wat ingestel is met Vatikaan 2 sluit in die gebruik van volkstaal in die kerk. Daardeur is gemeentelike deelname aangemoedig en die sakramente meer toeganklik vir die geestelikes gemaak. Daar is ook op dialoog en eenheidstrewe gefokus. Die raad het versoek dat eenheid onder Christene bevorder sou word en het inter-geloofsdialoog met mense van ander kerke en gelowe aangemoedig. Vatikaan 2 het ook 'n oop en positiewe benadering teenoor die moderne wêreld, sosiale regverdigheid, menseregte en die bevordering van religieuse vryheid gepromoveer. Dit het minder rigiede dienste of te wel die Heilige Mis en 'n meer gesellige atmosfeer binne kweekskole beteken. Tydens die Mis, waar die priester eers met sy rug na die gehoor gepreek het, kyk hy nou vir die gemeente. Die verandering het ook meer gemeente-georiënteer geword, waar die fokus voorheen die sukses van die kerk was. In hierdie raad het die kerk besef dat daar 'n nood bestaan het en dat die kerk moes intree om ook die veranderende sosiale en kulturele realiteite aan te spreek.

[190] Privaatonderhoud Mev. Marcia Osborne – N. Osborne, 26 Januarie 2023, Stellenbosch; Privaatonderhoud, Mnr. Edward Gonzalves – N. Osborne, 23 Januarie 2023, Stellenbosch.

[191] Privaatonderhoud, Mnr. Edward Gonzalves – N. Osborne, 23 Januarie 2023, Stellenbosch; Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…*, p. 140.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch se jong Katolieke - leke en geestelikes - was ontvanklik van Vatikaan 2 se voorstelle. Die Dominikaanse student van Sint Nikolaas, Timothy McDermott, het liedere geskryf wat deur die kerk gedurende die Heilige Mis gebruik is. Denis skryf dat studente soms die Mis met kitare en volksliedjies gevier het. So het die tempo van transformasie toegeneem met die aanstelling van Edmund Hill as prior op 21 Julie 1966. Hy het die uiteensetting van die priory se streng skedule hersien. Daarby is vrouens vir die eerste keer toegelaat om in die voor- en eetsaal te kom. Dit verteenwoordig 'n totale ommekeer van die eens rigiede wyse van optrede. [192]

4.3 Samevatting

In die bruin gemeenskap het die Katolieke Kerk gepoog om die bydrae van die kerk te bespreek met 'n fokus hoe haar teenwoordigheid die gemeenskap bevoordeel of benadeel het. Daar is ook gekyk na die rol, doel en bydrae van die kerk in 'n veranderende samelewing en watter voordeel sy uit die gemeenskap verkry het.

Die rol en bydrae van die kerk kom prominent na vore wanneer daar na die aksies van Rooms-Katolieke Kerk in die bruin gemeenskap gekyk word. Die kerk se rol as informant en uitgewer, opvoeder op primêre, intermediêre en tersiêre vlak, netwerker, omsiener en filantroop in die gemeenskap word onderstreep deur hierdie bydraes te bespreek.

Die doel van die kerk in die bruin gemeenskap was hoofsaaklik om lidmate te werf, mense nader aan God te bring, gemeenskapsbetrokkenheid te bewerkstellig en om mense op te voed. 'n Groot deel van die kerk en gevolglik ook geestelikes se energie en geld is aangewend om mense tot Katolisisme te bekeer deur middel van die publikasie van inligting, die bou van skole en die voorsiening van onderrig, gemeenskapsaktiwiteite en liefdadigheidswerk. Die groei van die gemeente het ook die groei van die kerk beteken. Daarby het die Katolieke Kerk in haar doel geslaag om die gemeenskap te verbeter ten spyte van regeringsbeleid. Hierdie hoofstuk het bewys dat die Rooms-Katolieke Kerk politieke verdrukking op 'n indrukwekkende manier vermy het deur 'n kerkgemeenskap te skep wat nie net op geloofsoortuigings of klasse-indeling gebaseer was nie, alhoewel dit steeds 'n mate van invloed gehad het.

[192] Privaatonderhoud, Mnr. Edward Gonzalves – N. Osborne, 23 Januarie 2023, Stellenbosch; Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…*, pp. 140-141.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Alhoewel die kerk ten opsigte van opvoedkundige ingryping meer ingeperk is deur die apartheidswette en daar minder invloed uitgeoefen het, is dit duidelik dat in terme van gemeenskapsbetrokkenheid dit nie die geval was nie. Deur middel van kerkaksies, kon die kerk die gemeenskap beïnvloed. Met die voorafgaande in ag genome, is dit voor-die-hand-liggend dat alhoewel die Rooms Katolieke Kerk relatief in gemeenskappe betrokke was, sy teruggedeins het as dit by politieke kwessies gekom het. Die kerk het in die periode van politieke verdrukking so te sê tussen die lyne beweeg en opgetree en gedoen wat hulle kon met wat hulle tot hul beskikking gehad het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5: Die Stellenbosse Rooms-Katolieke Kerk en die pad na transformasie en versoening

5.1 Inleiding

Die vorige hoofstuk in ag genome, is dit belangrik dat die Rooms-Katolieke Kerk se betrokkenheid by transformasie in die gemeenskap bespreek word, sodat die groter prentjie van daarvan duideliker word. Kwessies soos publikasies en inligting, onderrig, gemeenskapsbetrokkenheid, organisasies en samewerking met ander denominasies is belangrike aspekte wat verandering meegebring het en die kerk as 'n agent van transformasie definieer. In die periode van 1948 tot 1994 het 'n indrukwekkende transformasie in die Katolieke Kerk plaasgevind. In hierdie era, wat deur die apartheidsbewind, rassesegregasie en sistematiese diskriminasie gekenmerk word, kon dit duidelik waargeneem word hoedat die kerk vanaf draadsitter na aktiewe deelnemer aan die anti-apartheidstryd verander het. In hierdie hoofstuk sal die invloed en aksies van die kerk op nasionale, plaaslike en op leierskapsvlak ondersoek word. Die volgende vrae kan gevra word: watter aktiewe stappe het die kerk geneem om die apartheidsbeleid te bekamp, hoe het die kerk betrokke geraak en watter faktore het 'n impak op die transformasie van die kerk gedurende apartheid (1948-1998) gehad? Hierdie hoofstuk sal die evolusie van die kerk binne die gegewe tydperk ondersoek om die pogings om 'n meer inklusiewe gemeenskap te bewerkstellig, uit te lig.

Deur die loop van die studie word Vatikaan 2 vlugtig weer belig. Die doelwitverandering in die Rooms-Katolieke Kerk, wat onder andere deelname aan sosiale aktivisme ingesluit het, is in die vorige hoofstuk bespreek. Vader Owen McCann het tot die gevolgtrekking gekom dat die kerk nie by politiek betrokke geraak het nie, maar tog haar lidmate oor die gevare gewaarsku het indien Katolieke vir die NP sou stem. McCann het wel geargumenteer dat 'n volledige skeiding tussen geloof en politiek ontmoontlik was, gegewe die Katolieke sosiale en morele onderrig. Katolieke stemgeregtigdes is dus aanbeveel om die Katolieke siening in ag te neem wanneer hulle in verkiesings sou stem. [193]

Mnr. Edward Gonzalves het verklaar dat dit sy ouers se ervaring was dat daar geen politiek in die kerk gebesig is nie. Hulle het ook hul kinders geleer "to keep politics out of it". Die

[193] Anon., *The Southern Cross*, 5 May 1948, p. 4.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Katolieke Kerk wou aanvanklik neutraal bly oor apartheid, maar dit was die jong mense wat anders daaroor besluit het, asook die nood vir verandering wat die kerk tot ander insigte gebring het. Volgens meneer Brian Adams het veral die volgende wette bruinmense beperk: die Groepsgebiedewet, die Wet op Gemengde Huwelike, die Ontugwet, die Wet op die Verwydering van Kleurlingstemreg en werksafbakening, wat verklaar het dat slegs sekere rasse sekere beroepe kon volg en sekere posisies kon beklee. Dit het byvoorbeeld behels dat bruinmense onderwysers en verpleegsters kon word, maar nie elektrisiëns nie. Volgens mnr. Gonzalves was dit hierdie beperkings wat frustrasie veroorsaak het. [194]

5.2 Rooms-Katolieke betrokkenheid op nasionale vlak

Biskop Denis Hurley het daarop klem gelê dat Katolieke leke hulself daadwerklik in die politieke sfeer moes betrek. Dit moet beklemtoon word dat Biskop Hurley Katolieke aangemoedig het om betrokke te raak, maar dat die kerk steeds haar neutrale posisie moes handhaaf. Katolieke leke het die belangrikheid van 'n Katolieke stem in die politiek begin insien en dit het gedien as motivering om self by die verset teen verdrukking betrokke te raak.[195]

Die redes vir die Katolieke Kerk se traagheid om haarself tot geregtigheid in Suid-Afrika te verbind, kan aanvanklik daaraan toegeskryf word dat sy haar as 'n uitheemse kerk in 'n vreemde gemeenskap en in 'n oorweldigende Anglikaanse en Protestantse omgewing bevind het. Die kerk was ook finansieel afhanklik van oorsese bronne, dus nie finansieel daartoe in staat om haar gemeentes te help nie. Die Dominikane was aanvanklik meer bekommerd oor die beperking wat die wette op immigrante vanuit Engeland en Holland geplaas het, eerder as die impak wat dit op die gemeenskap sou hê. Daarby was die meeste geestelikes afkomstig van oorsee en was vasbeslote om goeie diplomatieke betrekkinge met die NP-regering te behou. Die resultaat daarvan was om die kerk uit die politiek te hou. [196]

Dit is belangrik om in ag te neem dat apartheid alle Christen-kerke geaffekteer het, nie slegs die NGK wat 'n direkte invloed op die ideologiese ontwikkeling van apartheid gehad het nie.

---

[194] Privaatonderhoud, Mnr. Bryan Adams – N. Osborne, 18 November 2022, Stellenbosch; Privaatonderhoud, Mnr. Edward Gonzalves – N. Osborne, 23 Januarie 2023, Stellenbosch.

[195] J. Malherbe, "Get political, Hurley urgers", *Rand Daily Mail,* 28 January 1982, p. 1; Abrahams, *The Catholic Church and apartheid…,*, p. 49.

[196] Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…*, p. 296.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die hoofstroomkerke het die apartheidsbeleid ondersteun aangesien dit die wet was. Die meerderheid lidmaatskap van daardie kerke was swart en bruin, maar die kerkgesag het steeds in wit hande gelê. Dit het bygedra tot die aanvanklike vertraging. [197]

Die biskoppe is aanvanklik nie baie beïnvloed of geraak deur sosiale kwessies wat in Suid-Afrika kop uitgesteek het nie. Gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu was koloniale besetting en uitbreiding debatteerbaar, maar nie op die Katolieke Kerk se agenda nie. Voor die biskopkonferensie van 1947 het daar geen struktuur vir korporatiewe konsultasie en aksie bestaan nie. Die rol van die kerk het wel in hierdie opsig verander, soos in hoofstuk vier verduidelik is. Waar die kerk dus aanvanklik onbetrokke was, het dit nou in 'n aktiewe teenstander teen apartheid verander. Stappe is geneem om apartheid te bestry, maar eers nadat die kerk direk deur die apartheidsbeleid geaffekteer is. Die kerkhiërargie kon dus onmoontlik verder apartheid verdra waar plaaslike Protestante op nasionale en internasionale vlak die beleid van apartheid begin verwerp het. Die apartheidstelsel is ook deur die meeste swart Suid-Afrikaners, wat teen 1958 70% van die kerk se gemeentes gevorm het, verwerp. Die Katolieke Kerk het daarom geen ander keuse gehad as om haarself te belyn met die afskaffing van apartheid nie.[198]

Die SPROCAS-verslag het beklemtoon dat die kerk in 'n unieke posisie was om inter-rassige kontak, kommunikasie en dialoog te bevorder. Die verslag het die beplanning en regulasies wat die kerk benadeel het, ondersoek. Dit is met die hulp van die verslag dat die Rooms-Katolieke Kerk uiteindelik besef het dat sy potensieel 'n groot agent vir sosiale verandering kon wees en dit was 'n belangrike gebeurtenis in die selfbewustheid van die Christen-kerke. Dit het beide die sosiale rol wat deur die kerk gespeel word geanaliseer en ook 'n plan van aksie voorgestel. Volgens die SPROCAS-verslag het apartheid, benewens eksterne druk**,** ook interne en sielkundige druk in die kerk veroorsaak.[199]

---

[197] Collins and Gillespie, "Catholic education in South Africa…", p. 34 ; D.E. Hurley and P. Denis (eds.), *Facing the crisis : selected texts of Archbishop Denis E. Hurley*, 1997, p. 191.

[198] Law, "An analysis of the socio-political role…", p. 254; Abrahams, *The Catholic Church and apartheid…,* p.176.

[199] P. Randall (ed.), "Apartheid and the Church: Report of the Spro-Cas Church Commission", *Christian Institute of Southern Africa*, (8), 1972, pp. 6-17.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.2.1 Rooms-Katolieke leierskapsbetrokkenheid en die swart vryheidstryd

Met die SPROCAS rapport wat die gunstige posisie uitwys en die eksterne druk van binne en buite die kerklike struktuur, het die SACBC in teorie die apartheidswette begin teenstaan. Die kerk se hoofaktiwiteit gedurende die periode 1943 tot 1960 was dus sosiale geregtigheid. Publikasies het gehandel oor Christelike houdings. In 1957 was die SACBC die eerste kerklike liggaam om apartheid teoreties te verwerp. Sedertdien het die kerk haar standpunt om apartheid teen te staan, behou. Alhoewel die SACBC die standpunt ingeneem het, was die kerk in 'n moeilike posisie aangesien hulle steeds vasgevang was tussen die armes en onderdruktes aan die een kant en die belange van bevoorregte wit lede in eie geledere aan die ander kant. [200]

Soos genoem in hoofstuk een, het die SACBC hul eerste dokument in 1952 gepubliseer en kort na die vorming van die Katolieke hiërargie, die tweede een in 1957. Met verwysing na Hoofstuk een, het die SACBC, versigtig in hul benadering, hul eerste dokument in 1952 gepubliseer met die vorming van die hiërargie in Suid-Afrika. In die eerste verklaring het hulle besondere klem gelê op die euwel van rassediskriminasie en die onregverdige gevolge daarvan. In die tweede verklaring het die SACBC apartheid tot die uiterste toe veroordeel en 'n beroep gedoen op geestelikes en getroue lidmate om die situasie te oorweeg. Die verklaring het ook die Rooms-Katolieke Kerk se bewusmaking van sy sosiale missie in Suid-Afrika beklemtoon deur te verklaar: "…[w]e are hypocrites if we condemn apartheid in South Africa society and condone it on our own institutions". Die derde samehangende kommentaar wat hulle gelewer het, het verband gehou met die eerste verklaring. [201]

Die publikasie van die verklarings het geestelikes die moed gegee om uit te praat teenoor die apartheidstelsel. In 'n ope brief aan mnr. P.W. Botha, die Minister van Gemeenskapsontwikkeling en Kleurlingsake, het die Kaapse Aartsbiskop en sy geestelikes versoek dat almal wat in Suid-Afrika gebore is gelyke erkenning as burgers van die land en stemreg sou kry. Die brief het ook versoek dat die stelsel van werkreservering afgeskaf word

---

[200] C. Villa-Vicencio, *Trapped in Apartheid*, New York, Maryknoll, 1988, pp. 37-8.

[201] NSLA, A.P.326.323.35 ROM, Catholic Church, "Statement on apartheid", Southern African Catholic Bishops' Conference, Pretoria , 1957, pp. 345-346; SACBC, "Statement on Apartheid", *The Bishops Speak,* Vol. 1 (1952-1966), http://sacbcoldsite.org.za/the-bishops-speak/ [Besoek op 5 Augustus 2023]; Hurley and Denis, *Facing the crisis…,* p. 16.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sodat families saam kon woon. Daarby is die afskaffing van die Groepsgebiedewet versoek, asook dat gemengde huwelike toegelaat word. Die keuse van skole moes aan ouers oorgelaat word en alle universiteite moes toeganklik wees vir die wat akademies daarvoor sou kwalifiseer. Die brief het versoek dat almal die reg gegun sou word om werk te soek waar beskikbaar in 'n stelsel wat uitbuiting en onregverdige kompetisie verhoed. Toelae moes ook regverdig betaal word vir gelyke werk ongeag tot watter rassegroep 'n werknemer behoort het. Verbanning en aanhouding moes afgeskaf word en mense moes slegs gearresteer word op bewyse van misdaad. Laastens het die brief versoek dat vryheid van spraak ingestel word. [202]

Teen die laat 1970's was die staat reeds onder geweldige druk om apartheid te hervorm. Die Katolieke Kerk se publikasies en verklarings het saam met ander denominasies en organisasies druk geplaas op die regering. Internasionale anti-apartheidsbewegings is versterk en toenemende druk vir ekonomiese sankies teen Suid-Afrika is toegepas. Apartheidshervorming het wel onder die Driekamer-parlementêre stelsel in die 1980's plaasgevind, waar bruinmense en Indiërs beperkte verteenwoordiging in die parlement verkry het. Swartmense was egter nog daarvan uitgesluit. Bruines en Indiërs het die verkiesing grotendeels geboikot en gevolglik is massaprotes deur die United Democratic Front gekoördineer. Die regering het met strenger onderdrukking reageer en 'n noodtoestand in 1985 geproklameer. Deur middel van die noodtoestand is die weermag gemobiliseer om deur plakkersgebiede te beweeg en nog 'n golf van politiek verbanning, tronkstraf en marteling het gevolg.[203]

In 'n persverklaring oor gedwonge verskuiwing deur die Algemene Sekretariaat van die SACBC in 1987 is verklaar dat die biskoppe besorgdheid uitgespreek het oor gedwonge verskuiwing. In daardie stadium is 100 000 mense landswyd reeds teen hul sin verwyder en daar was 'n versoek om gedwonge verskuiwings te beëindig. Die regering het egter met strenger optrede en implementering van apartheidsproklamasies gereageer. [204]

'n Artikel in *The Argus* van 5 April 1988, "Catholic leader warns of new confrontation", het verklaar dat Aartsbiskop Naidoo een van die geestelike leiers was wat in Maart aangehou is.

---

[202] Anon., *The Southern Cross,* "Cardinal, priests ask government: let everyone vote", 5 September 1976.

[203] Lalloo, "The church and state in apartheid South Africa", p. 48.

[204] RKKAK, Persverklaring oor gedwonge verskuiwing 21/1987, van en deur die Algemene Sekretariaat van die Suid-Afrikaanse Katolieke Biskopsraad, Van Noel Bruyns, Information/Press Office, 8 May 1987.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dit het gevolg na die verbod op sewentien organisasies en 'n vakbond wat gepoog het om 'n petisie aan President Botha in die parlement te lewer. Die petisie het oor die protes teen die beperkinge gehandel. Aartsbiskop Naidoo het ook genoem dat protes moeiliker geword het en dat die kerk in 'n bevoorregte posisie was om haar stem te gebruik om 'n impak te help maak. Volgens Naidoo was dialoog tussen staat en kerk onmoontlik: "you cannot talk to people who do not want to hear". Naidoo het ook gesê dat die kerk, wat by hierdie sake betrek is, nie stil gemaak sou word nie.[205]

Alhoewel Biskop Stephen Naidoo die eerste Katolieke leier in aanhouding was, was hy nie die laaste nie. Naidoo was ook die eerste Suid-Afrikaanse nie-wit aartsbiskop wat aangestel is om die Kaapse bisdom te lei. Geesteliks en leke is geteister, opgesluit, aangehou, gedeporteer en verban weens betogings teen die apartheidsregering en -regulasies. Peter Hortop, 'n Suid-Afrikaanse Dominikaan, is byvoorbeeld agt maande lank in die tronk aangehou omdat hy die polisie in KwaThema, 'n plakkerskamp aan die Oos-Rand, verontagsaam het. Gedurende 1986 is die Dominikaanse non, Suster Clare Harkin, ook gearresteer, omdat sy die wet oortree het ten opsigte van die noodregulasies om 'n begrafnis in Kaapstad by te woon. Tot en met die laat 1970's was daar sporadiese dade van verstet teen die staat, maar in die kerk self was *de facto* diskriminasie egter steeds op verskeie vlakke toegepas. [206]

Terwyl sommige wit Katolieke die kerk verlaat het weens die onenigheid wat die bevrydingstryd veroorsaak het, het die kerk voortgegaan met haar aktiewe aktivisme. Teen die einde van die tagtiger dekade was kerke, veral dié in Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK), volledig by die bevrydingstryd betrokke. Die stryd het egter die verlies van leierskap deur verbanning of selfs die dood van leiers deur die apartheidsregering meegebring. Kerkleiers het 'n poging aangewend om die gaping te vul en in te skakel by die vorm en rigting van die bevrydingsbeweging. [207]

---

[205] Anon., *The Argus*, "Catholic leader warns of new confrontation", 5 April 1988.

[206] https://www.scross.co.za/2018/06/a-timeline-of-catholicism-in-south-africa/ [Besoek op 17 April 2023]; Law, "An analysis of the socio-political role…", p. 198; https://sacbc.org.za/history-of-the-catholic-church-in-southern-africa/ [Besoek op 17 April 2023].

[207] https://www.southworld.net/south-africa-the-catholic-church-in-search-of-a-new-presence/ [Besoek op 17 April 2023].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.2.2 Die Rooms-Katolieke Kerk en die Swart Bewussynsbeweging

In 1972 het die biskoppekonferensie 'n studie geloods oor die moontlikheid om sy twee streekseminare (een vir swartes en een vir wittes) te desegregeer. Die kwessie van gemengde skole is ook te berde gebring. In 1979 het die konferensie besluit dat die tyd ryp was om beide seminare en skole te desegregeer. Teen daardie tyd het die Katolieke Geregtigheid en Vredesgroepe ook oral in die land tot stand gekom en hulle daaraan toegewy om rasseregverdigheid in die land te bevorder. Die Swart Bewussynsbeweging was beïnvloed deur sleutelfigure in die Rooms-Katolieke Kerk. [208]

Die Swart Bewussynsbeweging het 'n groot invloed op die Suid-Afrikaanse gemeenskap, asook die kerk uitgeoefen - inteendeel, die beweging het sy oorsprong grotendeels in Christenskap gevind. Die jare kort na Vatikaan 2 het drastiese veranderinge in die kerk meegebring, nie net in Suid-Afrika nie, maar deur die globale Katolieke netwerk. Een prominente faktor was die groei in liturgiese en teologiese inkulturasie[209], insluitende die gestadigde opkoms van swart Katolieke teoloë. Vatikaan 2 het aan die kerk die gereedskap gegee om die bevrydingstryd in Suid-Afrika aan te pak. Katolieke priesters soos Albert Nolan was een van die grootste ondersteuners van die swart vryheidstryd.[210]

Die Swart Bewussynsbeweging het die aandag getrek nadat 'n aantal swart geestelikes elemente van swart teologie begin ontwikkel het. Prominente politieke figure soos Steve Biko het hierdie elemente begin gebruik in 'n vroeë organisasie, bekend as die University Christian Movement gestig. Swart teologie het vlam gevat gelykstaande aan die entoesiasme van die Swart Bewussynsbeweging. Die Christelike Instituut van dr. Beyers Naudé, die bekende NGK-teoloog, wat sy kerk se pro-apartheidstandpunt veroordeel het, en die Swart Bewussynsbeweging ondersteun het, het groot invloed op die Suid-Afrikaanse Christelike Raad uitgeoefen. Swart manlike teoloë het meer mag en invloed op die raad gekry soos wat die

[208] Collins and Gillespie, "Catholic education in South Africa…", p. 34.

[209] Inkulturasie verwys na die aanpassing van Christelike leerstellings (soos die liturgie) en praktyke in verskillende kulture.

[210] Mukuka, *The other side of the story…,*, p. 174; https://uir.unisa.ac.za/bitstream/handle/10500/13137/Egan.pdf?sequence=1&isAllowed=y [Besoek op 20 April 2023]; Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…,* p. 267.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Swart Bewussynsbeweging gegroei het. Die invloed het oorgespoel tot die Katolieke Kerk wat self 'n groeiende aantal swart geestelikes ingeseën het. [211]

Die doel van die Christelike Instituut van Beyers Naudé, waarvan die Rooms-Katolieke Kerk 'n lid was, was om Christene van alle denominasies en rasse in Bybelstudiegroepe te betrek in die strewe na Christelike ontdekking van rasse-eenheid en harmonie. Die wit bevolking het nie 'n prominente rol in die projek gespeel nie, maar binne 'n paar jaar het Naudé tot die gevolgtrekking gekom dat swart bevryding afhanklik was van swart Suid-Afrikaners. Dit het 'n alliansie met die Swart Bewussynsbeweging maklik gemaak. Die Stellenbosse Katolieke groep het in 1964 die eerste Christelike Instituut-vergadering gehou, een jaar nadat die organisasie gestig is.[212]

5.2.3 Die Rooms-Katolieke Kerk en inter-kerklike samewerking in die anti-apartheidstryd

Alhoewel die Katolieke Kerk sedert die 1970's aktief besluit het om apartheid teen te staan, het hulle egter eers in die tagtiger jare inter-kerklike samewerking toegepas met ander denominasies en organisasies. Dit is te danke aan sleutelfigure in die Katolieke Kerk wat hierdie pad oopgemaak het om bande met ander individue in die anti-apartheidstryd te vorm. Lalloo skryf dat verandering eerder deur die individu as deur die kerkinstansies bewerkstellig kon word. Die sleutel tot verandering was om die onderdrukte te bemagtig, eerder as om witmense se houding te probeer verander. Hierdie argument is versterk deur die feit dat (wit) kerkleiers stadig was om die noodsaak van verandering in te sien. In die Katolieke Kerk het figure soos Biskop Naidoo, Vader Owen McCann en Aartsbiskop Denis Hurley op 'n bestuursvlak aktiewe pogings aangewend om verandering mee te bring.[213]

Persone soos Vader McCann het ook baie teenkanting gekry oor sy verset teen die regering. Vader Albert Nolan was ook 'n priester onder wie se leierskap die Dominikane van Suid-Afrika 'n groep gevorm het wat hulleself aan sosiale geregtigheid gewy het. Individue soos Biskop

[211]Hurley and Denis, *Facing the crisis…,* p. 194.

[212] Hurley and Denis, *Facing the crisis…,* p. 192; P. Walshe, *Church versus State in South Africa*, Marknoll, New York, 1982, p. 31; Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…,* p. 265.

[213] Anon., "Sermon blitz on race prejudice", *Southern Cross,* 23 November 1960, pp. 1-2; *The Dominican friars in Southern Africa…*, p. 265.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hurley was een van die ander prominente figure in die Katolieke Kerk in die verset teen apartheid. Hurley het 'n reeks artikels in Julie 1949 in die Katolieke koerant, *The Southern Cross*, onder die titel "Catholics Action in South Africa" gepubliseer. Die artikels het onder andere oor die rol van Katolieke in die openbare lewe gehandel. Hy het homself uitgespreek teenoor die kleurstelsel:

> "There is no hiding the fact, the Colour Bar is a heavy stone tied about the neck of the Catholic Church in South Africa. There is nothing more foreign or more alien to the Catholic way of thinking than the rigid social and economic barriers erected to protect the purity of race and economic supremacy of Europeans in SA."[214]

Alhoewel die individuele geestelikes van die Katolieke Kerk hul stem teenoor apartheid verhef het, was die kerk stadig om inter-kerklike samewerking met ander denominasies en organisasies, wat die Katolieke se opinie gedeel het, toe te pas. Na aanleiding van die Sharpeville Slagting en verbanning van swart politieke organisasies deur die apartheidstaat, het sekere kerkgenootskappe uit reaksie 'n komitee, die sogenaamde Cottesloe-beraad, gestig. Weens die Cottesloe-beraad is die leisels van die Christelike opposisiepartye vanaf die Anglikaanse kerk aan twee inter-denominale kerkorganisasies oorgegee: die Christelike Instituut en die Suid-Afrikaanse Christelike Raad. Die twee organisasies het van mekaar verskil deurdat individue aan die Christelike Instituut kon behoort, maar slegs kerke en kerkliggame by die Christelike Raad kon aansluit. In 1968 het hervorming plaasgevind, dus was 'n naamsverandering vanaf die Christelike Raad van Suid-Afrika na die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) nodig. Kerke het getuig van sosiale en politieke probleme wat deur die apartheidsbeleid veroorsaak is. In 1968 het die SARK 'n kragtige boodskap aan die mense van Suid-Afrika gelewer wat ook deur die Katolieke Kerk onderskryf is. Die boodskap het die Eerste Minister, John Vorster, en sy regeringsbeleid aan die kaak gestel en sodoende omstredenheid ontlok.[215]

---

[214] Anon., *The Southern Cross*, 20 July 1949, p. 3.

[215] J. Pillay, "The Church as a transformation changer agent", *HTS: Theological Studies,* Vol. 73, No. 3, 2017, p. 9; Lalloo, "The church and state in apartheid South Africa", p. 34; Hurley and Denis, *Facing the crisis…,* pp. 192, 196.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die SARK se bewusmaking van die euwels van apartheid het op 'n interne en internasionale platform geskied. Die organisasie het in opstand gekom teen die apartheidswette en ook die behoeftes van die gemarginaliseerde gemeenskappe aangespreek. Die raad het die internasionale gemeenskap om disinvestering van en internasionale sankies teen Suid-Afrika versoek. Op hierdie wyse was die raad 'n sigbare rolspeler in die burgerlike samelewing wat die bevrydingstryd in die 1980's voorgesit het. Dit was deur middel van leierskapsteenwoordigheid in organisasies en bewegings gedoen. Alhoewel die Rooms-Katolieke Kerk eers in 1989 'n lid van die SARK geword het, is dit te danke aan figure soos Albert Nolan wat die lidmaatskap van die kerk vergemaklik het deur sy assosiasie met die vryheidstryd. Die raad het egter kort daarna gesien hoe al drie afdelings van die NGK uit die Wêreldraad van Kerke getree het. [216]

Lalloo skryf dat die toenemende kerkbetrokkenheid by die swart bevrydingstryd gevolg het soos wat meer swart geestelikes leierskapposisies in die kerk en Christen-organisasies begin beklee het. Daarby het internasionale kerkliggame die rigting ten opsigte van die vestiging van norme van sosiale geregtigheid bepaal. Dié liggame het 'n internasionale stem aan plaaslike kerkleiers verleen, sodoende kon die beweging 'n nuwe gehoor bereik. 'n Raamwerk is uiteengesit, ook vir die Rooms-Katolieke Kerk, met betrekking tot geweld en ekonomiese sankies in die bevrydingstrydstryd. [217]

Pogings is deur die Rooms-Katolieke Kerk-hiërargie aangewend om leke bewus te maak van die noodsaak vir verandering**.** Die pastorale briewe van 1960 en 1966 en die kerk se *Call to Conscience* van 1972 het daarby aangesluit. Die *Declaration of Commitment* is deur die Katolieke biskoppe van Suider-Afrika in Februarie 1977 as inligtingstuk saamgestel en aan geestelikes in die land versprei. Die verklaring was 'n hoogtepunt in die dertig jaar van die kerk se betrokkenheid in die politieke apartheidsmilieu van Suid-Afrika. Die Katolieke Kerk het

[216] Pillay, "The Church as a transformation changer agent", p. 10; M.C. Pauw, "Ecumenical cooperation at the grass roots. An evaluative case study involving the council for church cooperation in Stellenbosch", *Missionalia: Southern African Journal of Mission Studies*, Vol. 24, No. 2 ,1996, p. 210; Walshe, *Church versus State in South Africa*, p. 29.

[217] Lalloo, "The church and state in apartheid South Africa", p. 40.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

daarmee nie slegs rassediskriminasie veroordeel nie, maar ook aangedring op 'n totale herstrukturering van die samelewing.[218]

Die uitspraak van die kerk is gevolg deur strenger optrede van die regering. Na die onderdrukking van die Christelike Instituut deur die regerende party, het die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke sy profetiese rol met Biskop Desmond Tutu as sekretaris-generaal vanaf 1978 voorgesit. Uitsprake rakende disinvestering in Suid-Afrika, die verwydering van die Groepsgebiedewet en 'n nuwe grondwet is gemaak. Daarby was die kwessie van die wettiging van swart vakbonde, die regte van swart werkers, geregverdigde weerstand teen onderdrukking en burgerlike ongehoorsaamheid ook onderwerpe van bespreking. Die SARK, waarvan die Katolieke Kerk deel is, het ook 'n aandeel gehad aan die opstel van drie dokumente ter ondersteuning aan vryheidsbewegings: Die Harare Verklaring[219] van 1985 het die Suid-Afrikaanse apartheidsregime aangemoedig om 'n klimaat vir onderhandelinge te skep vir die beëindiging van die apartheidstelsel. Daarby het die dokument ook die voorwaardes vir onderhandelinge uiteengesit. In die verklaring is dit gestel dat daar verwag word dat 'n nuwe grondwetlike bestel geskep sou word gebaseer op demokratiese beginsels. Die Lusaka Verklaring[220] van 1986 het gehandel het oor die probleem van rassisme en gelykheid in die Gemenebes nasies, terwyl die Kairos Dokument van 1985 teologiese kommentaar op die politieke krisis in Suid-Afrika was. [221]

Dit was egter vir die Katolieke Kerk 'n uitdaging om teologiese kommentaar te lewer op die politieke krisis in Suid-Afrika. Die Kairos Dokument het verklaar dat die nasionale krisis ook in die kerk weerspieël is. Die burgerlike onrus in Suid-Afrika is gesien as die "oomblik van waarheid en krisis", nie net vir apartheid nie, maar ook die Katolieke Kerk. Die behoefte van Christene om betrokke te raak in die stryd om regverdigheid was histories geleë. Die dokument het geworstel met die teologiese redes vir die sosio-politieke konflik. Die tradisionele teologie

[218] Abrahams, *The Catholic Church and apartheid…,* p. 25; SACBC, *XVII, "*Declaration of commitment on social justice and race relations within the church", 1977, pp. 1-2, http://sacbcoldsite.org.za/the-bishops-speak/ [Besoek op 5 Augustus 2023].

[219] https://peacemaker.un.org/sites/peacemaker.un.org/files/ZA_HarareDeclaration-21Aug_1989.pdf [Besoek op 5 Augustus 2023].

[220] Hurley and Denis, *Facing the crisis…,* p. 200.

[221] https://kairossouthernafrica.wordpress.com/2011/05/08/the-south-africa-kairos-document-1985/ [Besoek op 5 Augustus 2023].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van kerke is beskryf as liberaal en idealisties en is verwerp as onvoldoende, irrelevant en oneffektief. Die teoloë van die Kairos Dokument, waarvan Albert Nolan deel gevorm het, het beweer dat die kerk 'n rol te speel het in die krisis van daardie tyd. Dit was veral haar morele plig om tirannie te weerstaan en aan te hou veg vir 'n regverdige samelewing.[222]

Ongeag die Katolieke Kerk se uitdaging om by te dra tot die gesprek, was daar 'n toenemende aanvaarding dat verskeie vorme van burgerlike ongehoorsaamheid en passiewe weerstand prakties en dus moreel onvermydelik was. In die drie en 'n half dekades wat sedert die instelling van apartheid verloop het, het die kerk se geloof in versoening en die moontlikheid van geleidelike hervorming vervaag. Alhoewel daar geen formele toestemming verleen is vir burgerlike ongehoorsaamheid nie, het die Rooms-Katolieke Kerk haar ondersteuning uitgedruk deur die aksies en uitsprake van haar individuele lidmate. Lede van die SACBC het deelgeneem aan protesoptogte, die maak van plakkate, deelname aan massabyeenkomste en die bywoning van politieke begrafnisse. Protes was nie meer beperk tot die uitreik van verklarings en die skryf van briewe nie, maar was eerder in sigbare ondersteuning en teenwoordigheid van die geestelikes. Die kerklikes was nie vrygestel van die onderdrukking wat deur die plaaslike gemeenskap ervaar is nie. [223]

Kerkleiers soos Aartsbiskop Desmond Tutu van die Anglikaanse Kerk, asook dr. Alan Boesak en Beyers Naudé uit NGK-geledere, het 'n sentrale rol in die beroep op sanksies en disinvestering gespeel as die enigste nie-gewelddadige metodes om sosiale en politieke verandering in Suid-Afrika teweeg te bring. Sanksies is beskou as 'n alternatief vir geweld. By die streeksvergadering van biskoppe van Suider-Afrika in 1989 het die Katolieke biskoppe van nege Suider-Afrikaanse lande hulle ondersteuning aan nie-gewelddadige gemeenskapsprotes, openbare ongehoorsaamheid en geweldlose weerstand verleen as metodes om ongeregtighede te beëindig. [224]

[222] Law, "An analysis of the socio-political role…", p. 2.

[223] *Ibid.,* pp. 227-228.

[224] Law, "An analysis of the socio-political role…", p. 204; Anon., *Weekly Mail*, 27 Jan 1989.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.3 Die Rooms-Katolieke Kerk se betrokkenheid op Stellenbosch

Die Tweede Vatikaanse Raad was verantwoordelik vir die besluit om apartheid aktief teen te staan. Die raad het op die rigting vorentoe vir die Katolieke Kerk en haar volgelinge besluit. Die raad het ook 'n groot impak op St. Nikolaas Priory gehad. Die liturgie is eenvoudig gemaak en die streng kloosterlike atmosfeer van die kerk is vervang deur 'n meer gesellige en verdraagsame atmosfeer. Maar teologies en polities het die priory 'n meer radikale houding ingeneem. Gedurende Augustus 1968 het die geestelikes aan protes teen die gedwonge verskuiwing van 'n groep bruin inwoners deelgeneem en ook gehelp met hulle herallokering.[225]

Rassespanning op Stellenbosch het 'n aanloop so vroeg as 1940 gehad. As gevolg van verskillende politieke sienings oor Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, sowel as die hoë spanning en skeiding tussen die rasse wat toe geheers het, het wit studente op 27 Julie 1940 'n bruin Stellenbosse woonbuurt, bekend as Die Vlakte, binnegeval en eiendomme van bruin inwoners beskadig. Die dag staan bekend as "Slag van Andringastraat". Volgens Maria Jonathan se herinneringe aan die voorval het die dorp se bruinmense huis toe gehardloop. Die groot mense het gewaarsku: "Bly by die huis, moenie uit gaan nie. Die [wit]mense het gesê hulle gaan terug kom". Die dorp se bruinmense het met studente baklei. Mev. Jonathan het vertel dat daar in daardie stadium begin is met die bou van rooidak huisies in Weberstraat, Idasvallei. Sy en haar familie het toe ook getrek na Idasvallei. [226]

In 'n aparte voorval, vertel mev. Virginia McDilling, het die Katolieke Kerk, asook die Anglikaanse kerk, hulle deure onmiddellik vir anderskleuriges tydens die Stellenbosse onluste van 1968 oopgemaak. Sy het verklaar dat die rede waarom "[o]ns so in die moelligheid was met die riots, want ons het mense gehuisves in die kerk". Baie priesters en nonne is opgesluit omdat hulle dit toegelaat het.[227]

Die Suid-Afrikaanse vikariaat was saam met talle ander groepe en organisasies, sekulêr of kerklik, ook betrokke by die bevrydingstryd in die 1980s**.** Die Dominikane se reaksie op

---

[225] Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…*, p. 146.

[226] *The "Battle of Andringa": violently separating Stellenbosch*, https://www.sahistory.org.za/dated-event/battle-andringa-violently-separating-stellenbosch [Besoek op 30 April 2023]; Privaatonderhoud Mev. Maria Magdalena Jonathan – N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch; Giliomee, *Nog altyd hier gewees,* p. 234.

[227] Privaatonderhoud Mev. Virginia McDilling – N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

apartheid was egter laat en aanvanklik onseker**.** Die Dominikane was oorheersend wit en het materieel en sosiaal voordeel getrek het uit die *status quo*. Op verskeie terreine was die Dominikane betrokke by segregasiepraktyke in hul eie gemeenskappe sowel as die mense wat hulle gedien het. Denis skryf dat daar geen geval bekend is waar 'n Stellenbosse Dominikaanse priester die gedwonge verskuiwings teengespreek of teengestaan het nie. Op hierdie wyse het hulle nie veel verskil van ander Katolieke gemeentes of kerke nie.[228]

Volgens mnr. Edward Gonzalves was aparte ontwikkeling daarop gemik om die mense te polariseer. Die doel was om die mense van mekaar te skei, nie net in die samelewing nie, maar ook in die kerk. Dit was 'n vorm van beheer. Gonzalves het genoem dat hy eerstehands ervaar het hoe die bruin Katolieke uitgesluit is. As 'n bruin Katoliek kon hy nie met die bruin Protestantse kinders speel nie omdat hulle hom onwelkom laat voel het. Daarbenewens kon hy as 'n bruin Katolieke kind nie met wit Katolieke speel nie. Volgens Gonzalves is die skeiding ook in die kerk gereflekteer. Wit en bruin moes apart sit met geen vermenging van sitplekke nie. Hy kon onthou dat die regering sover gegaan het om "spioene" in die kerk te plaas om waar te neem of die mense apart gesit het om te luister wat gepreek word. Volgens Gonzalves het dit egter die teenoorgestelde effek gehad as wat die regering wou hê, "the more you suppress the man, the more he will rebel", meen Gonzalves. [229]

Mev. Maria Jonathan het daarop klem gelê dat dit nie net die raswette was wat die Katolieke op die dorp uitgesluit het nie, maar "ons eie bruinmense ook". Jonathan het vertel dat hulle in haar kinderjare dikwels beperk is omdat hulle Katoliek was en sosiale diskriminasie ervaar het. Sy het ervaar hoe haar gesin, weens hul kerkverband, soms van gemeenskapsaktiwiteite of selfs daaglikse aktiwiteite uitgesluit was. Sy het verduidelik dat sy as kind gewoon het waar die Hydro Resort Hotel vandag staan. Daar was "Ou lord De Villiers se plaas", en omdat hulle Katoliek was, kon hulle nie die kortpad deur die plase gebruik het nie. Hulle moes ompad stap wat baie ver was. Sy noem dat dit insidente soos die was wat mense onthou. Edward Gonzalves is van mening dat hierdie insidente daartoe bygedra het dat mense rebelleer het.[230]

---

[228] Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…,* pp. 238-239, 255.

[229] Privaatonderhoud, Mnr. Edward Gonzalves – N. Osborne, 23 Januarie 2023, Stellenbosch.

[230] Privaatonderhoud Mev. Maria Magdalena Jonathan – N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch; Privaatonderoud, Mnr. Edward Gonzalves – N. Osborne, 23 Januarie 2023, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Alhoewel die frustrasie en teleurstelling wat menigte Katolieke mense op die dorp gevoel het, soos deur Gonzalves en Jonathan geartikuleer, het die reeks rassewette op die dorp nie gelei tot massaprotes en grootskaalse politieke verset in die bruin gemeenskappe nie, maar jongmense binne organisasies het 'n ander standpunt ingeneem. In hierdie opsig het die kerke meer begin aandring op 'n oplossing wat vrede en regverdigheid sou meebring. Dit was egter nie 'n aanvaarbare benadering vir jongmense nie. [231]

Katolieke studente en aktiviste het aan protes en betogings teen die apartheidsregime op Stellenbosch deelgeneem. Leierskapposisies in sekere studente-organisasies is deur lede van die gemeenskap, insluitende priesters en studente, gevul. Hierdie verteenwoordiging het gelei tot 'n aktiewe deelname aan politieke protes. Die kontak wat met die Christelike Instituut gemaak is, het bygedra tot die politieke bewusmaking van die gemeenskap. [232]

Die St. Nikolaas Priory het in 1966 by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseaangeleenthede as 'n korporatiewe lid aangesluit. In dieselfde periode het die broeders aansoeke van alle rasse begin aanvaar. 'n Bruin kandidaat is byvoorbeeld in 1967 op Stellenbosch ingeskryf. Dit was teenstryding met die Groepsgebiedewet, maar voordelig vir die Dominikane se getalle. Na die samesmelting van die Engelse en Afrikaanse vikariaat in Februarie 1968, is die novisiaat, soos reeds in hoofstuk drie genoem, na Payneville, Springs oorgedra as 'n nie-rassige instelling. [233]

Deur die loop van die 1960's het die Stellenbosse broeders 'n groot rol in die teologiese debat gespeel deur openbare lesings te gee oor kwessies soos evolusie, die boodskap van Vatikaan 2 of teologie. Nadat die Stellenbosse munisipaliteit die uitsetting van 'n groep bruin inwoners beveel het van 'n tydelike blyplek naby die priory van Cloetesdal, het 'n protesaksie plaasvind waarby die broeders betrokke was. Toe die protes misluk het, het die broeders betrokke geraak by die vervoer en 'n bouskema vir die ontworteldes. Volgens die *Stellenbosch Chronicler*, het die hele gemeenskap kom help daarmee. Hierdie bedrywighede het egter die aandag van die veiligheidspolisie getrek. Vanaf 27 Augustus 1969 het die owerhede die priory fyn dopgehou

[231] Privaatonderhoud Mev. Maria Magdalena Jonathan – N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch.

[232] Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…,* p. 141.

[233] Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…,* p. 265; Walshe, *Church versus State in South Africa*, p. 71.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

met die doel om die broeders te intimideer. Dit was met hierdie eerstehandse ervaring van onregverdigheid dat die Dominikane vir 'n algehele verwerping van apartheid gevra het.[234]

In Desember 1969 is daar 'n klopjag deur die polisie op die priory se konferensiesentrum uitgevoer, waar die Nasionale Unie van Suid Afrikaanse Studente 'n werkswinkel aangebied het. Die swart afgevaardigdes is daarvan aangekla dat hulle onwettig in 'n wit buurt woonagtig was. Michael O'Brien, die konferensiesentrum se sekretaris, is met R40 beboet omdat swart studente in 'n wit woonbuurt sonder toestemming gebly het. Die ervaring het die oë van die Stellenbosse Dominikane oopgemaak deur hul bloot te stel aan die ondrukking van die staat. Dit het hulle geïnspireer om meer proaktief by die stryd teen apartheid betrokke te raak.[235]

Dit was egter nie die enigste geval waar die Stellenbosse Katolieke Kerk die wet verontagsaam het nie. Die Katolieke losieshuis, Huis Emmaus, was die enigste gevestigde nie-rassige studentehuisvesting op Stellenbosch, het *Die Matie* berig. Die artikel het verklaar dat "inwoners van Huis Emmaus en die voorsitter van Cathsoc diskrimineer nie op grond van velkleur wanneer aansoeke oorweeg word nie". Die bestuur van die losieshuis was wel bewus daarvan dat die Groepsgebiedewet in hierdie verband verbreek is.[236]

'n Breë ekumeniese koalisie het onder die studentegemeenskap onstaan. Die Nasionale Katolieke Federasie van Studente (NKFS) was 'n federasie van Katolieke universiteitstudentegemeenskappe wat studente van alle rasse ingesluit het. Hierdie organisasie het bygedra om die politieke bewustheid van Stellenbosch te verhoog. In 1971 het swart studente egter van die groep weggebreek. Dominikane was op verskeie maniere betrokke by die NKFS. Spesifiek op Stellenbosch het hulle lesings en praatjies by die jaarlike NKFS-konferensie in Julie gehou. Die Dominikaanse studente van Stellenbosch het gereeld hierdie konferensies bygewoon.[237]

---

[234] Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…,* pp.142, 254; Anon., *Stellenbosch Chronicle*, 18 Dec 1968, soos aangehaal in Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…*, p. 268.

[235] Chronicle of St Nicholas Priory Stellenbosch, Vol. 1 (1930-1953), 7 Januarie 1970, Southern African Dominican Archives: English Vicariate, Stellenbosch, soos aangehaal in Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…,* p. 269.

[236] Annelise Burgress, *Die Matie*, "Matie slaap in kar oor groepswet", 17 September 1987, p. 4.

[237] Denis, *The Dominican friars in Southern Africa…,* pp 262.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die massa-optogte en protesaksies wat reg oor Suid-Afrika plaasgevind het, het ook in September 1992 op Stellenbosch kop uitgesteek. Die Council for Church Cooperation in Stellenbosch (CCCS), waarvan die Rooms-Katolieke Kerk lid was, het die rol as bemiddellaar ingeneem en vergaderings georganiseer. 'n Vredesaamtrek het op 'n terrein in die middel van Stellenbosch, bekend as Die Braak, plaasgevind. Daarna het die progressie na die stadsaal beweeg vir 'n vredesdiens. Hierdie gebeurtenis het 'n skare van meer as 'n duisend mense getrek.[238]

In die 1990's is prioriteit gegee aan konflikoplossing, opvoeding in demokrasie en ontwikkeling. Daar is reeds genoem dat die Raad van Kerklike Samewerking in 1980 op Stellenbosch geloods is, maar dit was eers tien jaar later dat die notules van die raad die Rooms-Katolieke Kerk van Stellenbosch se samewerking aandui. Rekords wys dat die Sint Markus-kerk vanaf 4 Junie 1990 ook finansieel tot die raad bygedra het. 'n Byeenkoms is in 1993 deur die raad gereël, waar die voorsitter, ds. Simon Adams, aan alle belangstellende kerke en gemeentes, organisasies en instansies 'n oop uitnodiging gestuur het. Die doel was om die moontlike stigting van 'n Stellenbosse Vredeskomitee te bespreek.[239]

5.4 Samevatting

Die transformasie van die Katolieke Kerk, van passiewe na aktiewe deelname aan die bevrydingstryd, word gekenmerk deur betekenisvolle verwikkelinge wat tussen 1948 en 1994 plaasgevind het. Die kerk se betrokkenheid was op 'n nasionale en plaaslike vlak sigbaar. Haar betrokkenheid het ingesluit enigiets van skriftelike uitsprake lewer teenoor die apartheidswette tot aktiewe deelname aan betogings. Dit is ook hoe die kerk te werke gegaan het om die apartheidswette te bekamp. Naas die Vatikaan 2, het die nasionale en plaaslike druk wat die kerk op meer as een vlak ervaar het, bygedra tot die invloed wat die transformasie beïnvloed

---

[238] M.C. Pauw, "Ecumenical cooperation at the grass roots. An evaluative case study involving the council for church cooperation in Stellenbosch", *Missionalia: Southern African Journal of Mission Studies*, Vol. 24, No. 2, 1996, p. 219.

[239] *Catholic News Bulletin*, Archdiocese of Durban, December 2017, p3, http://stjosephdbn.co.za/files/December2017.pdf [Besoek op 2 Februarie 2023] ; RKKAS, Korrespondensie, Ds Simon Admas (voorsitter) namens die Uitvoerende Komitee van die Raad van Kerklike Samewerking – Ope Uitnodiging, 9 Augustus 1993: Moontlike Stigting van Stellenbosch Vredeskomitee, VGKSA, Stellenbosch, Sinode Kaapland, Kommisie; Raad vir Kerklike Samewerking Stellenbosch (hierna RKSS), P.I.C.K Leraar, notules van vergadering 8 Maart 1990 te Idasvallei.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

het. Ander denominasies soos die NGK, asook sleutelfigure, het bygedra tot die kerk se aktiewe stryd teen apartheid.

Deur die aktiewe deelname van sleutelfigure is die pad oopgemaak vir die Katolieke Kerk om aan te sluit by organisasies wat hulle standpunt gedeel het. Die kerk se aktiewe deelname aan die swart bevrydingstryd, alhoewel in 'n laat stadium, was ondersteunend tot die beweging. Dit was die jongmense van die kerk wat die dryfkrag was van hierdie verset wat dus aangedring het op verandering. Baie Katolieke priesters en leke was openlik gekant teen die apartheidstelsel en het vir sosiale geregtigheid en gelykheid gepleit. Op Stellenbosch kon die belangrike rol van die Katolieke Kerk waargeneem word waar sy gemarginaliseerde gemeenskappe ondersteun het deur protes teen die regering te organiseer.

Alhoewel hierdie hoofstuk slegs oppervlakkig raak aan die transformasie wat die kerk vanaf 1948 tot 1994 ondergaan het, is die volle prentjie meer kompleks en sluit dit inderdaad meer individue en groepe se ervaring in. Die hoofstuk is egter 'n poging om die oorgang te beklemtoon deur 'n maatskaplike benadering van die breër konteks weer te gee.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Gevolgtrekking

Deur die loop van hierdie studie word die impak en betekenis van die Rooms-Katolieke Kerk op Stellenbosch ondersoek. Die navorsing het gefokus op die koms, ontwikkeling en invloed van die kerk op Stellenbosch. Die klem was op die rol van hierdie religieuse instelling op die plaaslike gemeenskap. Die studie is beperk tot 'n periode sedert 1948, wat die amptelike aanvang van die apartheidsbeleid kenmerk, tot en met die einde daarvan in 1994. Die doel van hierdie studie was om die betrokkenheid van die Rooms-Katolieke Kerk in 'n veranderende Suid-Afrikaanse gemeenskap te ondersoek en beskryf en sodoende die wel en weë van die hele bruin gemeenskap van Stellenbosch, insluitend diegene wat nie noodwendig lid van die Katolieke Kerk is nie, te belig.

Hierdie studie het aangetoon hoe die beeld van katolisisme in Suid-Afrika vanaf die begin van die twintigste eeu tot aan die einde van die 1990's verander het. Soos wat rassesegregasie al hoe meer gesistematiseerd geraak het, het die kerk ook meer uitdagings in die gesig gestaar en probleme ondervind om die gemeenskap te dien.

Een van die Katolieke Kerk se ordes, die Dominikaanse Orde wat hulleself op Stellenbosch gevestig het, het aanvanklik nie gereageer op die Nasionale Party se verkiesingsoorwinning in 1948 en wat dit ten opsigte van apartheid geïmpliseer het, nie. Die Dominikane se primêre fokus was slegs 'n strewe na die vestiging van sendingstasies op Stellenbosch en die groei van hul lidmaatskapsgetalle. Hierdie uitvoering het egter nie sonder struikelblokke plaasgevind nie, omdat die kerk nie net laat op die sendingtoneel verskyn het nie, maar ook 'n buitestaander binne 'n Protestants-gedomineerde omgewing was. Politieke kwessies het egter die kerk se ontwikkeling belemmer. Alhoewel die Dominikane nie blind was vir die sosio-ekonomiese en politieke ongeregtighede wat deur apartheid teweeggebring is nie, het dit hulle as buitelanders en buitestaanders aanvanklik nie geaffekteer nie.

Die Katolieke Kerk van Suid-Afrika het aanvanklik aan die begin van apartheid 'n neutrale standpunt ingeneem. Die instelling van apartheidswetgewing en in besonder die Groepsgebiedewet (1950), die Wet op Bantoe-onderwys (1953) en die Wysigingswet van Inheemse Wette (1957) het nie net die gemeenskap wat die kerk probeer dien het geaffekteer nie, maar ook inbreuk gemaak op die kerk se ontwikkeling, bydrae en doelwitte. Die Bantoe-onderwyswet het Katolieke skole en onderrig ontwrig. Die Groepsgebiedewet het rassegeroepe

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

tot spesifieke residensiële areas beperk en daarmee die kerk se werksaamhede in gemeenskappe ingekort. Die Wysigingswet op Naturelle het dit moeilik gemaak vir swart mense om kerk by te woon in sogenaamde wit woonbuurte, dus was toegang tot die kerk beperk. Hierdie wet het die groei van die kerk vertraag en tot die gevolg gehad dat sy van haar lidmate moes versaak. Hierdie stap was 'n groot belemmering en bekommernis vir die Katolieke in hulle katoliseringsproses.

Met die implementering van die apartheidswetgewing is gemeentes en veral bruin gemeenskappe uiteen geruk en inderdaad getraumatiseer. Die kerk was ook onderhewig aan bogenoemde raswette wat grotendeels haar lidmaatskap bepaal het, asook die sosio-ekonomiese en politieke rol wat die Rooms-Katolieke Kerk op die gemeenskap kon uitoefen. Die drie Stellenbosse Katolieke gemeentes, te wete die St. Nikolaas-, die St. Markus- en die All Saints-gemeentes, is deur die ontwikkeling van die kerk tot stand gebring.

Die feit dat daar drie Katolieke gemeentes op die selfde dorp was, was nooit 'n probleem solank daar genoeg Dominikaanse priesters was om die lidmate te bedien nie. Sedert die 1980's, toe die Dominikaanse geestelikes gekwyn het, het die Stellenbosse Katolieke Kerk egter begin sukkel. Apartheid en die raswette het 'n uitdaging aan die bruin gemeenskap van Stellenbosch gebied. Die wette het 'n negatiewe uitwerking op die buurte en gemeenskapsontwikkeling gehad het en daarom ook die kerk se werksaamhede negatief beïnvloed.

Teen die agtergrond van die beperkende implikasies wat bogenoemde raswette vir die Katolieke Kerk se werk ingehou het, is die eerste verklaring waarin die kerk haarself teenoor die apartheidstelsel uitspreek, in 1952 gepubliseer. Nog twee verklarings is onderskeidelik in 1957 en 1966 van stapel gestuur. Dit was egter net die begin van die kerk, wat erg onder die raswette gebuk gegaan het, se verwerping van apartheid in 'n Protestantse omgewing soos Stellenbosch. Die werk wat die kerk in die gemeenskap aangepak het, was ook beperk deur die wetgewing. Desnieteenstaande, het dit ook geleenthede vir die kerk geskep om haar rol in die gemeenskap te laat groei en 'n integrale deel van die lewens van Katolieke gesinne te vorm.
Dit is duidelik dat kerkgenootskappe 'n belangrike rol in leke se lewens speel deur spiritueel, prakties en emosionele ondersteuning te bied. Die rol van Rooms-Katolieke Kerk in die bruin gemeenskap van Stellenbosch is egter kompleks en veelsydig. Waar dit aanvanklik een van indirekte inspirasie was, het dit later struktureel en uiteindelik ondersteunend geraak. Onder die apartheidsregering het die kerk die rol van opvoeder, omsiener, informant en gesinsleier

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aangeneem. Die invloed wat die kerk dus op die gemeenskap uitgeoefen het om sodanige rolle te beklee, het haar gemeenskapsbetrokkenheid en sosiale samehorigheid onderstreep.

Die bydrae van die kerk, spesifiek tot die Stellenbosse bruin gemeenskap, is divers en het onder andere Katolieke literatuurverspreiding behels. Daarmee is gepoog om haar volgelinge in te lig en op te voed. Die kerk het ook in primêre, sekondêre en tersiêre onderrig betrokke geraak. Buiten die stigting van Katolieke skole, het die kerk ook gepoog om 'n Katolieke stem in tersiêre opvoeding in te vestig, veral op 'n Protestants-gedomineerde Stellenbosch. Deur haar gemeenskapswerk en liefdadigheidspogings het die kerk die omstandighede van haar bruin lidmate aangespreek. In daardie opsig kan die Katolieke Kerk ook as 'n gemeenskapsontwikkelaar gesien word. Daarby het die Katolieke Kerk ook in haar doel geslaag om die gemeenskap te verbeter ten spyte van regeringsbeleid.

Die rol en bydrae van die Rooms-Katolieke Kerk gedurende die bloeitydperk van apartheid was om gemeenskappe bymekaar te bring, gemeentes te stig, skole te bou en volwassenes ten opsigte van geloof deur Katolieke nuuskoerante en tydskrifte op te voed. Hierdie doelwitte is moontlik gemaak deur buitelandse bronne soos die Dominikane wat in gemeenskappe gewerk en ook tussen die mense wat hulle gedien het, gebly het. Die studie bevestig die siening dat die kerk se ontwikkeling ten gunste van die bruin gemeenskap van Stellenbosch was. Alhoewel die kerk ten opsigte van opvoedkundige ingryping meer ingeperk was deur die apartheidswette, is dit duidelik dat in terme van gemeenskapsbetrokkenheid dit nie die geval was nie. Die ordes van die kerk het alle fasette van gemeenskapslewe geïnfiltreer – geestelik, welsyn, maatskaplik, huishoudelik en onderwys. Die kerk het in essensie deel van die huisgesin geword.

Die gemeenskapsdoelwitte van die Rooms-Katolieke Kerk het egter met die daarstelling van Tweede Vatikaanse Raad in 1962 verander. Die kerk se besef van haar doel en missie het 'n radikaal nuwe perspektief ondergaan en daardeur het haar rol en bydrae verander. Waar die kerk voorheen op haarself, welvaart en voortbestaan gefokus het, sy nou meer begin fokus op die sosio-ekonomiese en politieke omstandighede van die mense wat sy gedien het. Na die aanvang van die Raad, het 'n nuwe ingesteldheid die leke en geestelikes begeester. Individue het meer kritiek teenoor die kerk se doen en late uitgespreek en wou dialoog aanmoedig om die apartheidstelsel te konfronteer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Desnieteenstaande die kerk se nuwe selfbewussyn en doel, het sy eers in die 1970's meer pro-aktief by anti-apartheidsaktivisme betrokke geraak. Dit het minder voordelig en selfs onhoudbaar vir die Katolieke hiërargie geword om die apartheidstelsel te verdra terwyl dit proaktief deur plaaslike Protestantse kerke en selfs op internasionale vlak verwerp is. Baie Katolieke priesters en leke was openlik gekant teen die apartheidstelsel en het vir sosiale geregtigheid en gelykheid begin pleit. Op Stellenbosch kon die belangrike rol van die Katolieke Kerk in hierdie verband waargeneem word, waar sy gemarginaliseerde gemeenskappe ondersteun het deur protes teen die regering te organiseer. Die protes het dikwels tot vervolging van geestelikes deur die owerhede gelei. Alhoewel sekere individue swaargekry het, het dit wel die beeld van die kerk as 'n voorstander van die bevrydingstryd vergroot.

Ander denominasies soos die NGK, asook sleutelfigure soos Aartsbiskop Denis Hurley en Vader Albert Nolan van die Rooms-Katolieke Kerk, het bygedra tot die kerk se aktiewe stryd teen apartheid. Die swart bevrydingstryd, asook ander kerklike en studente-organisasies, het die Katolieke Kerk se pad vorentoe help vorm, siende dat sekere Katolieke lidmate ook deel van hierdie bevrydingsorganisasies was. Daarby moet internasionale druk vanaf die Vatikaan, asook die Katolieke Kerk se finansiële posisie, in ag geneem word as invloede wat die kerk se transformasie na pro-aktiewe optrede teen apartheid bevorder het.

In die studie is ondersoek ingestel na die kerk se rol as agent van transformasie. In hierdie hoedanigheid het die Katolieke Kerk ook bygedra tot die verandering van die samelewing en die gemeenskap. Die kerk het weens interne en eksterne druk haarself dus herbelyn met die bevrydingsmagte wat binne die land aan't werk was en het in eenheidstrewe die afskaffing van apartheid bepleit. Dit was egter Katolieke individue wat betrokke geraak het by organisasies en partye wat die pad van die Katolieke instelling oopgemaak het om as lid aan te sluit. Die kerk het hulpbronne en institusionele ondersteuning gebied wat daarop gerig was om die wonde van apartheid te genees en daarmee saam, om dialoog tussen rasse en etniese groepe te fasiliteer. Daardeur het die kerk as agent van transformasie uitgestaan en haar rol in sosiale geregtigheid en versoening na 1994 gedefinieer.

Hierdie studie het ook gepoog om by te dra tot Stellenbosch se dorpsgeskiedenis, aangesien daar min bronne oor die Rooms-Katolieke Kerk op Stellenbosch gedurende die apartheidsera bestaan. Die studie dra ook by tot algehele geskiedenis van die Katolieke Kerk en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kerkgeskiedenis in Suid-Afrika en lewer ook ’n bydrae deur Katolieke kerkterminologie tot die Afrikaanse kerkliteratuur te voeg.

Die studie poog verder om die ervarings van individue en hulle gemeenskap in die apartheidslandskap te verwoord en uiteindelik hul geskiedenis beter te verstaan. Hierdie begrip is belangrik in die Suid-Afrikaanse konteks waar baie stemme en stories van mense in die periode van apartheid verlore gegaan het. Dit is daarom nodig om in ’n post-koloniale era ook ander perspektiewe te bekom, sodat nie net een beeld voorgehou word wanneer gepraat word van die tydperk tussen 1948 en 1994 nie. Dit is ewe belangrik om die ervarings en herinneringe van individue betyds vas te vang voor dit saam met hulle sterf. Dit word beklemtoon deur die feit dat mev. Maria Jonathan, een van die persone met wie ’n onderhoud gevoer is, kort daarna afgesterf het.

Die vraag onstaan egter waarom die Katolieke Kerk gefaal het in haar sendingswerk in die swart gemeenskap van Stellenbosch, of eerder hoekom die sendingwerk van die bruinmense meer prominent was. Die studie het gepoog om kortliks na elke Rooms-Katolieke gemeente te verwys en waar die swart mense ingepas het. Daar is vlugtig in die studie verwys na die nie-rassige Rooms-Katolieke Kerk van Sint Nikolaas, wat ook in ’n wit buurt geleë is. Die wit Katolieke lidmate het dus by daardie kerk ingeskakel aangesien dit die naaste kerk vir hulle was. Die swartmense het egter nóg by All Saints, nóg by Sint Markus aangesluit. Alhoewel Sint Nikolaas die verste van die swart buurt Kayamandi geleë is, is dit ook die enigste van die drie gemeentes wat ’n gemengde kerk was en die weinige swart lede het hier ingeskakel. Die apartheidswette het dit baie moeilik vir swart- en bruinmense gemaak om kerk te gaan in wit buurte. Min inligting is egter beskikbaar oor die Katolieke Kerk se werk onder die swart gemeenskappe van Stellenbosch en dit skep ’n basis vir verdere studie oor hierdie onderwerp.

Verdere navorsing kan ook gedoen word oor die Katolieke skoolstelsel wat gedurende die apartheidsera ontstaan het, veral Katolieke skole wat as gevolg van die Bantoe-onderwyswet, of weens ’n tekort aan fondse moes sluit. Daarby bestaan daar beperkte dokumentasie rondom die Wet op Kleuringonderwys van 1963 en die toepassing daarvan op bruin skole in die Stellenbosch-omgewing. Die studie het kortliks die impak van die Bantoe-onderwyswet op Katolieke skole in Stellenbosch gedemonstreer, maar verdere navorsing kan moontlik die vraag rondom die Kleuringonderwyswet van 1963 en die impak daarvan op die Katolieke skole in Stellenbosch beantwoord.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kerklike ordes soos die Dominikaanse orde, wat betrokke was op Stellenbosch gedurende die apartheidsera, is eweneens temas wat verdere historiese navorsing regverdig. Die rol en invloed van Katolieke ordes op Stellenbosch is net soos in die geval van die Katolieke Kerk op die dorp nog grootliks onondersoek. Die beperkte beskikbare bronne dui daarop dat die teenwoordigheid van ordes op Stellenbosch nie beperk was tot die Dominikaanse orde nie en skep daarom geleentheid vir verdere ondersoek.

Deur die ontleding van onderhoude wat met individue gevoer is, het dit duidelik geword dat nie-Katolieke die Katolieke Kerk as eksklusief beskou het, veral gedurende die apartheidsera. Alhoewel die studie vlugtig aan die Raad van Kerklike Samewerking geraak het, is ook daar potensiaal vir ’n breër en dieper ondersoek oor Katolieke se samewerking met ander kerke.

Ten slotte kan gesê word dat religieuse instellings ’n kritieke rol in die politieke verandering in Suid-Afrika gedurende die twintigste en een-en-twintigste eeue gespeel het. Dit was onvermydelik dat die Rooms-Katolieke Kerk se doel, rol en bydrae en van dit wat aan die begin van apartheid waargeneem is, moes verander. Dit was nie voordelig vir die kerk, hetsy finansieel of vir haar reputasie om stagnant te bly nie, veral nie ten opsigte van plaaslike geestelike individue wat aktiewe rolle in bevrydingstryd gespeel het nie. Die kontras wat onstaan het tussen individue wat apartheid gekonfronteer terwyl die kerk passief gebly het, was teenstrydig en het nie ’n goeie beeld voorgehou vir potensiële Katolieke nie.

Soos die gemeenskap verander het, moes die kerk ook, aangesien die omstandighede die kerk se rol en doel tot verandering gedwing het. Dit kan wel bevestig word dat die kerk suksesvol was in haar poging tot verandering, gegewe die feit dat die Katolieke Kerk vandag steeds sterk in die Stellenbosse gemeenskap staan.

Die Katolieke Kerk beklee ’n indrukwekkende ruimte binne religieuse en sosiale sfeer van die gemeenskap. Aspekte van die gemeenskap, insluitend die kerk, word vandag steeds deur die erfnisse van apartheid beïnvloed. Soos die Katolieke Kerk voortgaan om te groei en te ontwikkel, is dit belangrik om haar rol in gemeenskapsbetrokkenheid, as opvoeder op primêre, intermediêre en tersiêre valk, netwerker, omsiener en filantroop, informant en leier te koester. Christen-kerke en organisasies het bygedra tot die nasiebou wat gevorder het tot 1994, maar

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die vraag kan egter gevra word of dit nog nodig is dat die kerk in die huidige politiek betrokke moet wees.

Alhoewel die Katolieke kerk baie uitdagings in die gesig gestaar het, moet sy wel geprys word vir haar aanpasbaarheid en ontwikkelingsvermoë, veral op Stellenbosch. Die kerk se betrokkenheid by die apartheidstryd moet wel nie oorskat word nie, maar dit is tog duidelik dat die kerk wit dominasie ondermyn het. In 'n oorheersend Protestantse milieu, was die Katolieke Kerk in Suid-Afrika aanvanklik 'n setlaarkerk en 'n onbeduidende liggaam. Vandag is die kerk egter 'n groot denominasie en is haar teenwoordigheid op plaaslike vlak stewig gevestig.

Alhoewel die kerk deur apartheid benadeel en beperk is, is dit ook as gevolg van apartheid dat haar rol gevorm is en sy prominent geword het. Dit is deur die Groepsgebiedewet dat die kerk ontwikkeling in bruin buurte soos Cloetesville en Idasvallei kon voortsit.

Die toekoms van die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika blyk egter hoopvol te wees. Soos Suid-Afrika voortdurend groei en ontwikkel, is dit die kerk se plig om saam met die tye te groei en moderniseer. Solank die kerk 'n integrale deel van die gemeenskap en nasie bly en deurlopend sal aanpas by veranderende sosio-ekonomiese omstandighede in die Suid-Afrikaanse samelewing, blyk daar hoop te wees vir die Rooms-Katolieke Kerk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bronnelys

6.1 Literatuur

6.1.1 Gepubliseerde Bronne

Abraham, G.: *The Catholic Church and apartheid: the response of the Catholic Church in South Africa to the first decade of Nationalist Party rule 1948-1957*, Ravan Press, Johannesburg, 1989.

Bate, S.: "The church under apartheid", in Brain, J. & P. Denis (eds.), *The Catholic Church in Contemporary Southern Africa*, Cluster Publications, Pietermaritzburg, 1999.

Bate, S.: "One Mission, 2 Churches. The Catholic church 1947-1997", in Brain, J. & P. Denis (eds.), *The Catholic church in Contemporary Southern Africa,* Cluster Publications, Pietermaritzburg, 1999.

Biscombe, H.: (ed.), *In Ons Bloed*, African Sun Media, Stellenbosch, 2006.

Brain, J. B & Denis, P. (eds.): *The Catholic church in contemporary Southern Africa,* Cluster Publications, Pietermaritzburg, 1999.

Brown, W. E, and Michael, D.: *The Catholic Church in South Africa from its origins to the present day,* P. J. Kennedy & Sons, New York, 1960.

De Gruchy, J.L.: *The Church Struggle in South Africa*, David Philip, Cape Town, 1979.

De Gruchy, J.L.: *The church struggle in South Africa, 2nd ed.,* David Philip, Cape Town, 1986.

Denis, P.: *The Dominican friars in Southern Africa: a social history, 1577-1990,* Brill, Leiden, 1998.

Geoghegan, C. Flinter, B & Roe, B. (eds.): *All is Harvest. Celebrating 150 Years of Cabra Dominican Sisters in South Africa, 1863-2013*, Cabra Dominican Sisters, South Africa, 2013.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Giliomee, H.: *Nog altyd hier gewees: Die storie van 'n Stellenbosse gemeenskap*, Tafelberg, Kaapstad, 2007.

Hirmer, O.: *Die Vreugde om Katoliek te wees,* Mariann Hill Mission Press, Mthatha, 2007.

Hofmeyr, J.W.: *History of the church in South Africa: A document and source book,* University of South Africa, Pretoria, 1991.

Hurley, D.E. and Denis, P. (eds.): *Facing the crisis : Selected texts of Archbishop Denis E. Hurley,* Cluster Publications, Pietermaritzburg, 1997.

Magrath, O.: *A first English-Afrikaans Vocabulary of Catholic Terms,* St. Nicholas Priory, Stellenbosch, 1942.

Mayson, C.: *A certain sound: the struggle for liberation in Southern Africa*, Epworth Press, London, 1984.

McCann, O.: *Catholic Archbishop of CPT, Our Beginnings. The Church at the Cape in the early days,* Kolbe Association, Cape Town, 1963.

Mukuka, G. S.: *The other side of the story: The silent experience of the Black Clergy in the Catholic Church in South Africa (1898-1976),* Cluster Publications, Pietermaritzburg, 2008.

Nasionale Party van Suid-Afrika, *Die Erica Theron-Kommissie verslag*, Inligtingsdiens van die Nasionale Party, Johannesburg, 1976.

Ngcokovane, C. M.: *Demons of Apartheid: A Moral and Ethical Analysis of the NGK, NP, and Broederbond's Justification of Apartheid,* Skotaville Publishers, Braamfontein, 1989.

Peters, N. B.: *South Africa, a Catholic perspective,* Pioneer Pub. Co., Fresno, 1991.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Prior, A.: *Catholics in apartheid society,* David Philip, Cape Town, 1982.

Smuts, F.: *Stellenbosch, Drie Eeue: amptelike gedenkbundel,* Stellenbosch Stadsraad, Stellenbosch, 1979.

The Language Committee S.A.C.B.C., *Church Dictionary. Kerkwoordeboek.* K.A.S. Pretoria, 1970.

Villa-Vicencio, C.: *Trapped in apartheid: A socio-theological history of the English-speaking churches*, Maryknoll, Orbis Books, New York, 1988.

Walshe, P.: *Church versus State in South Africa*, Marknoll, New York, 1982.

6.1.2 Ongepubliseerde bronne

Brady, J. E.: "Princes of His People", Unpublished essay, Catholic History Bureau, Johannesburg, 1951.

Davids, T.: "An Anglican Parish in Transformation: The History of St. Margaret's, Parow, 1942-1995", Unpublished MA dissertation, Stellenbosch University, 2013.

Henriques, A, C.: "The Catholic Church in the culture of Apartheid: the case of Catholic laity in Natal (1948-1965)", Unpublished PhD dissertation, University of KwaZulu -Natal, 1996.

Johnson, E. M.:"'n Krities Historiese Waardering van die Ontstaan en die Opkoms van Kleurlingonderwys in die Stellenbosse dorpsgebied tot 1963", Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland, 1986.

Law, L.: "An analysis of the socio-political role of the Roman Catholic Church in contemporary South Africa", Unpublished PhD dissertation, University of Cape Town, 1991.

Rock, D.: "The Location shall be called Kaya Mandi: A History of Kaya Mandi", Unpublished PhD dissertation, University of Stellenbosch, 2011.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Theron, E.: “Die geskiedenis en aksie van die Rooms-Katolieke kerk, veral in die Unie van Suid-Afrika”, Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1958.

6.2 Joernaalartikels

Ammerman, N.T.: “Congregation and community”, *Sociology of religion,* 58, 3, Rutgers University Press, London,1999.

Clarke, V and Braun, V.: "Thematic analysis", *The Journal of Positive Psychology*, 12, 3, 2016.

Cochrane, J.: “Christian Resistance to Apartheid: Periodisation, Prognosis", in *Christianity Amidst Apartheid*, Palgrave Macmillan, London, 1990.

Collins, C. B. and Gillespie, R. R.: “Catholic education in South Africa: A history of compromise and coincidence”, *Journal for the Study of Religion*, 7, 1, 1994.

De Gruchy, J.: "The contest for reformed identity in South Africa during the church struggle against apartheid", *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 54, 3&4, 2013.

Denis, P.: "Archbishop Denis Hurley's strange silence on apartheid at Vatican II", *Ephemerides Theologicae Lovanienses* 89, 4, 2013.

Denis, P.: “The archives of the Catholic Church in South Africa”, *Journal of the Eastern and Southern Africa Regional Branch of the International Council on Archives*, 37, 2018.

Giliomee, H.: "The making of the apartheid plan, 1929-1948", *Journal of Southern African Studies*, 29, 2, 2003.

Hurley, D. E: "The Catholic Church and Apartheid", *Africa Report*, 28, 4, 1983.

Kuperus, T.: "The political role and democratic contribution of churches in post-apartheid South Africa", *Journal of Church and State*, 53, 2, 2011.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Lalloo, K.: "The church and state in apartheid South Africa", *Contemporary Politics,* 4, 1, 1998.

Masuku, T.: "Prophetic mission of faith communities during apartheid South Africa, 1948-1994: an agenda for a prophetic mission praxis in the democratic South Africa", *Missionalia*, 42, 3, 2014.

Pauw, M.C.: "Ecumenical cooperation at the grass roots. An evaluative case study involving the council for church cooperation in Stellenbosch", *Missionalia: Southern African Journal of Mission Studies*, 24, 2, 1996.

Pillay, J.: "The church as a transformation and change agent", *HTS: Theological Studies*, 73, 3, 2017.

Randall P.: "Apartheid and the Church: Report of the Spro-Cas Church Commission", *Christian Institute of Southern Africa*, 8, 1972.

6.3 Periodieke publikasies

Catholic News Bulletin, Des 2017.

Die Brug, Mei 1960.

Die Matie, Jan 1976, Sept 1987, April 1990.

Eikestadnuus, Mei 1961, Sept 1964.

Inter Nos, Maart 1988.

Rand Daily Mail, Jan 1982.

Seek, Mei 1978.

The Argus, Des. 1974, April 1988.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

The Cape Times, Des. 1988.

The Southern Cross, Des 1946, Mei 1948, Julie 1949, Okt 1950, Febr – Sept 1951, Okt 1954, Nov 1955, Jan-Nov 1960, April 1969, Mei 1975, Sept 1976, April 1978, Nov 1990.

Weekly Mail, Jan 1989.

6.4 Internetbronne

Coloured Persons Education Act, no. 47 of 1963 soos gesien in Die *Gazette*, 4 Desember 1963, https://gazettes.africa/archive/za/1963/za-government-gazette-regulation-gazette-dated-1963-12-04-no-661.pdf [Besoek op 27 Augustus 2023].

G.L. de Kock & J. Brand, *Historiese dorpsbeeld van Stellenbosch,* https://journals.co.za/doi/pdf/10.10520/AJA10113053_520 [Besoek op 25 Augustus 2023].

http://stjosephdbn.co.za/files/December2017.pdf [Besoek op 2 Februarie 2023].

http://www.catholic-dbn.org.za/wp-content/uploads/2018/02/history-of-sa-church-bicentenary.pdf [Besoek op 6 Januarie 2021].

https://adct.org.za/history/ [Besoek op 20 April 2023].

https://dominicanfriars.org/about/history-dominican-friars/ [Besoek op 12 Augustus 2023].

https://dominicansisters.com/who-we-are/ [Besoek op 2 Augustus 2023].

https://eprints.soas.ac.uk/29552/1/10731708.pdf. P.27 [Besoek op 2 Augustus 2023].

https://journals.co.za/doi/pdf/10.10520/AJA10113053_520 [Besoek op 25 Augustus 2023].

https://kairossouthernafrica.wordpress.com/2011/05/08/the-south-africa-kairos-document-1985/ [Besoek op 5 Augustus 2023].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

https://langhamliterature.org/blog/an-overview-of-south-african-church-history [Besoek op 6 Januarie 2021].

https://omalley.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv01538/04lv01828/05lv01829/06lv01843.htm [Besoek op 14 Maart 2021].

https://peacemaker.un.org/sites/peacemaker.un.org/files/ZA_HarareDeclaration-21Aug_1989.pdf [Besoek op 5 Augustus 2023].

https://sacbc.org.za/history-of-the-catholic-church-in-southern-africa/ [Besoek op 17 April 2023].

https://southafrica.co.za/history-stellenbosch.html [Besoek op 20 April 2023].

https://uir.unisa.ac.za/bitstream/handle/10500/13137/Egan.pdf?sequence=1&isAllowed=y [Besoek op 20 April 2023].

https://uir.unisa.ac.za/bitstream/handle/10500/4506/Mukuka-revisedarticleSHE2008XXXIV(1)-July2008.pdf?isAllowed=y&sequence=1 [Besoek op 6 Februarie 2023].

https://www.britannica.com/topic/Coloured [Besoek op 19 Junie 2021].

https://www.netwerk24.com/netwerk24/st-idas-celebrates-80-years-at-library-20190918-2 [Besoek op 30 April 2023].

https://www.researchgate.net/publication/311801765_Thematic_analysis [Besoek op 15 Junie 2021].

https://www.sahistory.org.za/article/bantu-education-and-racist-compartmentalizing-education [Besoek op 27 Augustus 2023].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

https://www.scross.co.za/2017/11/cabra-dominican-sisters-celebrate-150-years-with-them/ [Besoek op 14 Julie 2023].

https://www.scross.co.za/2018/06/a-timeline-of-catholicism-in-south-africa/ [Besoek op 17 April 2023].

https://www.southworld.net/south-africa-the-catholic-church-in-search-of-a-new-presence/ [Besoek op 17 April 2023].

https://www.stellenboschcatholicchurch.org.za/index.php?p=26 [Besoek op 19 Junie 2021].

https://www.sun.ac.za/english/Documents/Unsorted/Die%20Vlakte%20-%20English.pdf [Besoek op 15 Maart 2023].

https://www.theheritageportal.co.za/article/schroder-house-oldest-documented-dwelling-south-africa [Besoek op 20 April 2023].

https://www.timeslive.co.za/news/south-africa/2017-11-15-that-parking-lot-was-my-home-stellenbosch-man-revives-interest-in-area-demolished-under-apartheid/ [Besoek op 14 Maart 2023].

https://www.vaticancitytours.it/blog/hierarchy-of-the-catholic-church/ [Besoek op 12 Augustus 2023].

Inter Nos, https://www.scross.co.za/2021/01/a-history-of-catholic-press/ [Besoek op 17 April 2023].

Mukuka, G.: *"The establishment of the Indigenous Catholic Clergy in South Africa: 1919-1957*, *https://uir.unisa.ac.za/bitstream/handle/10500/4506/Mukuka-revisedarticleSHE2008XXXIV(1)-July2008.pdf?isAllowed=y&sequence=1* [Besoek op 7 Mei 2023].

SACBC, "Statement on Apartheid", *The Bishops Speak,* Vol. 1, 1952-1966, http://sacbcoldsite.org.za/the-bishops-speak/ [Besoek op 5 Augustus 2023].

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

SACBC, *XVII,* "Declaration of commitment on social justice and race relations within the church", 1977, pp.1-2, http://sacbcoldsite.org.za/the-bishops-speak/ [Besoek op 5 Augustus 2023].

The "Battle of Andringa": violently separating Stellenbosch, https://www.sahistory.org.za/dated-event/battle-andringa-violently-separating-stellenbosch [Besoek op 30 April 2023].

https://www.macrotrends.net/cities/22481/cape-town/population [Besoek op 22 November 2023].

6.5 Argivale Bronne: Ongepubliseerd

Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (NSLA)

NSLA, 1988-2006: Centenary Congress, St. Mary's Cathedral, 1851-1951: Establishment of the Hierarchy, January 1951, National Catholic Congress 1951: Centenary Congress of St. Marys Cathedral, St Mary's Cathedral, Cape Town.

NSLA, A.P.326.323.35 ROM, Catholic Church, "Statement on apartheid", Southern African Catholic Bishops' Conference, Pretoria , 1957.

NSLA, Roman Catholic Church and Southern Africa; A series of essays: Published to commemorate the establishment of the hierarchy in South Africa, 1951, The Archdiocese of Cape Town, Galvin & Salves Ltd., Cape Town.

Wes-Kaapse Argief en Rekords Diens (WKARD)

WKARD, Kaapstad 3/STB, 1/1/1/97, Minutes, 1950: T.C.6/4, 27 June 1950, "Housing Schemes".

Nederduits Gereformeerde Kerkargief Stellenbosch (NGKAS)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

NGKAS, Stellenbosch, Kerkraad kommissie, Gemeensteversameling Stellenbosch notule, 10 Feb 1947 te Moederkerk.

NGKAS, Kerkraad vergadering, Verslag van die sendingskomitee op 12 Mei 1947, p. 312.

NGKAS, Stellenbosch, Sinode VGKSA Kaapland, Kommisie: Raad vir Kerklike Samewerking Stellenbosch (RKSS), 1980-1996.

Verenigde Gereformeerde Kerkargief (VGKSA)

VGKSA, Stellenbosch, Sinode Kaapland, Kommisie: Raad vir Kerklike Samewerking Stellenbosch (RKSS), P.I.C.K Leraar, notules van vergadering 8 Maart 1990 te Idasvallei.

Rooms-Katolieke Kerk Argief, Kaapstad (RKKAK)

RKKAK, 95 S 8/1, Brief: Bede Jarrett to Bishop O'Reiley, New York, 20 March 1930.

RKKAK, Stellenbosch/Idas Vally (Cloetesville), 57/164, Brief: Suster Clare Harkin O.P, aan Aartsbiskop, 30 Nov 2003.

RKKAK, Brief, Vicar of the English provincial O.P in SA Biskop O'Reiley, 8 April 1943.

RKKAK, Dominican Fathers. "Not so Trivial a tale, A memoir of Nicholas Francis Humphreys O.P. 1890-1975" chapter Viii, Collected & Edited by D.M & F.S. 1977, p. 50.

RKKAK, Dominican Topics, 10/3, February 1971, p. 15.

RKKAK, Eerwaarde Vader Arnold Diephuis OP Priester -in-bevel van Dominkanersklooster Sint Nikolaas, Die department van Gemeenskapsbou, Kaapstad, 1 Maart 1973.

RKKAK, Brief: Derric Knight aan Rev. Fr. D. Baird (Episcopal Vicar for development, 17 November 1986.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

RKKAK, Fr. David J Rowles aan Aartsbiskop, 26 April 1988.

RKKAK, Monsignor Rigenald Cawcutt Vicar Generaal, koop van eiendom deur Mr Francisco Paulo Da Canha en vennoot Mr Ribeiro, 21 Junie 1989.

RKKAK, Brief: Vader David J Rowels aan Vader J.D. Baird, 11 Maart 1986, "Emmaus House".

RKKAK, Persverklaring oor gedwonge verskuiwing 21/1987, van en deur die Algemene Sekretariaat van die Suid Afrikaanse Katolieke Biskopsraad, Van Noel Bruyns, Information/Press Office, 8 May 1987.

RKKAK, Brief van Vader David Rowles aan Aartsbiskop, 6 Maart 1987.

Rooms-Katolieke Kerk Argief, Stellenbosch (RKKAS)

RKKAS, Sint Markus, Nuusbrief, 1974.

RKKAS, Sint Nikolaas , H.N.Vos, with the assistance of J Boshoff, "The Kromme Rivier Site: Structural Evolution of the 1771 Building, Aug 1983 (nr. 3). Historical Archeology report", Research Centre for Historical Archaeology, 6.4, Phase 4, 1930-1989.

RKKAS, Sint Markus, Ds Simon Admas (voorsitter) namens die Uitvoerende Komitee van die Raad van Kerklike Samewerking – Ope Uitnodiging, 9 Augustus 1993.

RKKAS, Sint Markus, Fourth Application 1946, "Roman Catholic Missions School, Ida's Valley, Stellenbosch", 13 March 1946, pp.1-2.

RKKAS, Sint Markus, Inspeksieverslag, Administrasie van Kleurlingsake, K.H.B Laubscher, verwysingsnommer: E.1/2/293, Bellville, 13 April 1973, p. 2.

RKKAS, Sint Markus, Memorandum re: St Ida's Roman Catholic (non-European) School, Ida's Valley, Stellenbosch, July 1945, pp.1-2.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

RKKAS, Sint Markus, School Administration Board Constitution, p.1.

RKKAS, "Re: Archdiocesan Pastoral Consultation", Brief aan Vader John Bartmann, 31 Augustus 2001.

RKKAS, Sint Markus, Annual Report: Parish of Stellenbosch, 30th June 1962.

RKKAS, Sint Markus, Annual Report: Parish of Stellenbosch, 30th June 1963.

RKKAS, Sint Markus, Annual Report: Parish of Stellenbosch, 30th June 1969.

RKKAS, Sint Markus, Annual Report: Parish of Stellenbosch, 30th June 1955.

RKKAS, Sint Markus, Annual Report: Parish of Stellenbosch, 30th June 1962.

RKKAS, Sint Markus, Annual Report: Parish of Stellenbosch, 30th June 1979.

RKKAS, Sint Nikolaas, parogieblad, Maart 1941.

RKKAS, Sint Nikolaas, parogieblad, Nov-Des 1946.

RKKAS, Sint Nikolaas, parogieblad, Julie 1945.

.

RKKAS, Sint Nikolaas, parogieblad, Julie 1953.

RKKAS, Stellenbosch St. Nicholas *plus property documents (165), Report written by Father Hildebrand James OP in January 1951 at the request of the Bishop, 1839 – 1951.

RKKAS, Stellenbosch St. Nicholas *plus property documents (165), Brief: Derrick Knight aan Vader J.D. Baird, 17 November 1986.

6.6 Privaatonderhoude

Mnr. Joseph Martin Daniels– N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Prof. Henry Mbaya – N. Osborne 13 Oktober 2020, Stellenbosch

Mev. Virginia McDilling – N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch.

Mev. Maria Magdalena Jonathan – N. Osborne, 31 Oktober 2022, Stellenbosch.

Mev. Caroline Newman – N. Osborne, 12 November 2022, Stellenbosch.

Mnr. Edward Gonzalves – N. Osborne, 23 Januarie 2023, Stellenbosch.

Mev. Lorna Africa – N. Osborne, 13 Augustus 2022, Stellenbosch.

Mnr. Bryan Adams – N. Osborne, 18 November 2022 en 2 Junie 2023, Stellenbosch.

Mev. Shirley Saldanah – N. Osborne, 19 November 2022, Stellenbosch.

Mev. Bereneace Katts – N. Osborne, 26 Januarie 2023, Stellenbosch.

Vader Wim Lindeque – N. Osborne, 20 Oktober 2020, Stellenbosch.

Suster Claire Harkin – N. Osborne, 17 Maart 2023, Stellenbosch.

Mev. Levena Joseph – N. Osborne, 26 Januarie 2023, Stellenbosch.

Mev. Marcia Osborne – N. Osborne, 26 Januarie 2023 en 9 Junie 2023, Stellenbosch.

Mev. Daphne Adams – N. Osborne, 18 November 2022 en 2 Junie 2023, Stellenbosch.

Ds. Jaco Coetsee – N. Osborne, 22 November 2022, Stellenbosch.

Mev. Margaret Festus – N. Osborne, 9 Junie 2023, Stellenbosch.

Mnr. John Pieters – N. Osborne, 9 Junie 2023, Stellenbosch.

Vader Angus Osborne – N. Osborne, 26 Augustus 2023, Stellenbosch.